

KLEURLING-AFRIKAANS

DIE TAAL VAN DIE GRIEKWAS
EN REHOBOTH-BASTERS

DEUR

DR. J. H. RADEMEYER

N.V. SWETS & ZEITLINGER — BOEKHANDEL EN
UITG. MIJ. — AMSTERDAM — 1938

439.367
RAD

KLEURLING-AFRIKAANS

AUSPICIS UNIVERSITATIS PRETORIENSIS



KLEURLING-AFRIKAANS

DIE TAAL VAN DIE GRIEKWAS
EN REHOBOTH-BASTERS

DEUR

DR. J. H. RADEMEYER

N.V. SWETS & ZEITLINGER — AMSTERDAM — 1938

INHOUD.

Hoofdstuk	Bls.
Inleiding	5—12
1. Die Griekwas en Basters; Etnografie . .	160—163
2. Kreoolse Tale	13—28
3. Fonetiese Afwykinge van die Algemeen- Beskaaf	29—38
4. Morfologie van die Taal van die Kleur- linge	39—56
5. Sintaksis	57—68
6. Woordgebruik; Invloed van Engels; Uit- drukings (die Griekwas)	69—88
Woordgebruik; Invloed van Hollands; In- vloed van Duits (Die Rehoboth-Basters) .	89—107
Aanhangsel I	107—124
Aanhangsel II	125—130
Aanhangsel III	131—138
Woord en saakregerister	139—151
Geraadpleegde werke	152—159

INLEIDING.

Dit was met 'n sekere mate van huiwering dat ek die onderwerp wat in die volgende bladsye behandel word, aangedurf het. Daar bestaan so goed as geen literatuur oor nie, sodat die skrywer alleen die blaam moet dra vir al die gebrekkige wat noodwendig so'n eerste poging sal kenmerk.

Wat ek my hier ten doel stel is die bespreking van die taal van die Suid-Afrikaanse kleurling,¹⁾ insonderheid die van die Griekwas van Oos- en Wes-Griekwaland en die van die Basters van Rehoboth. Hierdie kleurlinge praat almal 'n soort van vervormde Afrikaans²⁾ en dis hierdie tipe van Afrikaans wat ek so getrou moontlik wens weer te gee. As norm sal dien die Algemeen-Beskaafde taal van Suid-Afrika en voortdurend sal hierna verwys word ter vergelyking.

Die kleurlinge is nie analfabete, soos 'n mens miskien van so'n agterlike klompie wesens sou verwag nie, of laat ek lievers sê, daar is 'n groot aantal onder hulle wat die pen beter hanteer as baie van die minder bevoorregtes onder ons eie volk. Dit is in alle geval die gevolgtrekking waartoe 'n mens kom na allerlei geskrifte van hulle onder oë te gehad het, veral die van die jonger geslag. In die offisiële stukke van vroeër tyd, d.w.s. toe die Griekwas en Basters nog hulle eie regeringsvorm gehad het, was die enigste erkende skryftaal „Hoog-Hollands”; ook in hulle private korrespondensie. Vandag nog is daar in gewone vriende- of fa-

¹⁾ Deurgaans gebruik ek hierdie woord vir diegene met gemengde bloed, d.w.s. vir die nakomelinge van inboorling en Europeaan. Vgl. hoofstuk I vir hulle herkoms en geskiedenis.

²⁾ Waar in die vervolg van Afrikaans gepraat word, word bedoel Algemeen-Beskaaf (AB.).

miliebriefe 'n poging om so'n goeie Hollands moontlik te skryf, laat dit nou krioel van „ik zyn” 's en „wij heeft” 's. So hier en daar skemer daar iets deur van die gesproke taal, dog nie genoeg om 'n mens selfs 'n vae idee van die lewende taal te gee nie. Om hierdie rede sal die geskrewe taal hier nie ter sprake kom nie en voorbeelde daarvan, met 'n enkele opmerking ter verduideliking of vergelyking, slegs by wyse van aanhangsel gegee word.

Aangesien die twee vorme van Afrikaans deur die Griekwas en Basters respektieflik gepraat so'n noue ooreenkoms vertoon, sal hulle in die hierop volgende uiteensetting waar agtereenvolgens sal behandel word a) die klanke, b) die vorme, c) die sinsbou en d) die woordeskat, uitdrukkings, ens. saam bespreek word wat betref punte a), b) en c). Dit wil natuurlik nie sê dat hulle taal so danig verskil ten opsigte van punt d) nie. Inteendeel. Dit word slegs gedoen omdat onder die Griekwas 'n aantal woorde en uitdrukkings opgeteken is wat onder die Basters onbekend of minder gebruiklik is en omgekeerd.

As nou gevra word watter waarde die studie van die kleurlingtaal vir ons kan hê, dan kan hier alleen op geantwoord word: vir die taalwetenskaplike is geen taal ter wêreld, hoe onbeduidend ook, te gering om te ondersoek nie. In Europa word daar besonder baie werk gemaak van dialektstudie, veral in die laaste jare, terwyl ons taalwetenskap hier in Suid-Afrika ten opsigte van dialekondersoek, in die woorde van van Ginneken „ziende-blind, ver-oostindisch-doofd, ver-struisvogel-politiek” is. Ja, vooraanstaande taal-liefhebbers kan nou eenmaal nie insien dat sodanige studie enige waarde kan hê nie, alhoewel jy as baie onkundig sou bestempel word as jy nie weet dat daar onlangs 'n nuwe ster, Nova Pictoris, ontdek is of dat Zimbabwe oorspronklik gebou is deur 'n nasie afkomstig uit Indië(?) nie!

In 'n jong land soos Suid-Afrika *moet* ons rekening hou met die kleurlinge, nie alleen omdat hulle 'n dialektiese Afrikaans praat en om die rede die voorstander van Afrikaans se aandag behoort te geniet nie, maar ook omdat hulle deur hulle posisie en werkkring faktore is wat 'n gewigtige rol speel in die vervorming van ons taal, sy dit ook slegs in

sekere dele van ons land. Ons hoef slegs 'n reis te maak deur Boesmanland of Namakwaland om van die waarheid hiervan oortuig te word. Dink ons verder aan die betekenis van vergelykende taalstudie waardeur soveel nuwe lig gegooi word op allerlei verskynsels in die taal wat miskien vir eeue onverklaard gebly het, dan kan ons onself afvra: hoe is dit moontlik dat die taalyweraars van hierdie land nog niks of so goed as niks gedoen het om die kleurlingtaal nader te ondersoek nie? Mnr. von Wielligh het, weliswaar, baanbrekerswerk verrig met sy *Ons Geselstaal*, dog 'n deegliker en wetenskapliker ondersoek nie alleen in verband met gewestelike afwykinge nie, maar ook in verband met die dialektiese Afrikaans van die kleurlinge, sal ten volle die moeite en onkoste regverdig.

In sy *Zielkundige Verwickelingen*¹⁾ toon die Nederlandse geleerde, Jac. van Ginneken, o.a. aan van watter waarde versamelinge van spreekwoorde uit die dialekte is om die psigologiese geskiedenis van die Nedl. spreekwoorde te verklaar, maar „ook de *grammatische vraagstukken*”, sê hy, „tot nu toe met een zekere soort willekeur ten onzent behandeld vinden pas in het licht der verschillende dialectische grammatica's hun eenig ware, gewoonlijk vrij plooibare oplossing.” Hoe verskillend die kwessie van die geslagte by die selfstandige naamwoord en die vervoeging van die werkwoord in die dialekte! „De zin- en constructieeler”, gaan hy voort, „brengt ons alweer eenzelfde beeld van betrekkelijke eenvoud en kleurigheid ter eene, en een onoverzienbare veelheid maar vaalheid ter andere zijde. Hoe de syntaxis der dialecten vaak hemelsbreed van het AlgemeenBeschaafd afwijkt, hebben ons vooral Duitsche onderzoekers bewezen, waaronder vooral Weise en Schiepel moeten genoemd worden. Ten onzent is hieraan nog zoo goed als niets gedaan. En toch, wat een materiaal ligt hiervoor niet te wachten, denk b.v. slechts aan de syntactische eigenaardigheden van het Friesch. Maar ook het Vlaamsch en het Brabantsch spreken hierin hun woordje mee. Of is het eigenlijk geen schande, dat om van een paar eng beperkte onderzoekingen

¹⁾ *Zielkundige Verwickelingen* 4, *Nederlandsche Dialectstudie* 3. Utrecht—Nijmegen 1923, bl. 26.

te zwijgen, de Nederlandsche syntaxis sedert Brill in 1860 eigenlijk geen noemenswaardige vordering heeft gemaakt. En hier gelijk overal is weer de reden, dat er eigenlijk — zoolang men zich tot de traditionele verstijfde literatuurtaal beperkte — niets nieuws meer te vinden was. Gaan wij echter grasduinen in de springlevende dialecten met hun impromptu-zinbouw, o, dan is er ineens aan nieuwe vondsten geen gebrek. Voor het kortaangebundene, deftiger gezegd: het kort-en-bondige van hun zinbouw verwazen alle ellipstheorieën tot blauw-blauw. Causale partikels en conjuncties ontpoppen zich als concessieve; directe en indirecte rede spelen op de wonderlijkste wijzen in elkaar. De woordschikking vertoont een sans gêne van uitroepen, en pas later invallende bijvoegsels, een mengeling van onder- en nevenschikking, een verschuiving van syntactische functies, en een omschakeling van groepen, waar de logica van gruwet. En in den snedigen verhalersmond glijden die zinnen door elkaar tot wondere anakoloeten, maar waarin de invoeling beeft, een aanschouwing opstraalt, de verrassing lacht, of de ironie smult van binnenvetters. Daar treft men verzwijgingen en afbrekingen, naast een opborreling van synoniemen uit louter drang naar er-op-los-praten. Daar allitereert en rijmt het opeens onverwacht. Daar ratelt het van wondere cadenzen en slotclausulen. o, daar zingt een vogeltje van een vrije ziel zijn liedje uit, gelijk het gebekt is.

En pas als we deze vrije dialectische spreektaal syntactisch — maar fijnvoelend asjeblijft en niet catalogus-achtig — hebben onderzocht, en in haar wondere kunstgrepen hebben leren verstaan, kunnen we de syntactische vrijheden van een Gorter, en een Querido, ja ook van een Boutens en een Lodewijk van Deyssel met klaar bewustzijn navoelen en indrinken, tot wij er zielsgelukkig mee zijn.”

Ek het opsetlik breedvoerig aangehaal uit die werkie van van Ginneken, omdat hierin met soveel gloed en oortuiging aangetoon word wat die waarde is van dialekondersoek en wat daar te lere val uit sodanige ondersoek. Wel is die posisie, wat betref dialekte, heeltemal anders in Suid-Afrika as in Europa, en het ons nog nie 'n Gorter, 'n Querido, 'n Boutens of 'n van Deyssel nie, tog wil dit nog nie sê dat die

dialektiese Afrikaans van die kleurling, die Boesmanlander en die Namakwalander nie ons aandag werd is en dat die ondersoek daarvan blote tydverkwisting sou wees nie. Nee, alle sentiment daargelate, vir 'n grondige studie van die beskaafde taal is die opspoor en ondersoek van alles wat daarmee in verband staan, iets wat so vanselfsprekend is dat dit onnodig is om dit hier verder te beklemtoon.

Metode van Onderzoek.

Dit lê voor die hand dat daar allerlei moeilikhede is in verband met ondersoekingswerk soos die waarvan hierdie werk die uitkoms is: nie alleen woon die kleurlinge in die mees afgeleë dele van ons land, sodat hulle moeilik te bekom is nie, maar selfs wanneer 'n mens eenmaal aangekom het op die een of ander plek wat moet dien as arbeidsveld, is sy taak alles behalwe maklik. Veral was dit my ondervinding op Rehoboth. Die doel van jou ondersoeking (of nuuskierigheid!) kan die Rehobother nou eenmaal nie verstaan nie. Wat kom jy vir so'n lang tyd onder hulle soek as jy nie 'n geheime „gormintsagint” is nie? Kortom, jy word met die grootste agterdog bejeën en is jou poginge om 'n gesprek uit te lok nie altyd juis 'n volslae sukses nie. Daar is egter enkeles wat die doel van jou besoek begryp — as jy lank genoeg duidelik gemaak het.

In die begin tas 'n mens 'n bietjie in die duister rond en weet jy niet presies hoe om jou werk aan te pak nie, dog al gou leer jy hoe om met die kleurling om te gaan en wat die beste wyse is om die nodige informasie uit hom te kry. Op Kokstad, die eerste plek deur my besoek, het ek spoedig tot die ontdekking gekom dat die jonger geslag so'n mengelmoes van Afrikaans en Engels praat dat ek dit raadsaam geag het om my te bepaal by die ouer geslag, want hoeseer hulle taal ook mag afwyk van die AB., dit is in alle geval nog min of meer vry van allerlei -ismes. Verder het ek beseft dat die ouer geslag langsamerhand aan die uitsterf is en met hulle ook die taal soos dit naasteby in die vorige eeu gepraat is. Op die volgende plekke, nl. Griekwastad, Rehoboth, Philippolis en Fauresmith het ek mij eweneens by die oueres bepaal.

Navraag word gedoen waar die oudstes woon en een na die ander word hulle dan besoek. Allerlei gesprekke word aangeknoop in verband met die vroegste dae op die dorpie, jagawonture, taalverskynsels of wat dies meer sy en vlugtige aantekeninge gemaak. Is die fooi wat jy in die hand druk groot genoeg, dan is die bejeëning bij 'n volgende geleentheid baie vriendeliker! Owerigens staan jy maar ongemerk en toeluister na hulle gesprekke in die winkel, op straat, by die mark of waar dan ook. Nie selde nie word, wat 'n interessante onderhoud kon gewees het, skielik afgebreek deur die feit dat potlood en papier voor die dag gehaal word! Op Rehoboth bv. het ek dae lank probeer om een van die oudste inwoners te beweeg om my 'n tweede onderhoud toe te staan, dog sonder sukses, want die man wat aantekeninge maak as jy gesels, kan onmoontlik eerlike bedoelinge hê!

Baiemaal kry 'n mens 'n goeie kykie in die sielelewe van hierdie beklaenswaardige wesens: die hele familiegeskiedenis, met al die onaangename wat daaraan mag kleef, word jou van A tot Z meegedeel; selfs word jou gevra om 'n ontroue skoonseun teen skemeraand by 'n verdagte huis te gaan dophou, of anders om onder bedekking van die nag stilletjies 'n bottel brandewyn deur te smokkel! Dan weer kom die openhartige verklaring van 'n oorbeleeftde dogter dat sy nie die handelwyse van die „snaakse Diesman” kan verstaan wat hom alleen met die oumense ophou nie!

Ek het heelwat moeite gedoen om ook 'n idee van die geskrewe taal te kry. Sekere oues het nog allerlei ou geskrifte in hulle besit, dog word hulle gevra om jou die te laat insien, dan word daar honderd-en-een redes aangevoer waarom soiets onmoontlik is. Die outoriteite op Kokstad en Rehoboth egter het my goedgunstiglik allerlei ou dokumente, briewe, ens. ter insage gegee, en hiervan vind ons voorbeelde in die aanhangsels.

Die uiteensetting wat volg, berus feitlik alles op eie waarneming. In hoever dit 'n troue weergawe is van die taal van die kleurlinge, sal die beste kan oordeel diegene wat jarelank met hulle omgegaan het en dus beter geleentheid gehad het om allerlei eienaardighede op te merk wat noodwendig by betreklik vlugtige besoeke nie moontlik was nie.

Dis 'n verbasende groot veld wat hier nog braak lê en die ontginning daarvan 'n reuse-onderneming. Baie kan gedoen word deur die Universiteite of die Akademie om ten minste die bal aan die rol te sit. Om mee te begin kan 'n drietal bevoegde persone aangestel word met hoofkwartiere respektieflik op Kokstad, Griekwastad en Rehoboth. Die hele omliggende gebied word stelselmatig bearbei en vir 'n twee of drie jaar soveel materiaal versamel as moontlik. Gaandeweg word die stof gerangskik onder sekere hoofde, soos bv. fonetiese en sintaktiese eienaardighede, en die uiteindelijke verwerking en sistematisering daarvan opgedra aan een of meer verantwoordelike persone. Word gevind dat hierdie onderneming geregverdig is, dan kan ook die ander uitgestrekte gebiede soos Boesmanland en Namakwaland langsaamerhand bearbei word. 'N alternatief is die wat van Ginneken aan die hand gee, nl. 'n dialek-tydskrif in die lewe roep en mense van alle dele van die land daarvoor interesseer. Die materiaal daarin opgeneem moet nie bestaan uit „saaie woordelyste” en „taaie bibliografieë” nie, maar moet populêr-wetenskaplike waarde hê, sodat dit deur so'n groot moontlike kring gelees sal word. As bydraers sal veral dien die onderwysers en leraars in die dialeksprekende sentra.

Kan ons hoop dat in Suid-Afrika sodanige tydskrif die lig mag sien?

My beskouing omvat die hele taal van die kleurling. Wil 'n mens hierdie taal nader ondersoek, dan sal elke onderafdeling daarvan waarskynlik soveel plek beslaan as die deur die hele hier in beslag geneem. En hoeveel belangrike punte word glad nie eers aangeroei nie. Laat my maar een noem: die Hottentotse substraat. Vir hoeveel eienaardighede in kleurling-Afrikaans is die taal van die Hottentotte miskien nie verantwoordelik nie. Dit sal ons nie weet voor en aleer daar nie 'n deeglike studie van Hottentots gemaak is nie. Watter nuwe lig sal moontlik nie deur sodanige studie gegooi word nie op allerlei verskynsels wat op die oomblik nog duister en onverklaarbaar is.

Die kleurlingtaal van ons land het tot dusver nog so goed as geen aandag geniet nie en het nog maar altoos gedien vir een doel: om te amuseer! Dat die kleurling sy gedagte

soms op heel komiese wyse kan uitdruk, dat sy beskrywinge aan oorspronklikheid soms niks te wense oorlaat nie en dat hy dikwels gebruik maak van uitdrukkinge en wendinge wat vir die blanke vreemd is en *dus* bereken om die lagspiere te prikkel, dit weet ongeveer elke blanke inwoner van die land. Dat sy taal egter die moeite werd is om te ondersoek, dit sal maar weinig erken en jou toegee.

Ek wil alleen hoop dat hierdie werkie as spoorslag sal dien vir diegene wat die geleentheid daartoe het om voort te gaan op die hier aangeduide weg.



HOOFSTUK I.

DIE GRIEKWAS EN BASTERS; ETNOGRAFIE.

§ 1. Die eerste outentieke geval van rassevermenging ¹⁾ is van die jaar 1666, as Pieter van Meerhof in die huwelik tree met Eva, 'n Hottentottin, wat vroeër in diens was van die Kommandeur, en daar nogal op rojale wyse fees gevier word by hierdie geleentheid op koste van die Kompanjie. Sulke gemengde huwelike was in die dae dan ook niks buitengewoons nie. ²⁾ As selfs 'n sendeling ³⁾ in later jare met 'n Hottentotvrou trou, hoef dit ons niet te bevreesd nie, want dit sou help om die verstandhouding tussen Europeane en inboorlinge te verbeter!

§ 2. In *The South Africans* gee S. G. Millin ons 'n raak beskrywing van hoe die kleurling in die lewe geroep is: „The coloured man is the fruit of the vice, the folly, the thoughtlessness of the white man.

In the old days — taking one aspect of the matter — there were colonists who, like the Biblical patriarchs or monarchs, had their official and unofficial households, their white wives and their Hottentot handmaids. But they used their slave-women as Abraham used Hagar rather than as Solomon used the Shulamite. The association was devoid of lyricism. No Hottentot girl ever preened before her white

¹⁾ Tussen Europeaan en inboorling word hier bedoel. Vgl. die „*Report of the Rehoboth Commission*”, bl. 17; en die tydskrif *Genetica*: „Hybridization among Human Races in South Africa,” *passim*.

²⁾ Sien, *passim*, die lys van „Stamvaders en stammoeders van Kaapsche Geslachten, 1657—1807” in *De Afkomst der Boeren* (Dr. H. T. Colenbrander).

³⁾ Eerw. James Read word hier bedoel. Vgl. o.a. Cory, *The Rise of South Africa*, Vol. III.

lord, declaiming: „I am black but comely.” When the Abrahams were done with their Hagars, they sent them with their Ishmaels into the wilderness.

And God said: „Also of the son of the bond-woman will I make a nation, because he is thy seed.” ¹⁾

§ 3. Die verbasteringsproses is voortgesit, meestal op onwettige wyse, d.w.s. buite die kerk om, soos blyk uit aantekeninge in die dagboek van Baron van Rheede, waar hy o.m. sê dat „de concubinagie onder deselve (d.i. slawevroue) met onse natie soo openbaar ende bekend was, (dat) men daer van als getolereerde dinge sprak, ook dat de armoede en gebrek van kledingh tegen de koude veel van het vrouwvolck bewoog om haer om een ouden rock of deken te laten misbruyken, dat ook op dese wyse de meeste aantelingh uyt Duydse vaders” ²⁾ voortgekom het (vryliede sowel as matrose en soldate). ’N dertig jaar na die Nedersetting is daar reeds sowat ’n sestig Basterkinders aan die Kaap, „sprekende de Nederduydse tale”. ³⁾ En namate die jare verbyrol „mixed breeds of every colour between these four extremes (nl. Europeane, Negers, Maleiers en Hottentotte) were to be seen, side by side with the pure races, so that nowhere else could such a diversity of hue and of features be found as in the Cape Peninsula.” ⁴⁾

§ 4. Die intieme omgang van die Europeane met die inboorlinge hoef ons nie te bevrees as ons in aanmerking neem dat daar in dié dae nog so goed as geen besef van ’n kleurlyn bestaan het nie en dat die heel eerste immigrante, insonderheid die matrose en soldate, van ’n heeltemal ander allooi was as die wat in later jare Suid-Afrika hulle vaderland gemaak het. Wat kan ’n mens ook verwag as selfs Kommandeur Wagenaar en sy Raad die verbroedering (die huwelik van van Meerhof met Eva) as iets heilsaams beskou?

§ 5. Ongeveer ’n kwart eeu na die koms van die neder-

¹⁾ *The South Africans*, bl. 195.

²⁾ „Die Taal van die Slawekinders en Fornikasie met Slavinne” deur dr. J. L. F. Franken in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 6de jaargang, 1ste aflewering, Sept. 1927, bl. 23.

³⁾ T.a.p.

⁴⁾ Theal, *South Africa*, ed. 8, 1916, bl. 36.

setters „marriage between Europeans and freed slaves of full colour was prohibited”, ¹⁾ alhoewel Europeane en kleurlinge kon trou as hulle wou.

§ 6. In later jare het die verhouding tussen blanke en inboorling heeltemal verander, sodat huwelike tussen hulle iets baie seldsaams was. ²⁾ Tog meen ek dat Gustav Preller in sy inleiding tot die *Dagboek van Louis Trigardt*, bl. xxxvi, en in sy *Sketse en Opstelle*, bl. 107, die waarheid gewel aandoen waar hij sê, sprekende van die bekende Buysfiguur: „Coenraad de Buys is 'n merkwaardige uitsondering gewees op die suid-afrikaanse reël, dat 'n blanke van hollandse stam geen bloedvermenging met die inboorlingerasse destijds (begin 19de eeu — skr.) gedoog het nie. Terwyl tallose gevalle sou kan aangehaal word uit die vroegste en selfs later geskiedenis van Suid-Afrika, waar Engelse hul heelmaal met die naturelle vermaagskap en sodoende 'n gedegenerende basterras die aansyn geskenk het, en ook ander Europeërs wat Suidafrika nie as vaderland beskou nie, weinig gewetenswroeging ooit gevoel het teen so'n verswaeling, is met uitsondering van Coenraad de Buys geen tweede

¹⁾ Theal, *History and Ethnography of South Africa before 1795*, vol. II, bl. 273. Vgl. ook wat Mentzel sê o.a. — „the slave population is increased by births, to which the promiscuous intercourse between soldiers, sailors and female slaves adds its quota” (*Description of the Cape* by O. F. Mentzel, translated from the German by H. J. Mandelbrote, M. A., L. L. B., Cape Times, 1921, bl. 169).

In sy *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika — Jan van Riebeeck* — sê dr. E. C. Godée Molsbergen: „Wettig huwelik van blanken met vrijgelaten slavinnen kwam wel voor, maar toch heel zelden. Zulk een vrijgelatene had terstond gelijke rechten met de blanken en kreeg als bruid de gewone titel van „eerbare Jonge Dochter”.” (bl. 105—106; Voetnoot D; 21 Mei, 1656).

Ons kan hier ook byvoeg wat dr. H. T. Colenbrander in sy *De Afkomst der Boeren* o.a. sê: „Voor al in de eerste jaren der nederzetting, toen de blanke vrouwen schaars waren —, en de eigenaardige morele eigenschappen van het Boerenras zich nog niet hadden kunnen ontwikkelen, had er levendig geslachtsverkeer met slavinnen plaats, — (bl. 119—120).

²⁾ Vgl. Colenbrander, *De Afkomst der Boeren*. In sy lys van „Stamvaders en Stammoeders van Kaapsche Geslachten,” is daar tot 1800 sowat 16 gevalle van Europeane wat met slavinne of vermoede slavinne trou; daarna slegs 3, een waarvan is die van de Buys wat in 1806 met die Kaffervrou, Maria, trou.

geval aan te wyse waar 'n Afrikaner van die ouere stam vrywilliglik dieselfde gedragslyn gevolg het."

§ 7. Ons gee Preller hierin gelyk dat die ingebore anti-patie van die Afrikaner teen die inboorling hom baie selde met laasgenoemde laat vermaagskap het. Veral geld dit van die Voortrekker-tipe, wat Preller dan ook hier bedoel. Maar dat de Buys die enigste voorbeeld is van „'n Afrikaner van die ouere stam" wat „vrywilliglik dieselfde gedragslyn gevolg het" skyn nie die volle waarheid te bevat nie, veral as in die oog gehou word dat intimiteite met die inboorlinge nie noodwendig, ja nie in die reël, 'n huwelik met hulle beteken het, soos in die geval van de Buys nie.

§ 8. In die geskiedrolle word wel nie 'n tweede geval soos die van de Buys vermeld nie, dog is dit afdoende bewys dat daar nie meer sulke gevalle bestaan het nie? Moet ons aanneem dat die Griekwas en Basters, wat roem op hulle Europese vaders van 'n drie of vier geslagte vroeër, dit alleen doen om te bewys hoe amper-wit hulle is en hoe na verwant aan die Europeaan? In sommige gevalle waarskynlik, maar stellig nie in almal nie.

§ 9. Wat onteenseglik waar is, is dat die Afrikaner baie minder as enige ander nasie wat onder dieselfde omstandighede in aanraking gekom het met 'n inboorling-bevolking, die inboorling as sy gelyke gaan beskou en hom as 't ware met laasgenoemde gaan vereenselwig het. Tog wil dit nog nie sê dat daar nie sporadiese gevalle was van ou Boere-jagters of awonturiers, wat in die uitgestrekte wildernisse, weg van die beskawing, nie die gedragslyn van de Buys gevolg het nie.

§ 10. Dat nuwe wit bloed ingeënt is op die Basters, na die eerste verbastering in die Kaap-Kolonie, volg hieruit dat baie van hulle soveel nader staan aan die blanke ten opsigte van kleur en algemene gelaatstrekke as aan die suiwere Hottentot. Of bloedvermenging tussen laasgenoemde en Afrikaners „van die ouere stam" in die loop van die 19de eeu plaasgevind het, kan ons nie met sekerheid sê nie, en het ons alleen die Baster-nakomeling se woord daarvoor. 'N mens hoef dus nie as 'n vyand van sy volk beskou te word nie, as hy onderskryf was gesê word in die Rapport van die Rehoboth-Kommissie, bl. 18: „No doubt, Boerfarmers so-

metimes had illicit intercourse with Hottentot women, but if one may judge from the well-known continence of the Boerfarmer where the native races are concerned, that must have happened only in isolated cases, and by way of exception.”¹⁾

§ 11. Is die feit, sal iemand geneig wees om te vra, dat die Griekwas en Basters vir die grootste gedeelte nie alleen egte Boerevanne het nie, maar ook Afrikaans as huistaal gebruik, dan nie genoegsame bewys dat die vermenging van blankes met inboorlinge of kleurlinge op groot skaal plaasgevind het nie? Die antwoord hierop is dat bloedvermenging wel in die vroegste dae van die nedersetting, en in minder mate in later jare, plaasgevind het, maar nie in die tyd waarvan Preller praat nie. Die Afrikaner se ingebore rasse trots het rassevermenging op groot skaal voorkom, alhoewel die veragting vir die inboorling in die begin nie so groot was nie.

§ 12. Wat omtrent die egte Boerevanne wat aangetref word onder die kleurlinge — vanne van emigrante wat eers baie jare na die stigting van die Kaap na Suid-Afrika gekom het? Hulle bewys nie noodwendig dat die draers daarvan nakomelinge is van Boere met daardie vanne nie, daar die kleurlinge hulle dikwels die van van hierdie of daardie blanke met wie hulle ein aanraking gekom het, toegeëien het, soos vandag nog dikwels gebeur.²⁾

Die een blanke nasie is maar alte geneig om homself te verskoon en die skuld op 'n ander te werp waar dit roekelose vermenging met die inboorlinge betref. So bv. sê dr. L. Schultze in sy *Aus Namaland und Kalahari*, bl. 115: „Die Basters, die Hauptmasse der farbigen Bevölkerung des Klein-Namalandes, sind überwiegend aus der Vermischung

¹⁾ Prof. Mac Millan sê in sy *The Cape Colour Question*, bl. 27: „— some of the Hottentots escaped beyond the shifting borders of the Colony. There they mixed with runaway slaves, or more remote Korannas, as well as with a sprinkling of pioneer or refugee whites; the offspring formed the wandering bands of Griquas or „Bastards”.

²⁾ Vgl. die oorsprong van die van Kok, die welbekende Griekwa-familie. Dit word beweer dat een van die voorouers van hierdie familie 'n kok was in diens van een van die ou Hollandse goewer-neurs.

von Buren und Hottentotten hervorgegangen. Dazu kommen aus letzten 50 Jahren noch die illegitimen Nachkommen von Engländern und Hottentotmädchen". Die gebruik van die woord „Buren" is misleidend: Hollandse matrose en soldate van die 17de eeu sou beter gewees het. Van die „illegitimen Nachkommen" van Duitsers in Suidwes-Afrika maak hy geen melding!

§ 13. Rassevermenging het dan reeds heel vroeg in die geskiedenis van Suid-Afrika ontstaan; die proses is herhaal en nogmaals herhaal, deur inenting van nuwe swart bloed aan die een kant en wit bloed aan die ander, sodat onder die Griekwas en Basters van vandag daar allerlei skakering van kleur is, van amper spierwit tot amper pikswart.

§ 14. Van die kleurlinge is die Griekwas een van die mees gedegenerende tipes; die Rehoboth-Basters daarenteë, hoewel vir 'n groot gedeelte ook laaggesonke, staan as 'n geheel heelwat hoër. By hulle is daar nog veel meer saamhorigheidsgevoel as bij die Griekwas en vorm hulle om dié rede nog 'n eenheid met gemeenskaplike belange.

Behalwe die „Kaapse Volk" ¹⁾ en die onderhawige Griekwas en Basters, is daar nog die Basters van Namakwaland, die Swartboois, die Witboois, die Bondelswarts en verskeie ander Hottentotstamme, almal waarvan in minder of meerder mate wit bloed in hulle are het.

Nou gaan ons oor tot 'n kort oorsig van die geskiedenis van die Griekwas en Basters. ²⁾

A. DIE GRIEKWAS.

§ 16. As die emigrante in Suid-Afrika aankom, is daar 'n sekere Hottentotstam, die Chariguriqua of Grigiqua, die nakomelinge van wie, volgens Kolbe, in die begin van die 18de eeu êrens in die nabyheid van St. Helenabaai gewoon het. Dis ongetwyfeld aan hierdie stam wat die Griekwas hulle naam ontleen het.

¹⁾ Volgens S. G. Millin is die Kaapse kleurling „more civilised than the European peasant, more civilised than the South African backwoodsman or the poor white." (*The South Africans*, bl. 205).

²⁾ Die behandeling van Stow in sy *The Native Races of South Africa* word hier vir die grootste gedeelte gevolg.

§ 17. Sedert die begin van die 19de eeu was hierdie Hottentotstam algemeen bekend onder die naam Griekwa. In teenstelling met die Namakwas en Korannas wat onvermengde stamme gebly het, het die Griekwastam in hierdie tyd reeds 'n taamlike persentasie Europese bloed in hulle are gehad. Verdere vermenging met die egte Grigriqua, wat nou in die buurt van Piquetberg en die teenswoordige Clanwilliam omgeswerf het, het later plaatsgevind.¹⁾

§ 18. Hierdie kleurlinge het na die onbekende Noorde getrek deels om dat hulle die vreemde juk waaronder hulle gestaan het, wou afskud, deels omdat hulle êrens in die uitgestrekte wildernis vir hulleself 'n soort van Utopie wou gaan stig, moontlik ook omdat hulle vreemdelinge gevoel het in die land van hulle geboorte.

§ 19. Van die begin af reeds was hulle verdeel in twee groepe of gemeentes: die een bestaande hoofsaaklik uit die Basterelement, wat hulle geskaar het om die Barendse, en die ander, bestaande uit die Griekwaelement, wat die leierskap van die Koks aangeneem het.

§ 20. Toe die sendeling Anderson in 1800 onder die Griekwas begin werk het, was hulle 'n klompie rondswewende barbare, wat geleef het van jag, plunder en roof. Hulle was minder beskaaf as die Korannas selfs en sedelik het hulle ongeveer op dieselfde peil gestaan as die diere van die veld.

§ 21. Die Griekwas van vandag kan nouliks meer as direkte nakomelinge van die oorspronklike Grigriquas beskou word, daar allerlei nuwe elemente in later jare bygekom het: Koranna, Batlapin, Boesman, 'n verskeidenheid van

¹⁾ Oorspronklik is hierdie halfnaatjies ook Basters genoem, 'n naam waarop hulle nogal baie trots was en vandag nog is: „êk is 'n Baaster, my lyf is rooi”, roem die Rehoboth-Baster as hom na sy nasionaliteit gevra word.

Tussen die Basters van Namakwaland en Rehoboth aan die een kant en die Griekwas van Oos- en Wes-Griekwaland aan die ander, is daar weinig verskil ten opsigte van taal, kleur en algemene geelaatstrekke. In die begin skyn dit die enigste verskil te gewees het nl. dat in die Baster Europese bloed en in die Griekwa Hottentotbloed oorheersend was. Vandag nog is, oor die geheel, die Hottentot-element duideliker sigbaar by die Griekwa as by die Baster.

uitvaagsels uit die Kolonie in die vorm van vryverklaarde slawe, ander halfnaatjies, ens.

DIE GRIEKWAS VAN (A) WES-GRIEKWALAND.

§ 22. Adam Kok, gebore ongeveer 1710, word gewoonlik beskou as die stigter van die Griekwanasie. Oorspronklik was hy 'n slaaf, wat deur sy ywer en spaarsaamheid nie alleen sy vryheid gekoop het nie, maar ook die eienaar geword het van 'n plaas in die nabyheid van Piquetberg. Nadat hy die verkoop het, het hy deur Namakwaland getrek tot naby die Grootrivier, waar hy hom metterwoon gevestig het. Hier het baie Grigriquas, Hottentotte en Basters by hom aangesluit. Te oud en swak om sy pligte as kaptein behoorlik te kan uitvoer, het hy in 1795 die kapteinskap aan sy seun Cornelius (gebore 1746) oorgedra.

§ 23. Cornelius het nie sy vader na die Noorde gevolg nie, dog verkies om op Khamiesberg agter te bly. Hy het groot invloed gehad onder die inboorlinge, sodat hy altijd op hulle hulp en ondersteuning kon reken. Op een van sy jagtogte het hy deurgedring tot die oewers van die Grootrivier, waar hy 'n stasie, Bitter Dacha (Dagga), gestig het. Verspreide klompies Basters het van tyd tot tyd sy beskerming kom soek en swerwende Korannabendes wat hy onderwerp het, het hy by hom ingelyf. Hierdeur is sy posisie aansienlik versterk.

§ 24. Ongeveer die jaar 1800 het die sendelinge Anderson en Kramer die bronne op Klaarwater (die teenswoordige Griekwastad) ontdek en die Griekwas beweeg om hulle hier te kom vestig.¹⁾ Na die stigting van Klaarwater is Cornelius terug na Khamiesberg, waar hij gebly het tot 1816 en toe weer sy verskyning onder die Griekwas maak. Sy seun Adam, beter bekend as „Dam”, was toe reeds aangesiel as hoof van die hele Griekwanasie, sodat aan Cornelius se wens om erken te word as kaptein nie gevolg kon ge-

¹⁾ 'N gedeelte van die Basters aan die oewers van die Gariep het in 1804 ook verhuis na Klaarwater. In 1813 het al die kleurlinge van hierdie omgewing die naam Griekwa aangeneem, nadat Eerw. John Campbell hulle gewys het op die ongunstige betekenis deur blankes geheg aan die woord Baster.

gee word nie. Hierop het hy hom toe gaan vestig op Campbell, waar sy seuns Abraham en Cornelius, as ook ander familieleden, hulle by hom vervoeg het.¹⁾

§ 25. In 1819 is Dam Kok, wat saam met sy aanhangers voortdurend oorhoop gelê het met die sendelinge, as 't ware daartoe gedwing om af te tree. Nog in dieselfde jaar is Andries Waterboer, deur bemiddeling van die sendelinge, gekies as kaptein, en het Dam hom begewe na Campbell om daar rustig te gaan lewe met sy broers. Toe aan sy griewe geen gehoor gegee is nie, het hy in 1823 'n swerwende, doellose lewe begin lei.²⁾ Aan die oewers van die Modderivier het dr. Philip hom in 1825 aangetref en hom versoek om hom te kom vestig op Philippolis. Hieraan het hy gevolg gegee en al gou het verskillende Korannabendes, verspreide Bergenaars, Basters wat ontevrede was met die regering van Waterboer, en ander kleurlinge uit elke hoekie van die Kolonie by hom kom aansluit.

§ 26. Cornelius Kok (seun van Cornelius I) wat in 1824 deur Waterboer aangestel was om die orde te handhaaf in die buurt van Campbell, het, deurdadig hy hom ingelaat het met die moeilikhede tussen Abraham en Adam op Philippolis,³⁾ hom die onguns van Waterboer op die hals gehaal en ook weldra sy ontslag gekry.

§ 27. Andries het vir 'n dertig jaar ageer as kaptein van Griekwastad en as sulks getoon dat hy 'n leier was wat die vertroue van sy volgelinge ten volle verdien het. Verskeie male het hy in botsing gekom met die inboorlingstanne soos

¹⁾ Volgens die Rapport van die Rehoboth-Kommissie is Cornelius, die ouere, terug na Khamiesberg, terwyl sy seun Campbell-toe is. (bl. 20).

Cory sê in sy *Rise of South Africa*, vol. 4, bl. 273: „He (Cornelius) returned to the Colony. After a few years' residence there he rejoined his people, in 1816, but took no further part in their concerns. Before leaving for the Colony he handed over the reins of his government to his son Adam Kok, (the 2nd) usually known as Dam Kok.”

²⁾ Die betreklik rustige lewe op Klaarwater het, volgens Cory, vir Dam nie geval nie en het hy gebots met die sendelinge. Hy begin toe 'n swerwerslewe lei as hoof van die berugte en gevreesde Bergenaars. (t.a.p., bl. 275).

³⁾ Vgl. § 29.

die Boesmans, die Mantatees, ens., dog elke keer met eer daarvan afgekom. Op die wyse is sy mag gaandeweg uitgebrei. Na hom het die Griekwas langsamerhand agteruitgegaan en toe Stow Griekwaland in 1872 besoek het, het hy die dorpie Griekwastad in puin aangetref, met die uitsondering van die kaptein se huis en nog 'n paar ander. Slegs 'n paar honderd van die oorspronklike bevolking van sowat 2600 (Griekwas en Korannas saam) het oorgebly en al die grond die eiendom geword van die witmense.

§ 28. Vandag woon daar nog 'n klein handjievol van hulle op Griekwastad, in die meeste gevalle so verarm dat hulle nouliks in die gewone behoeftes van die lewe kan voorsien. Verder word hulle sporadies aangetref oor die hele uitgestrekte gebied van Wes-Griekwaland en ander dele van die Unie.

DIE GRIEKWAS VAN (B) OOS-GRIEKWALAND.

§ 29. In 1837 is Dam Kok dood.¹⁾ Sy seun Abraham het in sy plek opgetree vir 'n tyd, dog daar die meeste ten gunste was van Dam se tweede seun, Adam, het daar gevegte ontstaan tussen die twee partye, die gevolg waarvan was dat die aanhangers van Adam die oorhand gekry het. Adam is hierop as kaptein aangestel (1841).

§ 30. Met die Vrystaatse Regering het Adam allerlei moeilikhede gehad. Vir 'n appel en 'n ei het die Griekwas die een na die ander uit hulle grond geraak, sodat hulle in ongeveer 1860 so goed as geen grond meer in die Vrystaat gehad het nie. Sir George Grey, die toenmalige goewerneur aan die Kaap, het hulle hierop aangeraai om te trek na 'n sekere deel van „Niemandslan". Met hierdie trek is 'n aanvang gemaak 1861—1862, en in 1863 vind ons sowat 'n tweeduisend van hulle in die teenswoordige Kokstad en Umzimkoelodistrikte (Oos-Griekwaland).

§ 31. In 1875 het Adam Kok sy gesag oorgemaak aan die Kaapse Regering en is nog dieselfde jaar oorlede.

§ 32. Die verdere lotgevalle en lotswisselinge van hier-

¹⁾ Volgens die Rapport van die Rehoboth-Kommissie, bl. 22, in 1835

die klompie wesens hoef hier nie verder vervolg te word nie. Sy dit genoeg om te sê dat hulle vandag 'n rampsalige en ontaarde groepie mensekinders uitmaak, wie luiheid, on-tugtigheid en die neiging om te verkwis ingebore skyn. Saamwerk vir 'n gemeenskaplike doel verstaan hulle nie: voortdurend is daar dwarstrekery en onderlinge getwis; vertroubaarheid en waarheidsliewendheid is deugde wat 'n mens byna te vergeefs by hulle soek; deurdat hulle deur hulle eie onkunde en onnadenkendheid uit hulle grond geraak het, het hulle honderd-en-een griewe teen die witmense; sterk drank is hulle afgod en jeremiades hulle grootste troos in hierdie tranedal van onreg. Kortom, die indruk wat 'n mens van hulle kry is dat hulle vroeër of later gedoem is tot algehele ondergang.

§ 33. Wat in die laaste paragraaf gesê is omtrent die Griekwas van Oos-Griekwaland, geld ook van die wat agtergebly het toe die groote uittog na „Niemandland” begin het. Hulle word nog in groter of kleiner groepe in verskeie Vrystaatse dorpies soos Philippolis en Fauresmith aangetref, waar hulle in die meeste gevalle maar 'n kwynende en onsekere bestaan voortsleep.

(B) DIE BASTERS.

§ 34. In die begin van die 19de eeu word die Basters langs die oewers van die Grootrivier aangetref vir meer as 500 myl ten Weste en vir sowat 'n 50 myl ten Ooste van die teenswoordige Prieska.

§ 35. Die volgelinge van Barend Barends vestig hulle, na die moeilikhede met Afrikaner, ¹⁾ op Klarwater in 1804. Hier bly die grootste gedeelte van hulle agter as hulle leier, Barends, trek na Hardcastle, Suidwes van Klarwater. Tot 1820 bly Barends en sy klompie volgelinge hier, om dan andermaal te verhuis, hierdie keer na die teenswoordige Da-

¹⁾ Hoof van die Hottentotstam, algemeen bekend as *Afrikaners*. Nadat Jager Afrikaner sy baas Pienaar vermoor het, het hy en sy volgelinge 'n rowerbende geword, wat verwoes en geplunder het so ver hulle gegaan het. Die nakomelinge het later in die buurt van die teenswoordige Windhoek dieselfde soort lewe voortgesit.

nielskuil. In 1831 raak Barends slaags met die Matabelehordes van Moselekatse, wat hom 'n gedugte neerlaag toedien. Hy en sy Basters verlaat nou hierdie omgewing en na drie jaar rond te geswerf het tussen Griekwaland en Basoetoeland, vestig hulle hulle in 1834 op 'n plek genaamd Groenkloof, nie ver van Ladybrand nie.

BASTERGEMEENTES VAN KLEIN-NAMAKWALAND.

§ 36. Die ± 5000 Basters wat teen die end van die 18de eeu versprei was langs die oewers van die Grootrivier, het hulle geskaar om die verskillende sendingstasies in hierdie tyd orals in die lewe geroep en 'n paar van die voornaamste waarvan was die op Komaggas, Leliefontein, Amandelboom, De Tuin, Pella, Olievenhoutsdrift, Rietfontein (Gordonië) en Steinkopf.

§ 37. Onder die leiding van sendelinge ontwikkel die gemeenskapsin sodanig onder die Basters dat daar in 1857 o.a. 'n „Gemeente Ordening voor het Institut Komaggas” opgetrek word.¹⁾

§ 39. Sowat 'n 90 families, woonagtig op De Tuin, besluit in 1868 om verder noordwaarts te trek. Eerw. Heidmann wat sy lot met hulle ingewerp het, vergesel hulle op hierdie reis. Die wat op Pella agterbly, raak later versprei in alle rigtings. Teen Kersfees kom die trek by Warmbad aan, waar hulle 'n tydjie vertoef onderwyl Hermanus van Wyk, hulle hoof, hom begewe na Swartbooi en sy bondgenote, die Herero's, met 'n versoek om hom toe te laat om sy volgelinge te bring na Rehoboth. Die Swartboois willig die versoek in met hierdie voorbehoud egter dat, as hulle self die plek mog nodig kry, die Basters elders vir hulle 'n woonplek moes gaan soek. Vir die *leen* moes die Basters jaarliks 'n perd betaal! En teen hierdie reëling het die Hereró's en *Afrikaners* geen beswaar gemaak nie.

§ 40. In hulle reis na die noorde het die Basters baie te ontbeer en verduur gehad, dog aangemoedig deur die on-

¹⁾ *Rap. van die Reh. Kom.*, bl. 26.

versaagde Eerw. Heidmann, wat opgetree het as sieketrooster, geneesheer en prediker, het hulle alle moelikhede te bowe gekom. Van hom sê Voigt in sy *Deutsch Südwestafrika*: „Mit seiner Gemeinde zog er nordwärts über den Fluss, unter tausend Fährlichkeiten, durch Steppen und Wüsten die Versprengten sammelend, die Schwachen und Verzagten tröstend, die Kranken heilend . . . Wahrlich, das Leben dieses Mannes ist ein solches, wie jeder edle Mensch wünschen wird, es durchlebt zu haben, ein Leben voll Liebe und Treue, voll Hingabe und Gottvertrauen, voll Mutt und Unverzagtheit, ein Leben ganz nach dem Wort: Edel sei der Mensch, hilfreich und gut!”

§ 41. Die geskille wat in later jare ontstaan het in verband met die wettige eienaarskap van Rehoboth, hoef hier nie op ingegaan te word nie.¹⁾ In 1871 is die Basters in alle geval in besit van Rehoboth en in 1881 word hulle geledere versterk deur 'n gedeelte van die volgelingen van Klaas Swart wat op hulle woonplek, Grootfontein-Suid, nie alleen swaar geteister was deur die droogte nie, maar ook deur die inboorlinge van die buurt.

§ 42. In die oorlog tussen die Herero's en die Hottentotte (1880), sluit 'n klompie Basters van Rehoboth aan by die *Afrikaners* teen die Herero's. Jan Jonker, hoof van die *Afrikaners*, nie tevrede met die buit wat hij van die Herero's geneem het nie, begin toe die vee steel van sy bondgenote, die Basters, wat noordwaarts getrek het teen die Herero's! Bygestaan deur Abraham Swartbooi, wat Rehoboth weer wou terug hê, val die *Afrikaners* die dorp in Januarie 1882 aan en oorrumpel dit. As buit voer hulle sowat 500 stuks kleinvee van die Basters weg. In Februarie word 'n vredestraktaat gesluit met Kamaherero, hoof van die Herero's.

§ 43. Die Basters tree nooit vir 'n lang tyd op as vaste bondgenoot van hierdie of daardie party nie: dis raadsamer om maar voortdurend die huik na die wind te hang! In 1890 sluit hulle by die Witboois aan teen die Herero's en hulle bondgenote, die Duitsers, wat toe nog maar 'n handjievol

¹⁾ Vgl. die *Rap. van die Reh. Kom.*, bl. 32 vlg.

getel het; tydens die Herero-rebellie in 1904 werp hulle hulle lot in by die Witboois en Duitsers teen die Herero's; tot die wêreldoorlog in 1914 bly hulle die Duitsers, wat hulle altoos as die meerdere van die inboorlingstamme beskou en behandel het, getrou en onderdanig, dog met die intog van die Unietroepe in Suidwes word hulle nie alleen die Duitse regering ontrou nie, maar rebelleer selfs openlik. Het Generaal Mac Kenzie nie so vinnig voortgeruk nie, sou die Duitsers hierdie renegate, wat vasgekeer was in die berge aan die Weste, tot die laatste man toe uitgedelg het.

Tot so ver die historiese oorsig.

§ 44. Rehoboth (= ruimte, vgl. Gen. 26, 22), waar die Basters vandag woon, was oorspronklik 'n sendingstasie deur Eerw. Kleinschmidt in 1845 gestig. Die Hottentotstam wat destyds daardie streek bewoon het, onder die kapteinskap van Willem Witbooi, was ongeveer 'n duisend sterk. Voortdurend geteister en byna totaal uitgeroei deur vyandige stamme, het die oorblyfsels ± 1864 met hulle sendeling verder noordwaarts getrek. In hierdie tyd was die Basters nog in Klein-Namakwaland, ten Suide van die Grootrivier.

§ 45. Wat hulle leefwyse betref, kom die Basters van Rehoboth in byna alle opsigte ooreen met die Griekwas. As 'n geheel is hulle nie so gedegenerereerd as laasgenoemde nie: daar is ten minste nog 'n groot persentasie van hulle wat grondeienaars is; sommige is selfs welgesteld. 'n Ingebore afkeer van werk is die meeste van hulle eie; van die mans is daar maar min wat nie dienaars is van Bacchus nie; sedelik staan hulle op baie lae peil en is die vrouens se groot leuse *vooruitbaster* en nie *agteruitbaster* nie, m.a.w. nuwe wit bloed inent in plaas van swart bloed; wettige en onwettige huwelike tussen hierdie kleurlingvroue en blankes (Duitsers in die meeste gevalle) is dan ook nie iets seldsaams nie, om nie te praat van die buitenegtelike omgang nie, waardeur daar reeds soveel onegte kinders in die lewe geroep is.

§ 46. Toe die Griekwas en Basters meer geïsoleerde mensgroepe was en daar naas Afrikaans ook nog Hottentots gepraat is, het hulle taal daar ongetwyfeld baie anders uitgesien as vandag. Langsamerhand is die isolasie verbreek

deur die instroming van die witmense en die daaropvolgende verlies (en ontvreemding?) van hulle grond. Nie alleen het hulle sorglose en onbesorgde lewe geëindig nie, maar ook het hulle afhanklik geword van hulle blanke werkgewers. Hierdie nouer aanraking met laasgenoemde het dan ook as onvermydelike gevolg gehad die geleidelike wysiging van hulle taal.

§ 47. Versover die Griekwas en Basters nie in groter of kleiner groepies oor die hele land verspreid is nie, woon hulle vandag as taamlike groot gemeenskappe op Kokstad en Rehoboth,¹⁾ waar die omgang met blankes baie daartoe bygedra het om hulle taal in heeltemal nuwe rigting te stuur: in Wes-Griekwaland nader hulle taal hoe langer hoe meer die beskaafde, daar die blanke bewoners van hierdie dele oorwegend Afrikaanssprekend is; in Kokstad weer, met sy meer Engelse omgewing, laat die hoër kultuurtaal hom nie onbetuig nie, terwyl op Rehoboth Duits sy spore reeds taamlik diep afgedruk het op die taal van die Basters, veral op die van die jonger geslag.

§ 48. Van die taal van hierdie kleurlinge 'n 70—80 jaar gelede weet ons nie veel nie, behalwe wat daar te leer val uit 'n enkele teks hier en daar in *Di Patriot* of *Ons Klyn-tji*.²⁾ In hoever hierdie tekste betroubaar is, is moeilik om te sê. Dit wil my voorkom of hulle *versin* is in die meeste gevalle, bloot om 'n bietjie aangename tydverdryf te verskaf! Dat hulle sterk oordrewe is, is in alle geval die gevolgtrekking waartoe ek gekom het na al my gesprekke en onderhoude met die oudste Griekwas en Basters.

§ 49. De Josselin de Jong toon aan dat van al die gedrukte tekste in Negerhollands wat Hesseling tot sy beskikking gehad het „bleek slechts een onbeduidend klein gedeelte de echte volkstaal weer te geven.”³⁾ Het ons meer

¹⁾ Op Griekwastad woon daar maar net 'n klein handjievol Griekwas vandag.

²⁾ In die *Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners*, bl. 37, sê Prof. J. Smith het daar in *Het Volksblad* onder die rubriek „Toneelen uit het Politiehof” (na 1860) heelwat Afrikaans voorgekom, meestal kleurling-Afrikaans. Tot my spyt het ek dit nie nader kon ondersoek nie.

³⁾ *Het Negerhollandsch van St. Thomas en St. Jan*, bl. 1.

tekste in Griekwa-Afrikaans gehad, voel ek daar oortuig van sou dieselfde opmerking daaromtrent kon gemaak geword het. Soos die Negerhollands sal die Suid-Afrikaanse kleurlingtaal gaandeweg opgelos word in die Europese taal, die sterkste verteenwoordig in die omgewing waar hierdie kleurlingtaal nog gepraat word en sal ons moontlik dieselfde toestand kry as op die Antille: „Voor de jongeren is het Negerhollandsch niet veel meer dan een wel min of meer komische geheimtaal, waarmee het oudste geslacht nu eenmaal graag vertoon maakt, maar die toch eigenlijk uit den tijd, overbodig en dus vrij belachelijk is.”¹⁾ Hy beskou dan ook dat sy materiaal „behalve als ethnografisch gegeven, bijna uitsluitend als taalhistorisch document eenige waarde heeft: het vertegenwoordigt de slotphase eener onherroepelijk ten ondergang gedoemde taal, die wij, zij het onvolledig, ook in haar bloeiperiode hebben gekend.”²⁾ Wat die lot van die kleurlingtaal gaan wees, sal die tyd ons wel leer. Dit ly geen twyfel egter dat die vorm waarin ons dit vandag ken, oor 'n geslag of twee glad niet meer sal bestaan nie, sodat die materiaal hier verwerk as taalhistoriese dokument sy waarde kan hê.

§ 50. Alvorens oor te gaan tot die bespreking van die kleurlingtaal, wens ek in die volgende hoofstuk eers kortliks na te gaan wat verstaan word onder Kreoolse tale en wat daarmee in verband staan.

¹⁾ *Het Negerhollandsch van St. Thomas en St. Jan*, bl. 16. Op St. Thomas en St. Jan het Engels die plek ingeneem van Hollands.

²⁾ T.a.p., bl. 2.





HOOFSTUK 2.

KREOOLSE TALE.

§ 51. By die bespreking van die ontstaan van Afrikaans word voortdurend gepraat van Kreool(s), kreolisme, kreolisering en Hottentot-Afrikaans, en aangesien hierdie terme ook toegepas word op die onderhawige kleurlingtaal, is dit wenslik dat ons 'n duidelike idee kry van wat onder elkeen daarvan verstaan word.

§ 52. In sy *Het Negerhollands der Deense Antillen* gee dr. Hesseling die volgende omskrywing van Kreoolse tale: ... „de talen die in overzeese gewesten uit Europese talen in de mond van Afrikanen, Aziaten, Australiërs of Amerikanen zijn ontstaan en dan later ook dikwels door Europeanen of hun afstammelingen zijn gesproken.”¹⁾ Hy lê nadruk op die feit dat Kreole mense is wat *gebore* is in die land waar hulle woon en dat die taal deur hulle gepraat *inheems* is. Onder Kreole verstaan hy m.a.w. beide die inboorlinge van die een of ander oorsese gewes en die Europeanen wat daar gebore is, met dien verstande dat albei 'n vervormde Europese taal (Kreools) praat. Hy toon egter aan dat Pfyffer van Neueck in sy *Skizzen von der Insel Java* die woord Kreole gebruik in die sin van mense van gemengde bloed: „Unter dem Worte Kreole wird die Sprössling einer vermischte Ehe (oder vielmehr vermischter Abkunft), nämlich von einem europäischen Vater und einer indianischen Mutter verstanden. Mann nennt aber auf Java die Menschengattung überall Liplappen.”²⁾ Die Deense geleerde, Jespersen, wat in sy *Language* heelwat ruimte af-

¹⁾ *Het Negerhollands der Deense Antillen*, bl. 50.

²⁾ Aangehaal uit Schuchardt, *Kreolische Studien*, IX, bl. 9.

staan aan die bespreking van allerlei noodhulptale soos Beach-la-Mar, Pidgin-Engels, ens. laat nie duidelik uitkom wat hij verstaan onder Kreool(s) nie, tog kan aangeneem word dat hy dit min of meer gebruik in die sin van Hessel-ling waar hy dit het oor die Frans-Kreoolse taal van Mauritius.¹⁾

§ 53. Wat die verskillende opvattinge omtrent die woord Kreool ook al mag wees, die omskrywing van van Neueck skyn die mees gewone; 'n Kreoolse taal moet dan beskou word nie alleen as die wat beantwoord aan die definisie van Hessel-ling nie, maar ook as die in die mond van die gekleurde nakomeling van wit en nie-wit, terwyl kreolismes allerlei ontleninge is aan hierdie gebroke taal.

§ 54. In die lig van wat hierbo gesê is omtrent 'n Kreoolse taal, sou 'n mens verwag dat die term *kreoliseer*²⁾ bloot sou beteken: 'n Europese taal vervorm onder invloed van 'n inboorlingtaal. Tereg gebruik dr. Lecoutere dit dan ook in hierdie sin as hy sê: „gecreoliseerd heet men een Europeesche, flecteerende taal die, gesproken of liever geradbraakt door de inboorlingen van overzeese gewesten: Negers in Afrika en Amerika, Chineezes, Maleiers enz. onder den invloed van de idiomen dier vreemdelingen haar flexievormen bijna heelemaal verliest en voornamelijk in de syntaxis eigenaardige constructies krijgt, in overeenstemming met die van de „creoliseerende” talen. Aldus werd het Nederlandsch in West-Indië en in Zuid-Afrika gecreoliseerd.”³⁾ Daar is egter ook 'n ander opvatting omtrent die terme *kreoliseer* en die *kreoliseringsproses*. Vir drs. van Ginneken en Endepols beteken die kreoliseringsproses in eerste instansie die taalverskynsel wat hom kenmerk deur die verval van allerlei fleksie-uitgange, soos bv. blyk uit Ndl. *de hoed van mijn vader* of *mijn vader z'n hoed* teenoor Duits *meines Vaters Hut*.⁴⁾ Van inboorlinginvloed hoef daar dus

¹⁾ *Language: its Nature, Development and Origin*, bl. 226.

²⁾ *Kreoliseer* kan natuurlik ook 'n etnologiese betekenis hê.

³⁾ *Inleiding tot de Taalkunde en tot de Geschiedenis van het Nederlandsch*, 3de druk, bewerkt door L. Grootaers, bl. 53, voetnoot. Op bl. 259 word van *koloniaal Nederlandsch* gesê: „het werd min of meer gecreoliseerd.”

⁴⁾ *De Regenboogkleuren van Nederlands Taal*, bl. 187.

volgens hierdie opvatting geen sprake te wees nie. Dié taal dan ondergaan, volgens hulle, kreolisering wat in die woorde van Jespersen „is able to express the greatest amount of meaning with the simplest mechanism”.¹⁾ of wat vereis „a maximum of efficiency with a minimum of effort”.¹⁾ In tweede instansie egter moet volgens hierdie geleerdes onder die kreoliseringsproses verstaan word „een hele samenhangende reeks van verskijnselen, die men „de tering der grammatica” zou kunnen noemen. Behalve het verval der declinatie- en conjugatieuitgangen, rekent men hiertoe: het niet meer onderscheiden der rededeelen (zoodat zelfstandige naamwoorden de functie hebben van werkwoorden of van bijvoeglijke naamwoorden en omgekeerd), verder het samenvallen der geslachten, het vergemakkelijken van moeilijke medeklinkers en medeklinkerverbindingen, het plaatsen van klinkers op het einde der woorden enz.”²⁾

§ 55. As kreolisering opgevat word in die sin van verval van buigingsuitgange, soos ons die bv. vind in Afrikaans en Engels, dan kan wel gevra word: watter Europese taal is nie onderhewig aan kreolisering nie, veral as dit vergelyk word met die ouer tale soos Grieks, Latyn, Goties of Angel-Saksies? Immers, die ontwikkeling van die meeste, indien nie van alle tale nie, word gekenmerk deur die verlies van „declinatie- en conjugatieuitgangen”? Die gebruik van kreolisering vir hierdie „progress in language” is vreemd en skyn in stryd met die algemeen erkende opvatting omtrent die woord.

§ 56. Dr. Bosman aanvaar die definisie van Kreoolse tale deur dr. Hesseling gegee nl. „Europese talen in de mond van Afrikanen, Aziaten”, ens., dog hoe klop hierdie opvatting met wat hy op verskeie plekke in sy *Oor die Ontstaan van Afrikaans* aanhaal as voorbeelde van Kreools-Afrikaans? So bv. sê hy dat *die skape dood by hope*³⁾ Kreools-Afrikaans is, of wat vir hom hiermee sinoniem is Hot-

¹⁾ *Language* ens., bl. 324.

²⁾ *Regenboogkleuren*, bl. 188.

³⁾ *Oor die ontstaan van Afrikaans*, bl. 13.

tentot-Afrikaans; 'n konstruksie soos *pa-hulle*¹⁾ noem hy 'n kreolisme en „'n ander tipiese verskynsel van Kreools-Afrikaans is die gebruik van die hulpwerkwoorde *staan, lê, staan lê, loop, aanhou . . .*”²⁾ „Van die ander ooreenkomste”, aldus dr. Bosman, „tussen Afrikaans en 'n Kreoolse taal soos die Negerhollands van die Deense Antille, deur du Toit vermeld, kan ek volstaan met te sê dat dit meestal ooreenkomste is wat gevind word in die taal van die Afrikaanse *kleurling*,³⁾ soos du Toit self meer dan eens sê. Dit geld van sulke meervoudsvorme soos *afgotte, gebette, patte, ens.*”⁴⁾

§ 57. As Bosman hom stip wou gehou het aan Hesseling se omskrywing van Kreoolse tale, dan moes hy nie voorbeelde aangehaal het uit *kleurling*-Afrikaans nie, maar uit die taal „in de mond van Afrikanen”, van die inboorlinge dus, en nie van die gekleurde nakomelinge wat in die lewe geroep is as gevolg van die omgang tussen wit en nie-wit nie. Dis duidelik dat Hesseling met „Europeanen of hun afstammelingen” nie bedoel het Europeane of hulle gekleurde afstammelingen nie, anders sou hy nie Pfyffer van Neueck se opvatting omtrent die woord Kreole ook gegee het nie. As daar in Suid-Afrika 'n min of meer eenvormige, geadapteerde Kaffer-Afrikaans⁵⁾ bestaan het, wat die inboorling met die Afrikaanssprekende en omgekeerd praat, dan sou ons dié as 'n Kreoolse taal kon beskou het wat op een lyn staan met 't tipies Kreoolse taal soos die Negerhollands van die Antille. Daar is egter nie sodanige taal in Suid-Afrika nie en daar word hoogstens 'n „krom” Afrikaans met die inboorling gepraat as hyself „krom” praat, dog 'n Kreoolse taal in die sin van Hesseling kan ons dit seer seker nie noem nie.

§ 58. Teen Bosman se gebruik van Hottentot-Afrikaans is daar veel groter beswaar as teen die van Kreools-Afri-

¹⁾ T.a.p., bl. 82.

²⁾ T.a.p., bl. 83.

³⁾ Kursivering van my.

⁴⁾ *Oor die Ontstaan van Afrikaans*, bl. 83.

⁵⁾ Vgl. die voorbeelde van Kaffer-Afrikaans deur van Ginneken in sy *Handboek der Nederlandsche Taal*, deel I, bl. 233—234 aangehaal.

kaans. Hy bedoel daarmee nie Afrikaans in die mond van Hottentotte nie, maar wel in die mond van kleurlinge.¹⁾ In baie dele van ons land, o.a. in Namakwaland, word weliswaar die woord Hottentotte (of Hotnots) gebruik vir die kleurlinge, dog Hottentotte in die regte sin van die woord is hulle nie. By persone wat nie bekend is met Suid-Afrika en S.A. toestande nie, sal Hottentot-Afrikaans die idee wek dat 'dit Afrikaans is in die mond van die Hottentot.'²⁾

§ 59. Van Hottentot-Nederlands kan wel gepraat word in die dae onmiddellik na die stigting van die Kolonie, dog die voorbeelde hierbo deur Bosman aangehaal is nie verteenwoordigend van daardie tydperk nie, daar hulle geneem is uit die *teenwoordige* taal van die gekleurdes en nie uit die geadapteerde Nederlands deur Hottentotte in daardie dae gepraat nie. Immers, Bosman siteer self voorbeelde van Hottentot-Nederlands uit Kolbe, soos *makum, siekum denkum*,³⁾ ens. Hoe oud vorme is soos *afgotte, patte waense* (= waens) of konstruksies soos *hy lê lōp met die pad sam, hy se keend had geester ge-af* (sy kind het gister gesterf) e.d.m., kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Het hulle teen die begin van die 18de eeu bestaan, sou 'n mens verwag dat Kolbe tog ten minste 'n paar van daardie eienaardighede sou gehoor en opgeteken het. Alleen as ons aanneem dat hulle reeds in die eerste dae van die nedersetting bestaan het in die mond van die Hottentot, kan ons daarvan praat as Hottentot-Nederlands, wat, gelyke trek houdende met die ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands, vandag Hottentot-Afrikaans kan genoem word.

§ 60. Wat vasstaan is dat, hoewel die Hottentotte in die onmiddellike nabyheid van die Kasteel reeds in 1666 Hollands so goed kon verstaan dat 'n tolk nie langer nodig was nie.⁴⁾ hulle self maar 'n baie gebroke Hollands gepraat het

¹⁾ Waar van kleurlinge gepraat word, word bedoel Griekwas en Rehoboth-Basters, nie die Kaapse Basters nie.

²⁾ Die egte Hottentot word nog net in sekere dele van Suidwes-Afrika aangetref. Vgl. voetnoot 1, bl. 35.

³⁾ *Oor die Ontstaan van Afrikaans*, bl. 16. Vgl. ook *Volk en Taal*, bl. 80 en *Het Afrikaansch* (Hesseling), bl. 72.

⁴⁾ Theal, *History of Ethnography of South Africa before 1795*, Vol. II, bl. 157. Vgl. ook *Die Huisgenoot*, Maart 1922; en *Gedenkboek*, bl. 301.

— baie meer gebroke as die taal wat vandag deur die Griekwas en Basters gepraat word. 'N paar voorbeelde uit Kolbe se *Nauwkeurige en Uitvoerige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop* (Deel I en II) sal dit bewys: Ons denkm, ons altijd Baas, maar ons ja zienom, Duitsman meer Baas (I, bl. 477); gij dit Beest fangum zoo, is dat braa, wagtum ons altemaal daarvan loopum zoo (d.w.s. sou jy die besie ('n soort kewe wat aanbid word) so vang en so doodmaak, is dit goed; kyk, as jy dit doen, dan loop ons almal weg — I, bl. 502); die goeds ons ja beitem en opvretum (II, bl. 66); wagtum die Tovergoeds niet sterk genoeg, ons ja een ander makum, die ja braaf sterk (II, bl. 162).

§ 61. In hoever hierdie voorbeelde 'n troue weergawe is van die Hollands deur die Hottentotte in die begin van die 18de eeu gepraat, laat elk in die middel. Wat ook al die geval mag wees, dit toon so goed as geen ooreenkoms met die kleurlingtaal waaruit Bosman sy voorbeelde aanhaal nie. Ons kan aanneem dat die Griekwa- en Bastertaal eers die teenwoordige vorm sou benader namate Hollands (-Afrikaans) in de loop van tyd gaandeweg die tweede taal, Hottentots, op die agtergrond dring en in die begin van die 19de eeu, as verskillende sendingstasies gestig word, die offisiële taal word van kerk en regering.

§ 62. Soos by dr. Bosman laat die gebruik van die woorde Hottentots en Hottentot-Afrikaans by dr. Boshoff ook veel te wense oor. In sy *Volk en Taal van Suid-Afrika* sê hy o.a. „Ten slotte het feitelik al die Hottentotte in die Kaap-Kolonie hulle eie taal verloor en 'n geadapteerde Afrikaans gepraat, wat in ooreenkoms met hulle peil van kulturele ontwikkeling 'n plat Afrikaans of kombuistaal genoem kan word. Vandag praat hulle (d.w.s. die Hottentot-skr.) dus 'n oorgeërfde Hottentot-Afrikaans. Tot Hottentot-Afrikaans behoort dus ook Griekwa-Afrikaans... Griekwa-Afrikaans verskil wel in baie opsigte van wat gewoonlik Hottentot-Afrikaans genoem word.”¹⁾

§ 63. Wie die hedendaagse Hottentotte is wat 'n „oorgeërfde Hottentot-Afrikaans” praat en watter Afrikaans

¹⁾ *Volk en Taal*, bl. 73.

„gewoonlik Hottentot-Afrikaans genoem word” in teenstelling met Griekwa-Afrikaans wat „wel in baie opsigte” hiervan verskil, is my alles behalwe duidelik. Word hier miskien die Maleise Basters aan die Kaap en hulle taal bedoel? En sou die Hottentotte wat ten slotte hulle eie taal verloor het en „’n geadapteerde Afrikaans gepraat” het, dieselfde ras wees as die wat vandag „’n oorgeërfde Hottentot-Afrikaans” praat?

§ 64. Die gebruik van die term Hottentot-Afrikaans is, net soos die van Hottentotte, die populêre, dog ’n nie alte juiste nie, veral as in die oog gehou word dat in die begin nie alleen Hottentotte nie, maar ook die Negerslawe (en -slavinne) ’n gebroke soort van Nederlands gepraat het — dat daar dus naas Hottentot-Hollands ook ’n Neger-Hollands bestaan het, albei waarvan die basis gevorm het vir die teenswoordige kleurling-Afrikaans.

§ 65. Van die sestig Basterkinders wat in die eerste dertig jaar na die nedersetting in die lewe geroep is, as gevolg van die omgang van Hollandse matrose, soldate e.a. met slawevroue, sê van Rheede dat hulle die „Nederduydse Tale” (krom-Hollands natuurlik) goed verstaan en gepraat het.²⁾ Hierdie slawekinders het hulle aan die een kant gaan vermeng met die Hottentotte en „Mischlinge” soos hulleself, en aan die ander kant met Europeane, want „Europeans and halfbreeds could marry if they chose.”³⁾

§ 66. Die Griekwa- en Bastertaal is wel ’n uitvloeisel en voortplanting van die oorspronklike Hottentot- en Neger-Hollands, dog kan net so min Hottentot-Afrikaans genoem

¹⁾ In *The Cape Colour Question*, bl. 29, sê Prof. W. M. Mac Millan: „Except in distant parts of S.W.A., the pure-blooded Hottentot is now almost as rare as the real Bushman.”

²⁾ ’N anonieme sendeling skryf in 1848: „I have not seen a pure Hottentot since I have been in the Colony; some are scarcely distinguishable from white men, and others by their connection with the slaves or Kaffirs, have darkened their skins.” (t.a.p., bl. 273).

Ook skryf die edituur van die *Grahamstown Journal* in 1838 dat hy „does not know a pure Hottentot within the Colony” (t.a.p., bl. 25).

³⁾ Vgl. § 3.

³⁾ Theal, *History and Ethnography of South Africa before 1795*, Vol. II, bl. 273.

word as wat Afrikaans kan genoem word Hollands, Vlaams, Seeus, of wat dan ook al.

.

§ 67. In § 53 is aangetoon dat onder Kreoolse tale ook ingesluit word die taal van die kleurlinge, dog al dadelik moet daarop gewys word dat kleurling-Afrikaans veel minder van 'n „minimum”-taal is as die Negerhollands van die Antille of die noodhulptale soos Beach-la-Mar, Pidgin-Engels, Mauritius-Kreools,¹⁾ ens. Dit staan oneindig nader aan die beskaafde Europese taal as enigeen van bogenoemde Kreoolse en noodhulptale, nie alleen ten opsigte van vorme en woordeskat nie, maar ook ten opsigte van sinsbou. In een opsig veral wyk dit af van Hollands (Afrikaans) en dit is ten opsigte van uitspraak. As 'n mens klanke as kriterium neem om 'n dialek van die „Reichsprache” te onderskei, dan sou 'n mens geneig wees om die kleurlingtaal as 'n dialek van Hollands (Afrikaans) te beskou. Al dadelik egter kom 'n mens voor die vraag te staan: waar begin 'n dialek en waar 'n taal? Hoeveel isoglosse en isofone moet daar wees en van watter aard moet hulle wees om 'n isoglossengordel te vorm? As 'n mens as algemene beginsel aanneem: „doorgaans spreek men van (afzonderlijke) „taal”, wanneer de verschillen groter zijn dan de punten van overeenkomst”,²⁾ dan sal ons die taal van die Griekwas en Basters nie as 'n dialek van Hollands (Afrikaans) beskou nie, maar uiters as 'n embryo-dialek. Immers, in woordvorm en -betekenis sowel as in sinsbou vertoon hierdie kleurlingtaal veel meer punte van ooreenkoms met die beskaafde taal as punte van verskil.

§ 68. Uit die behandeling wat volg sal duidelik blyk dat, hoewel kleurling-Afrikaans in baie opsigte ooreenkom met 'n Kreoolse taal soos die Negerhollands van die Antille, dit veel meer van 'n „taal” is — veel ryker in woordeskat en in die vermoë om klein skakeringe van betekenis te laat uitkom, kortom, 'n veel beter middel is om uiting te gee aan

¹⁾ Vgl. Jespersen, *Language*, bl. 216 vlg.

²⁾ Dr. J. Schrijnen, *Handleiding bij de Studie der Vergelykende Indogermaansche Taalwetenschap*, bl. 104.

gedagtes, gevoelens en gewaarwordinge. Dit is nie so fleksieloos soos Negerhollands nie: die byvoeglike naamwoord word verbuig, so ook die selfstandige naamwoord; die werkwoord word vervoeg soos in Afrikaans, versover daar sprake is van vervoeging; die voornaamwoord het verskillende vorme; die verlies van fleksievorme word vergoed deur die gebruik van voorsetsels, ens.; owerigens wyk die sinsbou nie alte ver af van die van die AB. nie. Wel is daar afwykinge van die „Gemeinsprache” ten opsigte van klank, morfologie, sinsbou, woordgebruik en idioom, dog nie naastenby in dieselfde mate as in die geval van Negerhollands nie. Soos in Negerhollands vind ons: 'n vaste woordorde, 'n voorliefde vir beeldende uitdrukkinge, die neiging om grammatiese kategorieë te verskuiwe, die gewoonte om die parataktiese i.p.v. die hypotaktiese konstruksie te gebruik, 'n taamlik beperkte woordeskat hoewel veel minder beperk as die van Negerhollands, 'n neiging om woorde af te stomp, ens. Laat my dit toelig met 'n enkele voorbeeld, waaruit baie van wat hierbo gesê is sal blyk. Ek neem een van die Negerhollandse tekste ¹⁾ deur de Josselin de Jong opgeteken en laat daarvan so'n getrou moontlike omsetting in die Griekwataal volg:

§ 69. Ēn man wēs nabono di plantāi, a nām Net. En am a kan dif dā blanku si kalkūn. Ēn dag, wene ham ha lo werək, ham a sē di andə sendr, am kan jīt kalkūn, wan am manké. So mi pupā ha wēs meskene. Ham a ho fan di en a lei wak for am. So ēn dag ham a lo. Ham fan ēn kalkūn en mi pupā ha fen am mi di. Ham a drā 'm na dā mēstər fan dā plantāi. So de mēstər ha se: Frēdərīk, du wat ju wil met ham; drā 'm na fort o gi am ēn frai skirin. So dā man ha sē: nēn bās, mi sa ēder ju slā mi, nafo ju drāg mi na fort. Ef ju drāg mi na fort, sel lo slā mi en du mi na strāt for werək. So mi pupā ha ben ham na ēn bōm, ha dun ēn frai skirin nabono ham en los ham. So am a sē: dā slā kā pin mi, bot mi ēdā di dā dan fo lo na fort. Alma dā wērəkman sendr hā stan dā and a hi di almā ret („all right).”

§ 70. Dar was man op die plantasie (plaas); hy se naam was Net. Hy had manier om te die baas se kalkoene steel.

¹⁾ Uit *Het Huidige Negerhollandsch*.

Toe hy eendag l p werk, s  hy vir die anner hy kan kalkoen eet wanner hy weel. My tata was die opseegter. Hy h r daarvan en l  wag vir hom. Eendag had hy toe gel p. Hy vang een van die kalkoene en my tata kry vir hom darmee. Hy breeng hom na die baas van die plantasie. Die baas s  (toe): Frederik, mak (maak) met hom s s jy weel; vat hom na die fort (tronk) of gee hom 'n verdankste pak sla. Toe s  die man: nee seur (my h r), seur kan maar liewerste vir my slaan as om te vir my na die fort (tronk) vat. As seur my tronk-toe breeng, sal heule my slaan en my in die straat laat werk. Toe beende my tata hom an b m vas, gee hom goeie loesing en los hom toe. Toe s  hy: die slaan kan vir my s r mak, mar liewerste dat as om te l p tronk-toe. Al die werksmane had dar gastaan en dat was alles reg (?).

Dis nie nodig om uit te wei oor die eienaardighede wat ons tref in hierdie twee tekste nie, nog minder om hulle in fyne besonderhede met mekaar te vergelyk. Elkeen kan vir homself oordeel in hoever die Griekwateks ooreenkom met of verskil van die Algemeen-Beskaafde taal¹⁾ en in hoever dit kan bestempel word als 'n Kreoolse taal.

¹⁾ Hollands hier, anders kry ons 'n verkeerde historiese perspektief.





HOOFSTUK 3.

FONETIESE AFWYKINGE VAN DIE ALGEMEEN-BESKAAF. ¹⁾

§ 71. Daar is reeds op gewys ²⁾ dat daar tussen kleurling- en Algemeen-Beskaafde Afrikaans allerlei fonetiese verskille is; ook dat lede van dieselfde gemeenskap, en dikwels ook dieselfde individu, verskillende uitspraak het vir dieselfde woord. By ons is dit ook baie maal die geval: ons is nie altyd so heeltemal seker of ons nou juis sê *probeer* of *perbeer*, *soldate* of *soldade*, *geploegde* of *geploegte*, *jasse* of *jaste* e.d.m. nie. Ewe onseker is die kleurling omtrent die uitspraak of die vorm van sekere woorde, veral daar die geskrewe vorm hom onbekend is. Dit geld veral van 'n geval soos *tryfel* vir *twyfel* deur my by 'n ou Griekwa op Griekwastad gehoor.

§ 7. Op 'n gegewe plek sal nege uit die tien praat van *huus*, dog tot jou verbasing praat die tiende van *hys*, *huis* of *hoeis*. Sulke uiterste gevalle is daar egter nie baie nie: meestal is die verskil in uitspraak geleë in die gebruik van verskillende lede van dieselfde foneem. ³⁾

DIE KLINKERS.

§ 73. By die bespreking van die klinkers word begin by die hoë voor-posisie, langs die bene van die driehoek af en terug na die hoë agter-posisie. ⁴⁾

¹⁾ Onder hierdie hoof word die Griekwa- en Bastertaal saam behandel. Vgl. bl. 6.

²⁾ Vgl. § 67.

³⁾ Vgl. dr. T. H. le Roux en P. de V. Pienaar, *Afrikaanse Fonetiek*, § 159 vlg.

⁴⁾ Die fonetiese tekens hier gebruik dank ons aan *Afr. Fon.*

§ 74. **i—y.** Die i-klank is, soos in Afrikaans, ¹⁾ die geslote hoë voorklinker, 'n ietsie laer as kardinale **i**.

Die geronde vorm is gewoonlik minder gerond as in Afrikaans, sodat dit meestal nader staan aan **i** as aan **y**. Woorde soos **nys nuus** en **my:r muur** klink dus meer soos **nis nies** en **mi:r mier**.

i > 6i in **6idære:n** *eidereen* vir **idære:n** *iedereen*, ook onder blankes nie ongewoon nie. Vgl. die uitspraak **jyl6i**, **jul6i** *Julei*, **Joelei** vir **jyli** *Julie*.

y > ou. Op Griekwastad word soms gehoor **soucis** *soutjies* vir **sucis** *soetjies* of **sy:cis** *suutjies*; dikwels ook **va:rskou** *waarskou* vir **va:rsky** *waarsku*. Vgl. *schouw* vir *sku* in die *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. II.

y > o : in **o:ni** *Onie* vir **yni** *Unie*, nou en dan gehoor op Rehoboth. Dis seker onder invloed van die Duitse uitspraak.

y > yvə Die woordjie **nys nuus** word deur die kleurlinge uitgespreek **nyvəs(nyvis)** *nuwes (nuwies)*. Die byv. nw. hiervan afgelei is *nuwesagtig*, wat nie beteken nuuskierig, soos 'n mens miskien sou verwag nie, maar wel nuusdraerig of verklikkerig. Die woord nuuskierig word dikwels vervorm tot *niskierag* of selfs *miskierag*.

Vir *nuwes* vergelyk Mnl. *nieuwes*, *nuwes*.

§ 75. **e:**. Die middelhoë voorvokaal gaan by die Griekwa byna altoos oor tot die gerekte middellae voorvokaal **ε** :, soos blyk uit die volgende sinnetjies: **di ε:rstə man vat dɔ:t-xəmak əs**, *vas m6i svə:r die êrste man wat dōdgemak is*, was my swaer; **fir vas xəvɛ:s ε:landə** *hier was gewēs êlande*: **di sik fiat m6i fiε:ltəmal xəbrɛ:k** *die siek had my hēltəmal gebrêk*.

Voor **r** ²⁾ is **ε** lank, in ander gevalle een graad gerek. Vgl. o.a. Suid-Brabants *êrst* ³⁾ vir *eers* en analoë gevalle in Afrikaans: *wêreld* < *wereld*, *perd* < *peerd* < *paard*, *werd* < *weerd* < *waard*.

§ 76. **e** : > **ø**:. In baie gevalle gaan die ongeronde klin-

¹⁾ T.a.p. § 92 vlg.

²⁾ Vgl. *Afr. Fon.*, § 736 wat gesê word omtrent die rekkende krag van l.

³⁾ *Regenboogkleuren*, bl. 101.

ker oor tot die geronde, so bv. in *tø : teu vir te:(te:ə) tee* (*teë*), *tø:n teun vir te:n teen*, *spø:ls speuls vir spe:ls speels*, *sø:və seuwe vir se:və sewe*, *fø:rtax veurtag vir fe:rtax veertig*, veral op Rehoboth. In Mnl. vind ons ook o.a. *seuwen vir zeven*, en die omgekeerde *evel* en *crepel* vir *euvel* en *kreupel*. Vgl. verder Oos-Brabants *verspeule*, *zooveul*¹⁾ en ook Afrikaans²⁾ waar hierdie verskynsel nie ongewoon is nie.

§ 77. *e* : > *ə*. Op Rehoboth is *frëndə vrinde* en *frəndələg vrindeling* gewoon vir *fre:mdə vreemde* en *fre:mdələg vreemdeling*. In gewestelike Afrikaans word dieselfde of 'n dergelike uitspraak ook gehoor. Hoewel die oorgang van *ə* tot *e*: heel gewoon is in Afrikaans (bv. *ke:nərs*, *ce:nərs keners* uit en naas *kənərs kinders*), is die omgekeerde nie die geval nie, tensy voorbeelde genoem word soos *fiufəl hoevel*, *vanər wanner*, *sufəl suffel*, ens. waar egter *ə* < *e*: val in onbetoonde lettergrepe.

Vrinde kan ontstaan het uit *vrimde* en dit uit *vreemde*. Vgl. die *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. 33: *vrimde ding*.

§ 78. *e* : > *əi*. Hierdie diftongering word net aangetref in sekere woorde, soos in *róin rein* vir *re:n reën*, *tóí tei* vir *te: tee*, *stóin stein* vir *ste:n steen*, *nóigə neige* vir *ne:gə nege*, *xəməintə gemeente* vir *xəme:ntə gemeente*. In woorde soos *be:n been*, *fiə:n ən ve:r heen-en-weer* vind die diftongering nie plaas nie. Wat die rede hiervoor is, is nie maklik om uit te maak nie. Sou 'n woord soos *stein* miskien erfgoed wees uit die 17de eeu? Vgl. Middelnederlands.

Opm. In Afrikaans het ons ook *flóis vleis* en *xəməointe gemeente* uit en naas *fle:s vlees* en *xəme:ntə gemeente*. Vgl. o.a. *Pascha* van Vondel, vs 1199: *teiken* vir *teken* en vs. 2153: *kleid* vir *kleed*; ook Maastrichts *sleipe*, *allein*, *gemeinte* vir *slepen*, *alleen*, *gemeente*.³⁾

§ 79. *ø*. Die geronde vorm van *e*: kom ooreen met die Afrikaanse, versover dit nie ontrond word, soos meestal die geval is nie. Oor die algemeen skyn ontronding veel meer by die kleurlinge voor te kom as by die Afrikaner: *nøs*

¹⁾ *Regenboogkleuren*, bl. 99.

²⁾ Vgl. *Afr. Fon.*, § 205.

³⁾ *Regenboogkleuren*, bl. 63.

neus en *søn seun* klink gewoonlik soos *ne:s nees* en *se:n seen*.

§ 80. $\emptyset : > \text{æ} :$. Op Rehoboth en Griekwastad is die gewone uitspraak van *pø:lə peule* *pæ:lə pûle*. Die omgekeerde, nl. die oorgang van æ tot $\emptyset$ is baie gewoon, so bv. *køsəŋ keusing* uit *koesəŋ kussing*. Vgl. § 86. Vgl. ook Afrikaans *øpci* naas *œypci*, *pəl* naas *pœyl*, *nøk* naas *nœk*. ¹⁾

§ 81. $\emptyset : > \text{ɔ} :$. 'N enkele maal hoor 'n mens *dɔ:r*, vir *dø:r*, dog algemeen is hierdie uitspraak nie. 'N ander dergelike geval het ek nie teëgekom nie.

§ 82. ɛ . Die ɛ van die woordjie *ek* *ek* word op verskillende manier uitgespreek: *ɛ:k*, *ɛk*, *e:k*, *i:k* (*êk*, *ek*, *EEK*, *iek*). Hierdie laaste uitspraak kom, sover ek kon nagaan, baie ooreen met die Engelse *i*-klank in *did*. Dit geld ook van die woordjie *es* *is* wat iets *i*-agtigs skyn te hê. Op Rehoboth het die klank ɛ dikwels ook iets æ -agtigs in woorde soos *melk* en *werk*, dog in woorde soos *vet* en *mes* nie; hierdie æ skyn dan net voor die likwida *l* en *r* gehoor te word.

Opm. In *Afrikaanse Fonetiek*, § 254, word gesê dat in woorde soos *lekker* en *rekker* ook die neiging bestaan om ɛ te laat oorgaan tot æ (in Westelike Transvaal). Vir die juistheid van hierdie opmerking wil ek nie instaan nie: as dit gehoor word, sal dit slegs by enkele families of in enkele individuele gevalle wees. Hoe dit ook sy, ons kan aanneem dat die *l* en *r*, of hulle die klinker voorafgaan of volg, sodanige invloed daarop uitoefen dat dit 'n meer oop klank word, afgesien van watter ander invloed hulle daarop mag hê.

§ 83. $\text{ɛ} > \text{a}$. In die woordjie *fist* *het* ²⁾ gaan die ɛ gewoonlik oor tot *a*. Vgl. hiermee *dat* en *das* vir *dít* en *dís*.

§ 84. $\text{ɛ} > \text{ə}$. Soos in Afrikaans word ook gehoor *tənt tint* vir *tent tent*, *rəntə rinte* vir *rentə rente*, ens., dog nie algemeen nie. Dit is nogal bevreemdend, veral daar die oorgang van ɛ tot ə in „plat” Afrikaans so gewoon is.

§ 85. œ . Versover hierdie klank nie oorgaan tot 'n an-

¹⁾ *Afr. Fon.*, 282—283.

²⁾ Bedoel word *hat* in die teenwoordige tyd. Vgl. § 146.

der nie, is dit dieselfde as die Afrikaanse, so bv. in **poets puts** en **fiœt hut**. Meestal egter gaan dit oor tot 'n ander klank:

§86. **œ > ø**:. Die kleurling praat van **kø:sœ** *keusing*, **bø:fœl** *beufel*, **skø:lt** *skeuld*, **rø:ki** *reukie*, **sø:stœr** *seuster*, **pø:nt** *peunt*, **skø:tœrs** *skeuters*, **dø:vœlt** *deuweld*, **flø:x** *vleug*, **stø:ki** *steukie*, **trø:x** *treug*, **bø:rgœrs** *beurgers*, **fø:ls** *veuls* (naas **fø:lœ** *veule* en **fø:lœns** *veulens* vir **fœlœns** *vullens*), **tø:sœn** *teusen*, ens. vir **kœsœ** *kussing*, **bœfœl** *bufel*, ens.

Opm. 1. 'N sametrekking soos *gleukie* < *glukkie* < *gelukkie* is heel gewoon. Vgl. hiermee *gorment*¹⁾ < *gowwerment* < *goewerment* < *goevernement* of *vloor* < *verloor*.

Opm. 2. Naas **tø:sœn** *teusen* word ook dikwels gehoor **tœskœn** *tussken*; naas **pø:ts** ook **poets** (*peuts* — *puts*).²⁾ Die omgekeerde kry ons ook: **fœl vul** < **fø:l veul** (= *veel*), **spœlsxœit** *spulsgeid* < **spø:lsxœit** *speulsgeid* (= *speelsheid*).

§ 87. **œ > ɔ**. 'N enkele keer word gehoor **axœstœs** *Agos*tes naas **axœ:stœs** (**açœ:stœs**) *Ageustes* vir *Augustus* (op Griekwastad veral).

§ 88. **œ > a**:. Die ouer geslag het gepraat van **fiœ:li** *ha-lie*³⁾ (*haarlie*) vir **fœ:lœ** *heule* of **fœlœ** *hulle* het menigeen my verseker op Griekwastad.

§ 89. **a—œ**:. Kort **a** vir lang **œ** word dikwels gehoor onder die Griekwas sowel as onder die Basters: **sam** *sam*, **di œ:rstœ** *mal die êrste mal*, **dœ:tmak** *dôdmak*, **maxsœ:r** *magsêr*, **kart** *kart*, **mantlœks** *mantliks* (= *maandeliks*), **di lastœ œ:n** *fiat xœdœ:t die laste een had gedôd*, **fœi** *xœdrax* **fœm** *xut hy gedrag hom goed*. Hierdie voorbeelde is opgeteken op Kokstad. Op Griekwastad en Rehoboth is hierdie eienaardigheid eweneens heel gewoon.

Opvallend is die omgekeerde, veral op Rehoboth. Deur

¹⁾ Naas *gorment* ook *gormint*. Vgl. *Ons Geselstaal*, bl. 160; ook J. P. de la G. L. in *Die Volkstem* van 18 Maart, 1930: Ek het groot ska'e (skaaie) gehad.

²⁾ Algemeen in Afrikaans *teerputs*. Vgl. de Roubaix, *Uit Boesmanland*, bl. 95 en elders in hierdie werk, ook *Boesmanlandse Sketse en Verhale*.

³⁾ Kijk *Ons Geselstaal*, bl. 32; ook Reitz, 62 *Uitgesogte Gedigte*, bl. 102: *Hulle hou ver haarlie heelmaal stom*.

sommige Basters word byna elke kort klinker gerek, die gevolg waarvan is dat hulle spraak baie temerig klink. Ek noem hier enige voorbeelde daar opgeteken: **a:mpər xadɔ:t fani dɔ:rs** *aamper gadôd van die dôrs*, **a:le da:ə** *ale dae*, **di ba:stərs ɸa:t pɔ:tsə** *mus xrou die Baasters had peutse moes grou*, **mi:dax** *miedag* **ɔ:pdro:ə** *ôpdroë*, **dɔrpə**, *dôrpe*, **da:s mɔi bɔ:rxrɔnt** *daas my bôrgrond* (= geboorteplek), **pɔ:tə əm-pa:nə** *pôte en pane*, **kɔ:fi**, *kôfie*, **vɛ:rk wêrk**, **vi:lə** *wiele*, **slɛ:xtə ma:nə ən frouə** *slêgte mane en vroue*, **ka:n kɔ:s kɔ:k** *kaan kôs kook*, **ny: və** *nuwe*, **nɔ:k** *neuk*, **fu:t** *voet*, **bɔ:sis** *bôsies*, ens., ens.

Op Griekwastad is die volgende opgeteken: **xra:pə** *grape*, **bɛskɛ:rəm** *beskêrm*, **sa:kə kɔ:rəŋsə** *sake kôringse* (= sakke koring), **pɔ:t** *pôt*, **xa:t** *gaat* (= gat), **kle:pərs** *klepers*, **y:txəba:stər** *uitgebaaster*, **da:pərə** *dapere*, **rɛ:ntə** *rênte*, **fənda:x** *vendaag*, **ta:k** *taak* (= tak).

Opm. 1. Waaraan hierdie „trek“- of „sleep“-Hollands, soos een van my segsmanne dit noem, moet toegeskrywe word, is alles behalwe maklik om uit te maak. In sy *Zielkundige Verwickelingen*, IV, bl. 15, toon van Ginneken aan dat die landbouers- of boeredialek langsaam van tempo is, dat vissers en jagters saggies praat en dat die taal van handelsdrywende dialekbevolkinge gekenmerk word deur vriendelikheid, beleefdheid en innemendheid. Sou 'n mens nie kan aanneem nie dat die sprekers van „sleep“-Hollands persone is wat 'n rustige, onbekommerde en onbewoë lewe gelei het, of nakomelinge is van persone wat sodanige lewe gelei het, terwyl die wat weer die gewoonte het om lang klanke te verkort net die teenoorgestelde lewe gelei het? Sal die taal van 'n volk wat voortdurend bedreig word deur allerlei gevare waar vlugheid van handel eerste vereiste is vir selfbehoud, nie ook beheers word deur en 'n weerspieëling wees van daardie lewe nie? ¹⁾

Opm. 2. **a > ə**. **spənspek** *spinspek* vir **spanpek** *spanpek* het ek 'n paar maal op Griekwastad gehoor. Vgl. Afrikaans **pətro:n** *petroon* < **patro:n** *patroon*, e.d.m.

§ 90. **a > e:**. **ɸɔi vɛ:s da:r** *hy wees daar* vir **ɸɔi vas da:r** *hy was daar*, word my op Griekwastad verseker, was baie gewoon onder die ouer geslag. Dit lyk my of ons hier

¹⁾ Verkorting en rekking word nie by dieselfde sprekers aangetref nie.

met 'n kontaminasie-produk te doen het i.p.v. 'n klankoor-gang.

§ 91. **a > ou.** Die vorige geslag, word my verseker, het ook gepraat van **louŋ slouŋ loung sloung** vir **laŋ slaŋ lang slang** en van **houŋər hounger** vir **houŋər hunger**. Om dit te verifieer is egter moeilik. Dit kan nie ontbloot wees van alle waarheid nie, want op Fauresmith word mij deur 'n baie vertrouwbare blanke van oor die sestig meegedeel dat die ou Griekwas gepraat het van: **le: sɔiŋ fər ɔns da:ri xəsəouŋ lê seing vir ons daardie gesəoung** (= sing dan vir ons daardie gesang); ook dat die oues **raouŋ raoung** gesê het vir **rouŋ rong** (van 'n wa) — op Rehoboth heet dit **rom rom**.

§ 92. **ɔ.** Versover hierdie klank nie een graad gerek word nie, soos dikwels die geval is op Rehoboth veral, kom dit ooreen met die Afrikaanse in woorde soos **ront rond, kom kom, pot pot**, ens.

§ 93. **ɔ > u.** In die volgende woorde gaan **ɔ** oor tot **u**: **ɔnər onder > unər oener, ɔns ons > uns oens, tɔt tot > tut toet** (toet op daardie rant). Hiernaas is ook gewoon: **ɔ:nər ôner, ɔ:ns ôns, tɔ:t tôt**.

Vgl. *Uit Boesmanland*, bl. 14: „Baas Tobiasgoed, ou Isbel dwing mos nou oens moet ok dorp-toe lê trek”.

§ 94. **ɔ > a.** **fɔntɔin fontein** word gewoonlik uitgespreek **fantɔin fantein**. Dieselfde oorgang vind ons in die woord: **pə:punə papoene < pɔmpunə pompoene**. Hoewel **papoene** i.p.v. **pampoene**¹⁾ of **pompoene** ook heel gewoon is in Afrikaans, het ek dit nooit hoor uitspreek met die klem op die eerste lettergreep nie. Vgl. § 100.

§ 95. **o: — ɔ:.** Hoewel die **o:**-klank wel gehoor word, kan gesê word dat dit meer uitsondering as reël is. Die uitspraak **fərko:p verkoop** bv. het ek slegs 'n paar maal gehoor; **fərko:p verkôp** daarentê is so goed as algemeen. Dit geld ook van **bəlo: belo** naas **bəɔ: belô** vir **bəlo:və belowe** en **xəbo:r geboor** naas **xəɔ:r gebôr** vir **xəbo:rə gebore**.

Die volgende woorde en sinnetjies waarin die **ɔ:**-klank

¹⁾ Vgl. Franck-van Wijk: *pompoen* uit Latyn *pepo*.

voorkom, word in die daaglikse gesprekke gehoor: **sɔ:** *sô*, **ɔ:** *ô* naas **ɔ:ə** *ôe* (= **o:ə** *oë*), **skɔ:t** *skôt*, **vɔ:n** *wôn*, **xəŋɔ:r** *gehôr*, **ɔ:rlɔx** *ôrlog*, **rɔ:k** *rôk*, **ŋirbɔ:** *hierbô*, **bɔ:mə** *bôme*, **ŋɔ:fstat** *hōfstad*, **dɔ:t** *dôd*, **bəŋɔ:rlək** *behôrlik*, **sɔ:pi** *sôpie*, **kɔ:rəŋ** *kôring*, **fərlɔ:** *verlô* (= **fərlo:ən** *verloën*); **fərkɔ:p** *ɔnsə xut fər kɔ:s* *verkôp onse goed vir kôs*, **lɔ:p** *ŋa:l di be:s lɔp haal die bees*, **di ɛ:rstə** *kafər wat mət uns xəspɔ:k* *ŋat die êrste kaffer wat met oens gespôk had*, **sɔ:s** *uns* **ŋom lɔ:p skit ɔ:rkant di rafi:r** *sôs oens hom lɔp skiet ôrkant die ravier*, ens.

Opm. 1. Op Rehoboth word die uitspraak **xəbɔ:r** *geboor*, **kɔ:p** *koop* en **lɔ:p** *loop* dikwels gehoor, terwyl op Kokstad en Griekwastad **xəbɔ:r** *gebôr*, **kɔ:p** *kôp* en **lɔ:p** *lôp* die gewone is.

Opm. 2. Die **o:** van **bɔ:mə** word deur beide Griekwas en Basters as **ɔ:** uitgespreek, tog meen ek op te gemerk het dat die **ɔ:** by die Basters dikwels 'n meer geslote ') klank is as in Afrikaans, dat dit dus lê tussen **o:** en **ɔ:**.

Terwyl die Basters praat van **o:lfante** *oolfante* ¹⁾ naas **ɔ:lfantə** *ôlfante*, het ek by die Griekwas net die laasgenoemde uitspraak gehoor. So ook is **dəri drɔ:xtə** *deur die drôgte* gewoon op Rehoboth, terwyl onder die Griekwas dit meestal lui **dɔ:ri drɔ:xtə dɔr die drôgte**.

§ 96. **o:** < **ou**. Op Griekwastad was die uitspraak onder die oues **asfoul** *asvoul* i.p.v. **asfo:l** *asvoël* (of **a:sfo:l** *aasvoël*).

§ 97. **ɔ** voor nasaal. Op Rehoboth word gehoor **õ:s**, **ũ:s** en selfs **us** vir **ɔ:s** (**ɔns**). Die Griekwas daarentêë nasaleer die klinker slegs by wyse van uitsondering; meestal dus is hulle uitspraak **ɔns** of **uns**. Dieselfde geld van ander klinkers in die „nasaleer-stand”, d.w.s. veral voor frikatiëwe. ³⁾

§ 98. **u** Die **u**-klank is dieselfde as die Afrikaanse, versover dit nie een graad gerek word nie.

Onder die vorige geslag, word my verseker, het **u** dikwels oorgegaan tot **ɔ:**, so bv. **brɔ:r** *brôr* i.p.v. **bru:r** *broer*. Dit sal wel die geval gewees het, alhoewel miskien nie al-

¹⁾ Vgl. *Afr. Fon.*, § 229.

²⁾ Gewoon in die volkstaal. Vgl. o.a. V. d. Heever, *Droogte*, bl. 65.

³⁾ Vgl. *Afr. Fon.*, § 324 vlg.

gemeen nie, want op Philippolis het ek 'n ou Griekwa nog hoor praat van sy **brɔ:r**.

§ 99. **ə**. Die neutrale vokaal is kort soos in Afrikaans: **bə:tər bitter**, **pə:lə pale**, **kɔ:rəŋ, koring**, of lank in die uitspraak van die wat „sleep”-Hollands praat en dan alleen wanneer die lettergreep met **ə** die klem dra: **də:k**, **bə:tər** en **pə:tə** vir *dik*, *bitter* en *pitte*.

Meestal gaan **ə** oor tot 'n ander klank:—

§ 100. **ə > a**. Terwyl in Afrikaans, insonderheid „plat” Afrikaans, die **ə** ook dikwels oorgaan tot **a** veral in die uitgang **-əx** (**le:vəndax lewendag**, **druvax droewag**, **ŋa:stax haastag**, **maxtax magtag**, **kraxtax kragtag**,¹⁾ ens.), kom dit by die kleurling nie net hierdie geval voor nie, maar nog in baie ander. So bv. hoor ons: **rafi:r ravier**, **parlament parlament**, **rasɔipɔis rasyntjies**,²⁾ **fantɔin fantein**, **y:tbat:l uutbataal**, **rabel rabel**, **das das**, **dat dat**, ens., en met metathesis **arnɔstər arnoster** < **ranɔstər ranoster** < **rənɔstər renoster**.

Soos in die uitgang **-əx** gaan **ə** in die voorvoegsel **xə-** gewoonlik oor tot **a**. Die oorgang van **ə** tot **a** voor en na **x** moet waarskynlik toegeskrywe word aan die invloed van **x** wat 'n gedeeltelike assimilasië veroorsaak, daar **a** nader aan **x** lê as **ə**.

§ 101. **ə > e**. In gewestelike Afrikaans word ook gehoor **kes(ces)** *kees* **bəçənə begene**, **kənərs(cenərs)** *keners*, vir **kəs kis**, **bəxən begin**, **kənərs kinders**, dog die oorgang van **ə** tot **e** is onder die kleurlinge bepaald meer verbreid. Ek noem hier enige gevalle terloops opgeteken: **çestər naas festər geester**, **set seet**, **spet speet**, **çef geef**, **lexa:m legaam**, **let leed**, **fərskel verskeel**, **rebəcis rebetjies**, **benəkant bene-kant**, **lex leeg**, **enbrəŋ eenbring**, **vet weet**, **peksvart peek-swart**, **neks neeks**, **bedə bede**, **skeŋkbɔrt skeenbord**, **enset eenseet**, **bəçənə begene**, **pet peet**, ens., ens. vir **xəstər gister**, **sət sit**, **xəf gif**, ens.

¹⁾ In AB. vind ons die uitgang **-ag** meestal net in „kragwoorde.” Vgl. *Afr. Fon.*, § 260.

²⁾ Vgl. Franck-vanWijk. Dr. J. J. le Roux deel my mee dat die vorme *janever*, *ravier*, *tanta*, *pampoen*, ens. dikwels voorkom in Kaapse stukke voor 1800; en dat *a* en *e* wissel veral in vreemde woorde: *kelant* naas *kalant*, *perty* naas *party*, ens.

Onder die Basters het dit my getref dat die ə van *məs mis*, *fəs vis*, *kəs kis*, ens. nie altyd oorgaan tot *e* nie. Die ə skyn iets i-agtigs te hê, en sover ek kon nagaan het ons in hierdie gevalle meer die I-klank van Engels *dɪd*.¹⁾

(Vgl. wat elders gesê is omtrent die *ɛ* van *ɛk*). Dit geld ook van woorde soos *bedə bede* en *stel steel* wat foneties miskien beter weergegee word as volg: — *bɪdə* en *stɪl*.

§ 102. ə > ɔ. Nou en dan word gehoor *mɔt*²⁾ *mot* vir *mət*, *mət met*: — *uns fiat mɔt di kafersə xəbaklei oens had mot die Kafferse gebaklei*.

Op Fauresmith het ek 'n ou Griekwa hoor praat van *fortel vortel* i.p.v. *fərtel vertel*.

§ 103. ə > ai. Onder 'n vorige geslag moes *dai*: of *dai* of *daĩ* (volgens die uitspraak van 'n 70 jarige ou Griekwa) vir die meer gewone *dɛŋ deeng* die algemene, of so goed as algemene, uitspraak gewees het.

Die ontwikkeling van *dai*: uit *dɛŋ* uit *dəŋ* stel ik my as volg voor: net soos *kes (ces)* ontwikkel uit *kəs*, so het uit *dəŋ* ontwikkel *dɛŋ*; die oorgang van *e* tot die diftong *ɔi* is nie ongewoon onder die Griekwas nie (*xəme:ntə-xəməintə*), sodat *dɛŋ* oorgegaan het tot *dɔiŋ*. Hierdie *ɔi*-klank het op sy beurt ontwikkel tot *ai*: of *ai* (vgl. *kɔik — kaik*). Die oorspronklike *dəŋ* lui nou *daiŋ*. Deur swak artikulasie is die sagtegehemelte-nasaal langamerhand verdwyn, sodat die uiteindelijke vorm geword het *daĩ*: of *dai*:

Ons kry kortom die volgende stadia: *dəŋ* > *dɛŋ* > *dɔiŋ* > *daiŋ* > *daĩ* (*daĩ*:).

Dat vandag *dɛŋ* die vorm *daĩ* so goed as heeltemal vervang het, sal ongetwyfeld moet toegeskrywe word aan die een groot wet van alle tale, die nl. van „nivellering”. (Vgl. § 101 vir die oorgang van ə tot *e*, en verder die sirkelloop van *sjieling* — *sieling* — *sjieling* (*Afr. Fron.*, § 639—640).

¹⁾ Vgl. die Engelse volkaalkaart, *Afr. Fon.*, bl. 67.

²⁾ Gewoon in die Nederlandse spreektaal.

DIE TWEEKLANKE.

Die opvallendste afwykinge van die Algemeen-Beskaaf ten opsigte van die tweeklanke is die volgende:

§ 104. **œy > y** :. Die uitspraak **fy:s huus**, **ty:s tuus**, **y:t uut**, **my:s muus**, ens. vir **fioeys huis**, **toeys tuis**, ens. is onder die ouer geslag so goed as algemeen, dog minder gewoon onder die jongeres. Ons kan aanneem dat die **y**-uitspraak verweg die gewoonste is. Selfs onder die agterlike blankes in Namakwaland en Boesmanland word die diftong dikwels vervang deur die monoftong.¹⁾

Op Rehoboth word die **œy**-uitspraak veel meer gehoor as onder die Griekwas. Die rede hiervoor sal wel wees dat die Basters, wat oor die algemeen beter opgevoed is as die Griekwas, veel meer in hulle taal te danke het aan die invloed van die Hollandse Bybel as laasgenoemde.

§ 105. **œy > ui**. Naas die vorme **fy:s huus**, **ty:s tuus**, ens. word ook gehoor **fiuis hoeis tuis toeis**, **ruil roeil**, **buitəkant boeitekant**, **uit oeit**, **duivəlsə doeiwəlsə**, ens., dog in die dele deur my besoek slegs by wyse van uitsondering.²⁾ Vir **xətœyə** getuie is die enigste uitspraak ooit deur my gehoor **xətuiə** getoeie. Dit geld ook van **kuiər koeier** vir **kœyər kuier**. Dis bepaald makliker om te sê **getoeie** en **koeier** as **getue** en **kuer**.

§ 106. **œy > oi** :. 'N enkele maal het ek op Rehoboth die uitspraak **toi:s toois** gehoor vir **toeys tuis**, ook **lois loois** vir **loeys luis**. Die Duitse uitspraak van **huis** en **luis** sal ongetwyfeld hiervoor verantwoordelik wees.

Opm. Die vraag kom onwillekeurig by ons op: om watter rede dit sou wees dat by die Griekwas die **y**-uitspraak gehoor word i.p.v. die **œy**- in woorde soos **huis** en dergelyke?

Kloeke toon aan³⁾ dat die **ü**-uitspraak (**ü = y**) < Ger-

¹⁾ Op 'n reis na Springbok (Namakwaland) het ek dit gehoor in die mond van 'n blanke. Vgl. *Ons Geselstaal*, bl. 169—170.

²⁾ In 'n stukkje Griekwa-Afrikaans in *Die Huisgenoot*, 18 Sept. 1925, word die **œy** orals weergegee deur **ui** en nie **y**: nie.

³⁾ *Reflexen van Hollandsche expansie in de huidige Nederlandsche dialecten* — mededeelingen der Koninklijke Akademie van Wetenschappen, Afdeling Letterkunde, Deel 61, Serie A No. 1, bl. 1. Vgl. ook „Oud-Hollandsche Relicten met **ü**-uitspraak voor Germ. **û**.” (*Nieuwe Taalgids*, 20ste Jaargang, 4de aflevering).

maans **i** in die Noordelike Nederlande uit Holland, meer bepaaldelik Suid-Holland, moet ingevoer wees, waar, volgens verklaringe van taalgeleerdes uit vroeër jare, die monoftongiese uitspraak die gewone moet gewees het. Hy kom tot die konklusie dat die monoftongiese uitspraak in die begin van die 18e eeu nog geleef het; in Enkhuizen is dit tot vandag toe bewaar gebly. Dit bevreemd hom dat die monoftongiese uitspraak nie in Afrikaans teruggevind word nie, veral daar, volgens Boekenoogen, Afrikaans baie ooreenkom met die gouspraak van Suid-Holland, waar, in die 17de en 18de eeu, hierdie uitspraak die gewone was. Dat Afrikaans gaan diftongeer het lei hom tot die vraag of die rol deur die Nedl. dialekte gespeel in die vervorming van Nederlands tot Afrikaans nie oorskat word nie.

Dis hier nie die plek om uit te wei oor die rol deur hierdie of daardie dialek gespeel in die ontwikkeling van Afrikaans nie. Daarvoor weet ons te min van die 17de en 18de eeuse dialekte. Moet ons aanneem dat die Griekwas se Europese voorouers afkomstig was uit Suid-Holland, waar die **y**-uitspraak nog gewoon was, en dat die nakomelinge dit bewaar het in hulle taal? En dat die Afrikaners, gestel dat hulle voorouers ook afkomstig was uit Suid-Holland, gaan diftongeer het onder invloed van die geskrewe vorm of as gevolg van kultuurinvloed? Of is dit miskien juis bewys dat maar slegs 'n klein aantal pioniers Suid-Hollanders was en dat die Afrikaanse stamouers vir die grootste gedeelte uit ander provinsies gekom het? Dis vrae hierdie waarop ons voorlopig 'n antwoord sal moet skuldig bly. Prof. Boshoff neem aan dat die provinsies Noord- en Suid-Holland en Seeland die grootste aantal stamvaders en stammoeders gelewer het¹⁾ en „Vir 'n verklaring van die woordeskat van Afrikaans moet m.i. alle Nederlandse, en selfs die Platduitse, dialekte in aanmerking geneem word — die taalskat dus van heel die Nederduitse taalgebied, al is dit „a priori” aan te neem, dat aan die dialekte van *Noord-Holland*, *Suid-Holland* en *Zeeland* die grootste betekenis moet toegeken word.”²⁾

Wat enigsins bevreemdend is, is dat die Griekwas en Basters, hoewel hulle die **y**-uitspraak behou het, nie ook die korresponderende lang **i**: bewaar het nie. Sou die rede miskien wees dat die diftongering van **i**: plaasgevind het voor die van **y**, sodat die dialeksprekende immigrante van die 17e eeu onbekend was met die monoftongiese **i**:? Wat dan

¹⁾ *Volk en Taal*, bl. 15.

²⁾ *T.a.p.*, bl. 41.

omtrent woorde soos tier, olienhout e.d.m.? ¹⁾

§ 107. **oi:** > **œy**. Naas **uit** *oeit* en **nuit** *noeit* vir **oi:t** *ooit* en **noit** *nóoit* word af en toe op Rehoboth ook **œyt** *uit* en **noeyt** *nuit* gehoor. Onder die Griekwas daarenteë skyn *out* en *nout* die meer gewone vorme te wees. In gewestelike, miskien beter gesê, „slang”-Afrikaans, word ook gepraat van *so nout nie!*

§ 108. **ɔi** > **ai** of **ɛi**. Onder die Basters het die **ɔi** van **laik** *lyk*, **kɔik** *kyk*, **frɔi** *vry*, ens. baie ooreenkoms met die **ai** van **kaiəŋ** *kaiing*, sodat hierdie woorde ongeveer klink soos **laik** *laik*, **kaik** *kaik* en **frai** *vrai*. ²⁾ Ander kere het dit weer nader geklink aan Nederlands **ɛi**.

Die tweeklank **ɔi** verskil in alle geval van die Afrikaanse, en wel hierin, naamlik dat die eerste element nie 'n tipe van die tussenvokaal **ə** is nie maar òf die voorvokaal **a** òf **ɛ**. Weens die verskeidenheid in uitspraak onder lede van dieselfde gemeenskap, is dit moeilik om vas te stel watter uitspraak, die **ai** of **ɛi**-, die algemeenste is, en ook of ons nie nog met ander skakeringe van hierdie diftong te doen het nie.

Op Philippolis is ek getref deur die uitspraak **kjɔik** (**kɔik**) ³⁾ *kjyk* vir *kyk*.

§ 109. **ɔi** > **ɛ**. **ɛnɛrlək** *ennerlik* vir ons **ɛintlək** (**ɛntlək**) *eintlik* (*entlik*) is die gewone vorm onder die Griekwas. Sou die woord *innerlik* iets te doen hê met die ontstaan van hierdie vorm? Vgl. die *innerlike waarde* van iets en die *eintlike waarde* van iets.

§ 110. **eo:** > **ou**. 'N ander uitspraak as **lou** *lou* vir **leo:**, **liu:** *leeu* het ek nòg onder die Griekwas nòg onder die Basters gehoor. ⁴⁾ Oor die ander tweeklanke val daar niks te sê nie. Wie die kleurlingtaal bloot uit fonetiese oogpunt

¹⁾ Vgl. Dr. Schönfeld, *Historiese Grammatika van het Nederlands*, § 52.

²⁾ Gewoon in die Ndl. dialekte; vgl. o.a. Leids *kaike* en *vaif* vir *kijken* en *viyf*. Vgl. ook in die staaltjie van Griekwa-Afrikaans deur J. P. la G. L. in *Die Volkstem* van 18 Maart, 1930: „As jy twaifel is dit nie „Doesj” nie.” (Volgens 'n verklaring van la G. L. is „Doesj” die byv. nw. van Dususman; dus: as jy twyfel is dit nie waardig van 'n Dususman nie).

³⁾ Vgl. *Afr. Fon.*, § 496 vlg.

⁴⁾ T.a.p., § 294.

gaan bestudeer, sal ongetwyfeld nog allerlei groter of kleiner afwykinge van die Algemeen-Beskaaf waarneem. Tog meen ek dat die vernaamste verskille in verband met die klinkers en tweeklanke aangetoon is.

DIE MEDEKLINKERS.

a) Die Eksplosiewe.

§ 111. **b—p**. In sommige gevalle is dit moeilik om vas te stel wat die meer gewone of gangbare uitsprake is, die met **b** of die met **p**. Vir **probe:r**, **pərbe:r** *probeer*, *perbeer* word die volgende gehoor: **bo:be:r** *bobeer*, **bərbe:r** *berbeer*, **pəbe:r** *pebeer* en **pərbe:r** *perbeer*; **probe:r** *probeer* het ek nêrens gehoor nie.

bəta:tas *betatas* skyn die mees gewone uitspraak te wees vir **pətats** *pətats*.

Naas **bəta:l** *betaal*, **bətəits** *betyds*, **bəçe:nə** *begene* (= *beginne*), ens. word gehoor **pəta:l** *petaal*, **pətəits** *petyds*, **pəçe:nə** *pegene*. Die uitspraak **bəty:r(s)** ¹⁾ *betuur(s)* het ek geen enkele maal gehoor nie, daarentoe slegs **pəty:r** *pertuur* en **party:r** *partuur*. Vgl. met hierdie laatste *ravier*, *fantein* ens.

Opm. In Afrikaans is die oorgang van **b** tot **p** 'n baie verbrede verskynsel; ook die omgekeerde. ²⁾ Dit is waarskynlik hieraan toe te skrywe dat die stemhebbende eksplosiewe nie volledig-stemhebbend is soos bv. in Frans nie. Die gevolg is dat die stemhebbende en stemlose eksplosiewe baie na aan mekaar staan en die een dus maklik deur die ander kan vervang word. ³⁾ Dit geld natuurlik ook van die eksplosiewe in die kleurlingtaal.

§ 112. **b—m**. Uit *mankoliek* ontwikkel die vorm *banklik*. Vgl. § 147.

§ 113. **p > k**. *Koeskop* ⁴⁾ vir *poenskop* is die gewone woord onder die Griekwas. Vgl. ook die vorme *boeskop* en *poeskop* af en toe gehoor.

¹⁾ Vgl. *Afr. Fon.*, § 397 vlg.

²⁾ *T.a.p.*, § 406 vlg.

³⁾ *T.a.p.*, § 172, 178 en 353 vlg.

⁴⁾ *Koeskop* is ook die meer gebruiklike vorm onder die blankes van Namakwaland en Boesmanland. Vgl. *Ons Geselstaal*, bl. 142.

§ 114. **d—t.** Soos in Afrikaans kom **d** naas **t** dikwels voor: **solda:də** *soldade* en **sa:dərdax** *saderdag* is meer gewoon as die vorme met **t**; **møtə** *mutte* en **møtə** *meute* aan die ander kant is die enigste vorme vir **mødə(ns)** *mudde(ns)*. Meestal egter word die enkelvoud gebruik: **səs mət kə:rəŋsə** *ses meut kôringse*.

In plaas van **xəbo:rteplek** *geboorteplek* word gewoonlik gehoor **xəbo:rdəplek** *gebôrdeplek* naas **bo:rplek** *boorplek* en **bə:rplek** *bôrplek*. Vgl. die *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. 5: *gewigdig* en *wader* vir *gewigtig* en *water*.

§ 115. **d—I.** In die voegwoord *dat* wissel **d** af met **I** net soos in Afrikaans, dus **ek ve:t lat** — *ek weet lat* — ‘). *Dat* as voegwoord word nooit gehoor nie. (Kyk Aanhangel, passim).

§ 116. **d—r.** Waar ons in Afrikaans in woorde soos *padda*, *koddig*, ens. die *d* meestal vervang deur *r*,²⁾ doen die kleurling dit gewoonlik nie. Hierdie verskynsel kan ons vergelyk met wat *gesê* is omtrent *mens*, *tussken*, *pertuur* e.d.m., en daarby voeg *tegen* (**te:gən**) *bowe* en dergelike vorme wat meer ooreenkoms vertoon met die Nederlandse as die Afrikaanse.

Opm. 1. Alweer kom by ons die vraag op: watter rede sou daar wees vir die behoud van die Hollandse of min of meer Hollandse vorme in die taal van die kleurling? Sou die geografiese en maatskaplike afskeiding van die kleurling, wat sy taal oorgeërf het van sy Hollander-voorouer (matroos, soldaat of „avonturier”), verantwoordelik wees vir hierdie konserwatiewe in sy taal?

Vgl. die Hollandse woorde en vorme wat in § 192 behandel word.

Opm. 2. *lerart* met paragogiese *t* is die enigste vorm wat ek ooit onder die Griekwas en Basters teëgekom het. *Dominée* en *predikant*, hoewel nie onbekende woorde nie, het ek nooit hoor gebruik nie.³⁾ Ook *sprinkant* met paragogiese *t* is die gewone woord vir *sprinkaan*.

§ 117. **g.** Waar **g** gewoonlik in Afrikaans gesinkopeer word tussen ’n beklemtoonde klinker en swakbetoonde **ə**, skyn die algemene neiging bij die kleurlinge te wees om **g**

¹⁾ Vgl. *Afr. Fon.*, § 437.

²⁾ T.a.p., § 439.

³⁾ Vgl. *Ons Geselstaal*, bl. 182.

te behou. Hij praat dan van *sva:r da:gə swaar dage*, di *la:gə fənt die lage vent*, *te:gənsput ən se:gən tegen-spoed en segen*, *o:gə oge*, *fərmə:gə ɔm te:gən di svə:r tə stroi vermoge om tegen die swaar te stry*, ens.

Vir die behoud van **g** kan vergelyk word wat gesê is omtrent die behoud van Hollandse vorme in opm. 1, § 116.

§ 118. **k**. Voor 'n voorklinker gaan **k** gewoonlik oor tot die gepalataliseerde **ç**¹⁾ dog soms ook tot die *middel-palatale eksplosief c*.²⁾ In plaas van **kənərs kinders** word wel gehoor **kənərs keners**, dog meer gewoon is **çənərs naas cenərs tjeners**. Dit geld ook van woorde soos **kes (ces) kees** vir **kəs kis**, **kerk** **çerk**, **keul** vir **kœl kul**, **keuse** vir **kœsə çussing**, ens.

b) Die Frikatiewe.

§ 119. **ç**. Hoewel die **x** voor voorklinkers oorgaan tot **ç**, soos meestal ook in Afrikaans, word by die kleurling dikwels ook die affrikaat **tʃ**³⁾ gehoor. Die uitspraak **tʃelt, tʃe:, tʃitər tsjeld, tsjee, tjieter (tgeld, tgee, tgieter?)** vir Afrikaans **çelt, çe:, çitər**, is dan heel gewoon.

§ 120. **x > f**. In bogenoemde gevalle word naas **tʃ (ç)** ook gehoor **f**, dus **felt, fe:, fitər, fəsbək sjeld, sjee, sjieter, sjensbok**, ens., dog hierdie uitspraak is nie algemeen nie.

§ 121. **fi > v**. **bəvo:rt bewoort** vir **bəfiə:rt behoort** is baie gewoon. Ons het hier blykbaar 'n geval van gedeeltelike assimilasie: die **ə** word dikwels heeltemaal uitgestoot, sodat naas **bəvo:rt bewoort** ook gehoor word **bo:rt boort** en **bə:rt bôrt** (< **bvo:rt** < **bfiə:rt** < **bəfiə:rt**). Die oorgang van **fi** tot **v** moet waarskynlik toegeskrywe word aan die invloed van die voorklank **b**. Vgl. Afrikaans *woort* in: dit woort so.⁴⁾

§ 122. **v — v** **v** word gehoor aan die begin van 'n woord

¹⁾ Vgl. *Afr. Fon.*, § 500.

²⁾ T.a.p., § 457 vlg.

³⁾ T.a.p., § 534 vlg.

⁴⁾ T.a.p. § 813.

of lettergreep, in die ander gevalle *v*: **vas** *was*, **le:ve** *lewe* dog **kve:pər** *kweper*, **kvai** *kwai*, **kvas** *kwas*, **gvari** *ghwarrie*, ens.

Opm. In die woord **xrikva** *Griekwa* word die *v* dikwels uitgestoot, sodat onder die oues die uitspraak **xrika** *Grieka* heel gewoon is. Die vorm *Grieka*¹⁾ is miskien die van die nom., net soos *Nama* die eintlike nom. is en ons *Namakwa* die eintlike akk. Die gebruik van akk. i.p.v. nom. het as volg ontstaan: op die vraag „wie is dit?” antwoord die Nama met die akk. Die „kwa”-nom. (eintlik akk.) pas dus alleen by ’n vraag. Moontlik is die behoud van die vorm *Grieka*, wat nie net beperk is tot die nom. nie by wie dit nog gebruik, ’n oorblyfsel uit Hottentots.

§ 123. **v > b.** Op Fauresmith het ek naas **skrōivə** *skrywe* ook hoor praat van **skrōibə** *skrybe*. Sou ons hier miskien te doen hê met die invloed van Duits? Moontlik ’n indiwiduele geval.

Die Tipsoom-Nasaal.

§ 124. Wat baie opvallend is onder die ouer geslag, is die feit dat in woorde soos *mens*, *wens*, *gans* en dergelike die **n** nie uitgestoot word met nasalering van die voorafgaande klinker nie. Veral op Griekwastad het dit my getref: herhaaldelik is ’n paar oues gevra om hierdie woorde uit te spreek en iedere keer was dit **mens**, **vens**, **xans**.

Die uitspraak van **ɔns**, **ʒ:s** is **uns** *oens* of **us** *oes*, sonder nasalering van die klinker; en van *einste eiste*: das die eiste man wat ek seur van vertel het (= **einste**, een en dieselfde). Eienaardig daarenteë is die uitspraak **afçō:stax** naas **afçønstax** *afgeunstag*. Waarom in die een geval die nasaal wegval, met nasalering van die voorafgaande klinker, en in die ander nie, is nie so maklik uit te maak nie. Wat betref *mens* en *gans* lyk dit my baie aanneemlik om die behoud van **n** in die simpleks toe te skrywe aan die invloed van die verboë vorme *menske* en *ganske*, waar **n** nooit uitgestoot word nie, bepaald omdat ons in hierdie gevalle te doen het,

¹⁾ Prof. Dr. J. A. Engelbrecht meen dat die *-a* en *-wa* nog maar die beginstadium aandui van ’n casus-uitgang, maar nog nie volledig ontwikkel is nie.

so nie met kultuurwoorde nie, dan in alle geval met woorde wat ontleen is aan die Bybel (mensen, gansche). Immers, onder die ouer geslag van ons eie volk klink Ndl. *sch* altoos *sk* as uit die Bybel voorgelees word. As die kleurling dan na analogie van *hemelske*, *ganske*, *tussken*, ens. ook praat van *Engelske*, *Britske*, ens. hoef dit ons niet te bevreemd nie.

Die behoud dan van **n**, lyk dit my, moet toegeskrywe word aan oorerwing uit de vroegste tyd plus die invloed van die Bybel in die geval van sekere woorde, wat op hulle beurt verantwoordelik sal wees vir allerlei analogie-formasies.

.

Bogenoemde fonetiese eienaardighede in die taal van die Griekwas en Basters is die vernaamste wat my getref het. Deur nouer aanraking en intiemer omgang met hulle sal 'n mens ongetwyfeld nog baie waarneem, veral waar dit die kleiner klanknuanseringe betref.

Maar alte dikwels wil 'n mens graag 'n bietjie meer lig hê op hierdie of daardie klankverskynsel, nadat hy reeds die een of ander plek verlaat het, dog tot sy teleurstelling moet hy vind dat daar niemand is by wie hy kan aanklop nie. Wel kan jou so naastenby, in gewone skrif, aangedui word wat die kleurling se uitspraak is, dog dat dit nie veel help nie, is lig te begryp.

Ons gaan nou oor tot die volgende hoofstuk waarin die morfologiese eienaardighede van die taal van die Griekwas en Basters behandel word.





HOOFSTUK 4.

MORFOLOGIE VAN DIE TAAL VAN DIE KLEURLINGE.

§ 125. Die term morfologie word hier in die gewone sin van vormleer gebesig en dit word ook op die gewone wyse behandel, nie soos deur Jespersen nie, wat hieronder saam behandel al die dinge „that are expressed externally by the same means,”¹⁾ soos bv. in die een geval al die uitgange op -s en in die ander geval al die uitgange op -ed, ens.

§ 126. Ten opsigte van die buigingsvorme wat woorde aanneem in die mond van die kleurling, kan dieselfde gesê word as in die geval van die klanke: hulle wyk sterk af van die Algemeen-Beskaafde vorme, veral onder die ouer geslag. Weens die skoolonderwys wat die jonger geslag geniet in die laaste tyd, as ook ten gevolge van hulle nouer aanraking met die blankes, nader hulle taal hoe langer hoe meer die beskaafde, versover dit nie deurspek is met allerlei Anglismes en Germanismes nie.

§ 127. Morfologies kom die taal van die Griekwas en Basters ook baie ooreen en kan aangeneem word dat die *vorme* wat gangbaar is onder die Griekwas onder die Basters ook gangbaar is. Ek beskou dit egter raadsaam om by die bespreking van die vorme van die verskillende woordsoorte die wat onder die Griekwas en Basters respektieflik opgeteken is apart te hou: die voorbeelde op Rehoboth opgeteken sal bloot dien as aanvulling.

¹⁾ The *Philosophy of Grammar*, bl. 40.

Die Selfstandige Naamwoord.

(Kokstad en Griekwastad).

§ 128. *Meervoudsvorme:*

Die meervoud van snw. word dikwels anders gevorm as in Afrikaans: waar laasgenoemde 'n *-s* aan die enkv. voeg, voeg die Griekwas dikwels 'n *e* aan en omgekeerd, so bv. *asgaais*¹⁾ vir *asgaai*, *lerarte* vir *leraars*, *newe*¹⁾ vir *neefs*, ens.

§ 129. Veral treffend is die dubbele meervoudsvorm wat so dikwels onder die oues gehoor word: grôt *skadese*, die *Kaalkafferse*, *roerse*, *hamelse*, *beurgerse*, *kapaterse*, *materse*, steuke *ysterse*, sake *kôringse*, onse *ouerse*, heule *swaerse*, baie *nasiese*, *emmerse*, *ploeënse*, *modderse* en *waterse*, *beloftesse*, *veënse* (vir die kollektiewe *vee*) e.d.m. Selfs die aanwysende *die* selfstandig gebruik word *diese*: *diese* wat nie grond had nie . . .

§ 130. As gevolg van analogiewerking of miskien onbekendheid met die geskrewe vorm, word die volgende buitengewone meervoudsvorme gehoor: *regtens*, *regtings* = regte; *lous*, *louens*, *leeuens* = leeus; *grawe*²⁾ = grafte; *morgens* = morge; *geheuens* = geheue; *ôrlogte* = oorloë, *vôrregtens* = voorregte; *besittens* = besittings; *skriftings* = geskrifte.

Vir die meervoudsuitgang op *-ens* kan vergelyk word Afr. *vrouens*, *baddens*, *beddens*, ens., wat gevorm is na analogie van *lakens*, *diakens* of *bakens*. Interessant is verder 'n vergelyking tussen die meervoudsuitgang in die taal van die Griekwa en die van die Hagenaar: „De Hagenaar . . . houdt er, met over het hoofd zien van al wat spraakkunsten dien-

¹⁾ In ouer Hollands kom hierdie vorme nog voor.

²⁾ Naas *grawe* hoor 'n mens ook dikwels *begrafnesse* vir *grafte*. Omtrent die vorm van die woord vir *grafte* bestaan daar groot onsekerheid en gevolglik geen unaniniteit. Op Kokstad deel sekere oue my die volgende mee: *twee begrawe* = twee grafte; (*twee grawe* = die goed waarmee gespit word; *begrafnis* = kerkhof, ook die plegtigheid in verband met die ter aarde bestelling. Op Griekwastad weer lui dit: *grawwe* of *grawe* = grafte; *graou* = graaf (mv. *grawe*); en op Philippolis: *begraaf* = graf; *begrafnesse* = kerkhof; *grawe* = grafte. Alles bymekaar geneem, skyn *grawe* vir grafte die meer gangbare vorm te wees en ook is dit verklaarbaar uit Ndl. *graven*.

aangaande in onfeilbaarheid verkondingen, een eigen meervoudsvorm op *əs* op *na*. Zoo zal hij vertellen van paardəs die op hol gegaan zijn, van meidəs die de glazen niet willen wasschen, van mannəs die met elkaar vochten, ... en nog vele andere əssen meer." ¹⁾)

§ 131. Ander opmerklike meervoudsvorme is die volgende: *patte*, *skeulpatte*, *gatte* en *afgotte* vir paaie, skilpaaie, gate en afgode.

§ 132. Algemeen onder die Griekwas sowel as onder die Basters is die mv. *howe* vir hoofde: ons had die landshowe uitgeja; die Kafferhowe had met ons sam gebaklei.

§ 133. *Enkelvoud vir Meervoud*:

Waar die Afrikaner die meervoud gebruik, gebruik die kleurling dikwels die enkelvoud: — hy had dusende van *bees* (*bəs*); twee span *os* en drie *slagbees*; aanja vir my die *skap*; toe lōp die hele *bees* weg (= die hele klomp beeste); hier was baie *kamēl* in die dae; die meeste *mens*; hy se hele span *os*; 'n klompie *Griekwa*; vier *oolfant* (*ōlfant*) en ses *koedoe*; die *Boesman* had met ons gespōk, ens. Nou en dan word ook die mv. *beeste*, *oolfante*, ens. gehoor, dog meer gewoon is die enkv. in hierdie gevalle. Aan die ander kant weer is dit eienaardig dat die Griekwa dikwels die mv. gebruik waar die Afrikaner die enkv. gebruik, soos reeds aangetoon: *veēns*, *geheuens*, *kōringse*, ens.

§ 134. Die gebruik van enkv. i.p.v. mv. waar 'n versameling aangedui word, word in Afrikaans ook gehoor, ²⁾) dog moet as 'n gewestelike eienaardigheid beskou word. Dis beperk tot slegs enkele gevalle: die man het 'n mooi klomp skaap; sy bees is maer vanjaar. In die AB. word *skape* en *beeste* in hierdie gevalle gehoor.

Opm. Die gebruik van enkv. vir mv. by mate en gewigte, soos bv. twee pond botter, drie mud koring, vier emmer meel, vyf ons goud, ens. is iets anders. Dis erfgoed uit Nederlands ³⁾)

¹⁾ *Regenboogkleuren van Nederlands Taal*, bl. 16.

²⁾ Vgl. o.a. *Hy het sy Merk Gemaak*, bl. 56: ... oor die moeite wat die lammerskaap hom gegee het; ... laat ander hulle maar moeg sukkel met die skaap.

³⁾ In Middelnederlands was die reël: eenlettergrepige onsydige snw. met 'n lang stamsillabe het die Nom. en Akk. mv. gelyk gehad aan die enkv.

en onder die Griekwas net so gewoon as onder die Afrikaners.

§ 135. *Verkleinwoorde.*

Die Griekwa skyn 'n besondere voorliefde te hê vir die gebruik van verkleinwoorde, beter gesê, dubbele verkleiningsuitgange. Dis 'n gevolg van die sug om die begrip van kleinheid beter te laat uitkom en sodoende groter effek te behaal. Daar word dan algemeen gepraat van: koppietjie, kalfietjie, kleintjetjie, plekkietjie, koeitjetjie, ens.

§ 136. In Afrikaans is dit ook baie gewoon om 'n ekstra verkleiningsuitgang te voeg aan snw. wat uitgaan op -ie (meisietjie, koppietjie, mossietjie, ens.), waar -ie reeds 'n verkleining aandui, dog twee -tjies naas mekaar hoor 'n mens bepaald net in gewestelike Afrikaans.

§ 137. Dat daar dikwels nog 'n *klein* gevoeg word voor die reeds dubbele diminutief, sal ons nie bevreemd nie as ons dink aan die Afrikaanse *klein meisietjie* en dergelike wat so gewoon is in die daaglikse spreektaal.

Opm. 'N mooi voorbeeld van analogiewerking sien ons in die woord *eenkeertjies* (na analogie van *stilletjies*, *ampertjies*): ek had dat eenkeertjies gedoen d.w.s. net een enkele keer. *Keer* word nie meer gevoel as snw. nie, dog die samestelling *eenkeer* vervul die funksie van bywoord.

§ 138. *Afstompinge.*

Verdwyn 'n uitgang, soos in die geval van *vlak* = *vlakke* kan 'n mens lig tot die gevolgtrekking kom dat 'n mens hier te doen het met die deureenloop van die woordsoorte — 'n kenmerk van alle Kreoolse tale. Dis hier egter nie 'n kwesie van die oorgaan van die een woordsoort tot 'n ander nie: vormidentiteit ontstaan, indien nie as gevolg vol slordige en vinnige uitspraak nie, dan in alle geval as gevolg van taalmenging wat vormverwarring meebring (in hierdie geval die vermenging van Afrikaans en Hottentots). Vormverandering beteken egter nog glad nie altijd funksieverandering, soos dikwels in Afrikaans nie.¹⁾

Naas *vlak* noem ek die volgende analoë gevalle: hy had nie die geleë (= geleentheid) nie; dat was nou eenmaal hy se *geaard* (= geaardheid); hy was in 'n slegte *toesta(a)n*

¹⁾ Vgl. *Volk en Taal*, bl. 284.

(= toestand); toe kom die *verdeel* (= verdeling); ons sal 'n *vergader* (= vergadering) hou e.d.m.

§ 139. *Ekstra uitgange.*

Heel gewoon is dit om die volgende te hoor: *gewerskafr* vir gewerskaf; hulle had ons *opdraners* gegee (= ons dit opdraand gegee); dat was 'n wa wat die *verskeling* (= verskil, moeilikheid) gebreeng had; dat kom deur die *getroudeheid* (= troue); met die *vleugting* (= vlug) van die diere.

Eienaardig is ook die volgende: gedurende die *rebelskap* (= rebellie); onder die *regeerskap* (= regering) van onse kaptein; in sy *dronknes*¹⁾ (= dronkenskap) had hulle hom berôb.¹⁾

§ 140. Besonder pittig en veelseggend is die volgende in die mond van 'n Kokstadse Griekwa wat sy gevoelens wil lug en 'n goeie indruk probeer maak: *nasionaalgeid* is *nasielikheid* d.w.s. om nasionaal te wees, in politieke sin, veronderstel liefde vir jou nasie. Dieselfde Griekwa praat van *gowwermentlikheid* wat op nasionaal gevoel gestig moet wees d.w.s. die regerende party (goewerment) moet nasionale gevoelens ten grondslag hê of m.a.w. die volksgevoel verteenwoordig; en verder praat hy van: mense wat verstryk geraak het van hulle *nasielikheid* d.w.s. afgedwaal het van hulle nasionale volksaard. Hoewel die Griekwa wat hierdie „deftige” taal besig, enigszins geleerder of altans 'n bietjie meer op de hoogte van sake is as sy rasgenoot, moet ons nie dink dat sy „hoogdrawendheid” iets buitengewoons is nie: intendeel, die Griekwa is, oor die algemeen, goed bekend vir sy swierige taal, al sou dit net wees om die aangesprokene te imponeer!²⁾

¹⁾ *Berôb* vir beroof is die gewone vorm onder die Griekwas. Dit kan ontstaan het onder invloed van Duits *berauben*, dog dit word ook gehoor in dele waar daar nie sprake is van Duitse invloed nie, soos bv. op Kokstad. Moontlik is die Engelse woord *rob* verantwoordelik vir hierdie vorm, soos miskien *drunkenness* verantwoordelik is vir *dronknes*. Vgl. met *berôb* die vorm *skrybe*, § 123.

²⁾ Op Philippolis het ek 'n ou Griekwa hoor praat van 'n groot *nasielikheid* in die sin van 'n groot nasie; *nasielikheid* ontbreek (= nasionale eenheid, nasionale gevoel; om *redelikheid* (= om rede). Die Griekwa hou van grootheidsvertoen in sy spraak: vgl. *Jakob Platjie*, bl. 175. ...Ja... as ek die vernuftigheid en begripelikheid daartoe het, sal ek dit ook self kan gedoen het.

(Rehoboth).

§ 141. Soos die Griekwas, gebruik die ouer Basters ook by voorkeur die dubbele meervoudsvorm. By die reeds aangehaalde voorbeelde (§ 129), voeg ek nog die volgende: heule skiet met *pylse* (= *pyle*); *kleperse*; *klipperse*; seuwe *manse* (naas *man*, *mans* en *manne*); die *Hotnotse*; die *ouense* (= die *oues*); *plekkerse* (naas *plekkers* en *plekke*); enige *maaierse*; die de *Klerkse*; *kêrelse*; *goeterse*, ens. Die woord *kallers*¹⁾ = kalwers het ek dikwels hoor gebruik, dog nooit met die ekstra *e*-uitgang nie.

Die meervoud *howe* = hoofde en *grawe* = grafte is op Rehoboth ook die gewone.

§ 142. *Enkelvoud vir meervoud.*

Ook die Rehobother maak dikwels gebruik van die enkv. i.p.v. die mv.: drie *huishou* op een *wa*; *volstruisveer* was op *geld* (= *prys*); die *bees* wat aan *Kaffer* behoort; hy had grôt klomp *springbok* geskiet; die *Herero* had oens toe weer aangeval; die *Hotnot* had altevul met ons sam gewerk; ons had baie armoed van *kos* en *kleer*, ens.

§ 143. *Afkortinge.*

Wat van die afgekorte vorme in die taal van die Griekwa gesê is, geld ook hier: uitgange word dikwels verswyg: — dat is goed vir die *nat* (= nattigheid); die *perdesterf* was *kwai*; die *siek*²⁾ had lank aangehou; op die *vlak* (= vlakte); met al die *verdrukke* (= verdrukkinge); ons had nie teunspoed of *verhind* (= verhindering) gehad nie, ens.

Die Werkwoord.

§ 144. Wat betref die vorm wat die werkwoord aanneem, wys ek slegs op 'n paar klein afwykinge van die AB. Waar die sintaksis behandel word sal daar meer oor die werkwoord te sê wees.

ge-: Die voorvoegsel *ge-* word meestal gevoeg voor die verlede deelwoorde van die ww. wat begin met *be-*, *er-*, *her-*,

¹⁾ Ook heel gewoon in Afrikaans. Vgl. *Afr. Fon.*, § 616.

²⁾ *Vlak* en *siek* word ook onder sekere ouer Afrikaners gehoor. Moontlik het ons hier oorblyfsels van ouer Hollands *vlakt* en *ziekt*. Vgl. Oosmnd.l *suyet*, *suuct*.

ont-, ver-: gebegene (= begin), geërken, geherken, geont-hou, geverneem.

Ook in Afrikaans word dikwels *ge-* in hierdie gevalle gehoor, dog dan meestal in die taal van die jong kinders, by wie analogie so 'n vername rol speel.

§ 145. By die onskaidbaar-samegestelde ww. word eweneens *ge-* aangetref, meestal voor die samestelling, dog somtyds ook tussen die samestellende dele: het geoorwen, geondersteun, omgesingel") e.d.m. So ook by die skeidbaar-samegestelde ww.: die louens het geaanteel, heule had die goete gebymekaarskraap, ens.

N.B. In die teenwoordige tyd word die volgende gehoor: naderhand dôdmak hy my, aanja vir my die skaap, met dat ons naderkom brandsteek heule die riet.²⁾

Opm. In Middelnederlands is die gebruik van die voorvoegsel *ge-* voor of tussen die twee dele van die onskaidbaar-samegestelde ww. nie ongewoon nie, dus: *gheanebeedt, gheanboert, ghevolbracht, ommegeeringet* e.d.m. Vgl. Franck, *Mittelniederländische Grammatik*, § 121.

§ 146. Enige ongewone vorme:

*geblo (gablo), vloor.*³⁾ Sulke verkorte vorme word dikwels gehoor: hy had geblo om te kom (< gebelo < gebelow < belowe); die skaap is vloor (vlôr) < verloor = verlore, weg. Op Rehoboth: die beste man wat die Here *geskap* had, oens had hulle *uutgedry* (< uutgedrye < uutgedrywe).

gebôr, geboor. Daar had (is) ek gebôr (geboor) naas daar bôre ek vir daar is ek gebore, word onder die Griekwas sowel as Basters gehoor.

gehet, had, het. Op Kokstad word meestal *gehet* gehoor

¹⁾ Vgl. *Jakob Platjie*, bl. 205—6: Darem die agent het eers vir my uitgeoordink, toe uitgeoorplan, en so het hy my proper uitgeoorlê uit al my vee.

My agent het vir my wel uitgeoorlê, maar sy agent het vir hom uitgestertveer.

²⁾ *Brandsteek* word gevoel as vaste kompositum, net soos *aansteek* by ons. As verl. deelw. kom voor beide *gebrandsteek* en *brandgesteek*.

Vgl. *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. 25, 28: laat hy net uwe werf brandsteken; alsof de heele plaats brandgestek was.

³⁾ Vgl. *Dr. W. J. Conradie, Op Reis in het Zuid-Westen*, bl. 25: Verlorenvallei raakt ook nog eendag verloren, als men erin volhardt, het te noemen Floorvlei!

i.p.v. *gehad*. Op Griekwastad en Rehoboth daarenteen is *gehad* die meer gebruiklike vorm, alhoewel *gehet* ook nou en dan gehoor word: oens had toe baie vee en grond gehet.

Had ¹⁾ vir *het* is so goed as algemeen beide onder die Griekwas en die Basters, hetsy dit diens doen a) as selfstandige ww. of b) as hulpww.: eek had niet nodig om dat te doen nie, die vrou had maar net twee keners, hy had onse goed gevat.

Dikwels word *had* gebruik in die sin van *het gehad*, en dan moet uit die verband opgemaak word of ons te doen het met die teenwoordige of verlede tyd: *hij had nie baie grond nie* kan dus beteken hy het nie baie; grond nie of hy het nie baie grond gehad nie. Naas *had gekom* word af en toe ook gehoor *het gekom*.

Op Kokstad word in die reël *het* gebruik as infinitief i.p.v. *hê*: om geld te het, hy sal het; op Griekwastad slegs by wyse van uitsondering; op Rehoboth het ek dit nooit gehoor nie.

kos vir *kon* is baie gewoon onder die oues op Kokstad en Philippolis; hij kos dat hoor, doen, verstaan. Op Griekwastad word dit selde gehoor, ook op Rehoboth. Onder die gekleurdes van die Westelike Provinsie word my meegedeel kom dit ook voor. Vgl. Mnl. *conde*, *conste*, *coste*. Heel gewoon is hierdie vorm ook in die *Dagverhaal van Jan van Riebeeck*.

aanwysende i.p.v. *aangewese* het net eenmaal onder my aandag gekom: dat was die aanwysende stuk grond = aangewese stuk grond.

Die Byvoeglike Naamwoord.

§ 147. Soos by die snw. en ww. word by die bnw. ook eienaardige vorme aangetref. Een van die deftige Griekwas op Kokstad het herhaaldelik gepraat van: *gowwermentlike* ²⁾

¹⁾ Vgl. wat die Loeriesfonteinse Baster gesê het toe die wa oor sy voet loop: „hou dan stiel (*sti:l*), die wa, hy had (*ha:t*) my.” (My op Loeriesfontein meegedeel deur 'n blanke aldaar woonagtig).

²⁾ Vgl. die *goewerneurlike* en dergelike van die laaste tyd, iets waarmee Dr. Engelenburg begin het.

manne, *privaatlike* huis; 'n ander weer van 'n *belangelike* (= belangrike) punt, en van mense wat *belangelik* is in die saak (= belangstellend, geïnteresseerd). Verder word gepraat van 'n *bekwamde* man (= bekwarne) van *bloedsugtige* Kaffers (< bloeddorstig + oorlogsugtig), en van *bankliek* in die sin van bekwaald of sieklik. Moet ons *bankliek* beskou as 'n kontaminasieproduk uit bang + mankoliek?

In die woorde *Engelse* en *Britse* word die -se byna sonder uitsondering deur die ouer geslag vervang deur -*ske*, ook in *aardske*, *hemelske* e.d.m. Op hierdie vorme is reeds gewys in § 124. Dis opvallend dat die ouer Afrikaners wat ook -*ske* sê wanneer hulle Hollands lees, nie ook hierdie uitspraak in die spreektaal behou het nie, of indien wel, dan slegs in hoogs uitsonderlike gevalle.

§ 148. Ander vorme wat dikwels gehoor word is die volgende: *behulpsamag* vir *behulpsaam*; *onnutteloos* vir *nutteloos* (< nutteloos + onnuttig); *so'n danige* (< sodanige + so'n); *moeitlik* vir *moeilik* (< moelik + moeite? of sou die epentetiese *t* ontstaan het na analogie van die *t* in 'n woord soos moontlik < moelik?)

Op Rehoboth het ek hoor praat van: hij is *gevaar* (= gevaarlik); vertel van magoed se uuttog, ma moet *roes* (= rus < rustig) seet vertel; die *agter* mense (= agterste).

§ 149. Komparatiewe soos *beterder*, *grôterder*, *hôgter* (= hoër), *warmder*, *meer beterder*, ens. word dikwels gehoor; ook die superlatiewe *meer beterste*.

§ 150. Baiemaal gebruik die kleurling die verboë vorm van die attributief gebruikte bnw. waar ons gewoonlik die onverboë vorm gebruik: agter die dōd van *oense* kaptein; dat was 'n *stille* plek; 'n baie *mooie* hoeis; 'n *oue* man, ens. Hier vind 'n mens egter geen konsekwensie nie, soos trouens ook in baie gevalle in Afrikaans.

Die Bywoord.

§ 151. By die bywoord word die aandag slegs op die volgende paar vorme gevestig: baie gewoon is die gebruik van die woorde *kortliks* en *laatliks*, beide in die sin van *onlangs*, *kort gelede*: — hy was nou kortliks (laatliks) hier.

Eenkeertjies in: *êk had eenkeertjies sō gesê* beteken *net*

een enkele maal, een ou keertjie. Die oorgang van 'n oorspronklike byw. frase tot bywoord kan vergelyk word met gevalle soos heen-en-weertjies, eenmaal, terwyl, ens.

Kontaminasie-konstruksies soos die volgende het ek op Rehoboth gehoor: *al smôrs* < *al môres* + *smôrs* (*smôrens*), *al saans* < *al aande* + *saans*, *op 'n steelsgerwys* < *steelsgerwys* + *op die wyse van een wat steel*.

Die Voornaamwoord.

§ 152. Die mees opvallende afwyking van Afrikaans, wat betref die vorm van die voornaamwoord, is die van die besitlike vnw. *hy se* en *hulle se* vir *sy* (*haar*)¹⁾ en *hulle*: *hy se* keners, *hy se* tata, *hulle* (*heule*) *se* bees, *hulle se* werf. Hierdie vorme is ook gewoon in die taal van die blanke bewoners van Namakwaland en Boesmanland terwyl op Griekwastad en in die omgewing *hy se* en *hulle se* ook gaandeweg die taal van die Europeaan skyn binne te dring.²⁾ Onder die Rehoboth-Basters word die besitlike *sy* en *haar* nou en dan gehoor, dog die meer gebruiklike vorm is *hy se*.

§ 153. *Sy se*, *ek se* of *my se*, *jy se* of *jou se* het ek nooit gehoor nie, daarenteë wel *julle se*, *ons se* (*onse?*) en *hulle se*.

In verband met die vorm *ohs se* of *onse* kan ons te doen hê met twee moontlikhede: die besitlike vnw. *ons* (meer waarskynlik die pers. vnw.) kry die ekstra besittingaanduidende toevoeging *se*, soos in *hy se* en *hulle se* òf die *e* van *onse* kan bloot 'n buigingsuitgang wees, soos ons die ook dikwels aantref in die taal van die Griekwa waar daar nie juis nadruk gelê word op die bepalende woorde nie: 'n oue man, 'n sterke bees. Die vorme *hy se* en *geester se môre* (= gistermôre) laat egter die vermoede ontstaan dat die eerste van die twee moontlikhede die waarskynlikste is.

§ 154. Op Kokstad is *hy se* minder gebruiklik as *hulle se*, sodat daar meestal gepraat word van *sy* en *haar*; op Griekwastad daarenteë is die gebruik van die besitlike vnw.

¹⁾ Die gebruik van *hy (se)* vir vroulike persone of diere is heel gewoon, ook onder die Rehobothers en die blankes van die N.W. Kaap-Provinsie, dus: die koei het *hy* seen been gebreek, *hy* kan nie loop nie.

²⁾ Vgl. *Ons geselstaal*, bl. 161, 182.

sy en haar uitsondering. Daagliks word dan op laasgenoemde plek gehoor: Adam hy se keners is daar gebêre (= begrawe); die Boesman... hy se taal;... dat hy se lange waai; en verder: julle se land, hulle (heule) se drank was heuningbier, ens. Ook op Rehoboth is *hy se, julle se, hulle se* die meer gebruiklike vorme.

§ 155. Naas die adjektiewiese *hy se* word ook die substantiewiese *hy s'n* gehoor, vir beide manlike en vroulike wesens.

§ 156. Die vraag kom onwillekeurig by 'n mens op: om watter rede sou daar naas die vorm *hy se* nie ook *ek se* of *jy se* ontwikkel het nie? Immers, as 'n mens die baie aanneemlike opvatting van dr. J. J. le Roux ¹⁾ aanvaar, nl. dat die Hottentotse *di* aanleiding gegee het tot die veralgemeening van die *se*-konstruksie (ti di *khóin* = let. ek se vriende; sa di hab = jy se perd), dan nog is 'n mens meer verbaas dat *ek se* en *jy se* nie net so maklik ingang gevind het in die kleurling se taal as *hy se* nie.

§ 157. *Sigsself*. Om meer klem te lê op die pers. vnw. word dikwels *sigsself* daaraan toegevoeg: hy sigsself had my vertel (d.w.s. hy en niemand anders nie); om jou sigsself bloot te stel; ek my sigsself was daar, ens.

§ 158. *Hýgoed*. ²⁾ Hierdie vorm is nie algemeen gebruiklik nie, alhoewel die uitgang *-goed* agter snw. byna algemeen gehoor word. Soms is dit bloot 'n vormwoordjie, sonder enige betekenisinhoud, en soms het dit dieselfde funksie as ons woordjie *-hulle*: Hansgoed (= Hans) had my sô gesê; kan meestergoed (= meester, meneer... Rehoboth) my dan nie sikspens leen nie?; jy sal hom daar bij Pietgoed ³⁾ kry (= Piet-hulle).

§ 159. Op Calvinia en Kakamas is my meegedeel dat die

¹⁾ *Oor die Afrikaanse Sintaksis*, bl. 98. Vgl. ook Meinhof, *Lehrbuch der Namasprache*, § 45, 53—54.

²⁾ Vgl. *Boesmanlandse Sketse en Verhale*, bl. 209: „Baie van die Namakwalanders... sê glad vir die woord „ons” — „onsjelle”, en soms hoor 'n mens, veral onder Hotnots „onsjellegoed”. Op bl. 210, t.a.p., sê 'n Namakwalandse vrou: „my dogter Truitjie is gebore dieselfde jaar wat onsjellegoed hier kom trek het.”

Om hierdie *jelle* te verklaar is moeilik. Moet dit nie dalk wees *ons-hulle*, ontstaan na analogie van *Piet-hulle* nie?

³⁾ *Pietgoed* kan ook beteken Piet: Pietgoed had my sô vertel.

uitgang *-goed* agter snw. heel gewoon is in die taal van die meer agterlike blankes van die N.W. Kaap-Provinsie, so-
dat hulle praat van: hy laat groete weet aan magoed (ma-
goeters). ¹⁾

Met die uitsondering van bogenoemde paar gevalle, kom
die vnw. ooreen met die Afrikaanse, beide wat vorm en ge-
bruik betref.

Die Voegwoord.

§ 160. *Opdat*. Die gebruik van *opdat* om 'n bijwoordelike
bysin van doel in te lei, is heel gewoon onder die kleurlinge:
ons moet gou maak opdat ons nie laat kom nie. Hierdie
enigsins stywe *opdat* van Hollands word in Afrikaans ge-
woonlik vervang deur *sodat*, *dat*, *lat*.

¹⁾ Vgl. *Ons Geselstaal*, bl. 182: „Ons gaan met Willemgoed
saam” of „hulle-goed saam” (Graaf-Reinetse taalgebied). Vgl. ver-
der *Boesmanlandse Sketse en Verhale*, bl. 209: „Ons almal stuur
die beste groetnis aan oomgoed.”

Die Burger van 21 Okt., 1930 deel mee onder die rubriek „Van
alle Kante” dat *meneergoed* vir meneer en mevrou in Namakwa-
land gehoor word.

Dr. J. J. le Roux sê dat die agtervoegsel *-goed* ontstaan het uit
Hottentots *gu* = hulle (*Sintaksis*, bl. 83). Volgens Dr. J. A. Engel-
brecht < Hot. — xu = goed. Vgl. passim tekste in laasgenoemde
se *The Korana*: *guxu* = *veegoed*, *khoei-xu:b* = *menading*.





HOOFDSTUK 5.

SINTAKSIS.

§ 161. Hoewel die taal van die kleurling sintakties baie noue ooreenkoms vertoon met Afrikaans, is daar nietemin heelwat afwykinge. Deurdat die kleurling geneig is om, oor die algemeen, baie vinnig te praat en deur 'n gebrek aan logies dink, is die bou van sy sinne soms baie verward en verwarrend. Tog moet ons nie die verskil tussen kleurling en beskaafde Afrikaans in eerste instansie gaan soek in die sinsbou nie; veel eerder, daarenteë, in die uitspraak, die woordgebruik, die uitdrukkinge.

§ 162. Alvorens die sintaktiese eienaardighede te bespreek, laat ek hier 'n teks volg wat naastenby die taal van die Griekwa (van Oos-Griekwaland)¹⁾ weeggee: „My hêr, toet²⁾ oens uut³⁾ die Vrystaat vertrek had hiernatoe, was eek nog sommer 'n kêreltjie,⁴⁾ maar dat⁵⁾ geheuge my nog goed hoe swaar dat gegaan had met die trek sam. Daar was nog nie patte sôs vandag nie en ôr die berge had dat maar moeitlik gegaan: grôt kleperse moes uut die pad gerol word en mar baie soutjies⁶⁾ moes oens⁷⁾ die waense die hôgtes lat⁸⁾ afgaan. Mar oense kaptein was 'n baie goeie man en hy 't mar altyd vir hy se mense moed geïnptraat en gasê⁹⁾

1) Teks deur myself opgeteken.

2) Hiernaas ook *toe*.

3) *Oeit* word ook gehoor.

4) 'N jong knapie. Vgl. onder woordgebruik, bl. 96.

5) Naas *dat* ook *dit*.

6) Soetjies, suutjies.

7) Hiernaas ook *ons*.

8) Lang en kort klanke wissel sonder enige konsekwensie. Die vorm *lat* vir *laat* is ook gewoon in Afrikaans.

9) Die voorvoegsel *ge-* en *ga-* wissel af.

dat mak nie sak hoe oens seukel nie, anerkant die berge sal dat beter gaan mit oens sam. Die mense was baie gehòrsamag vir hulle se gròt kaptein en wat hy gasê het, dat was goed.

Hier in Niemandland was dat mar woes, my hêr, toe oens êrs hier gekom had. Dat had gekriewel¹⁾ van lous, tiers, ôlfante en anner goete. Al die Kafferhowe hier rondom had oens gemulesteer, mar oense roerse was te goed vir hulle²⁾ en een vir een had oens hulle geverslaan, want die Griekwa was gewend aan ôrlog mak.

My tata was 'n goeie jagter en een van die meer beterste³⁾ skeuterse wat daar in die dage was. Dit geheuge my nog goed, my hêr, hoe my tata eendag vir my sê: „Kerneels, had jy gehôr dat die louens vannag twee van Oom Jan se bees vrekgebyt had?” „Nee, my tata, das die êrste wòrd wat eek daarvan hôr.” „Nouja, Kerneels, jy moet vandaag samgan om te die deeng⁴⁾ lôp skiet.”

Eek had my tata gablo⁵⁾ om te samgan as hy en die anner beurgerse sou uitgaan om te die ongedier jag mak, mar noulat my tata sô onverwags vir my hierdie nuwes⁶⁾ vertel, kan my her glô had eek nie maklik gebang nie!

Vroe-vroe die Deensdagmore had oens geopstan,⁷⁾ en my tata en 'n klompie beurgerse onner kornet⁸⁾ K. had hulle se pêre geopsaal net toe dat sô êfentijes begene leeg wôre. Etsê,⁹⁾ my hêr, om te die waarheid sê, eek had die more geen begerigheid om te samgan nie, want eek had 'n bietjie onlekker¹⁰⁾ gevoel. Wat die owersaak was kan eek nie vir my hêr sê nie. Dat was al of die duwel¹¹⁾ vir my sê: „Kerneels, jy's nog jonk, jy moet oppas vir lou, hy speel nie met man sam nie.”

¹⁾ Gekriewel.

²⁾ *Heule* is ook heel gewoon.

³⁾ Hiernaas ook dikwels beste.

⁴⁾ Hiernaas ook dai. Vgl. § 103.

⁵⁾ Belowe. Vgl. § 146.

⁶⁾ Nuus. Vgl. bl. 40.

⁷⁾ Hiernaas ook *opgesta(a)n*. Vgl. § 145.

⁸⁾ Veldkornet, Vgl. bl. 97.

⁹⁾ Woord sonder enige duidelike betekenisinhoud... *ek sê, kyk, alle wêreld* of iets dergeliks. Vgl. § 182.

¹⁰⁾ Onwel. Word ook gehoor in die Nederlandse spreektaal.

¹¹⁾ Hiernaas ook *doeiwel*.

Oene had mar versegtag gery, toet oens by sô'n klein kop-pietjie kom. Toe sê my tata oens moet 'n verdeel maak en hy vat toe paar man met hom sam en gaan ôr die koppietjie. Die kornet moet deuskant stan wag.

Met dat my tata nog stan praat met hy se mane¹⁾ om te vir hulle sê om te hoe mak¹⁾ as lou skielik opspreeng, etsê, my hêr, dar hôr oens net gebreul sôs satang hier agter oens. Die mane gryp hulle se roerse mar hy wat lou is traak nie, hy hól kom van die leegtetjie af regoeit na oens toe. My tata skiet, eek skiet mar die anner mane kan eek nie sê of hulle skôt geskiet had nie; dar was nie tyd om te sien of hy gedôd was nie, want as lou gakwes is, is hij erger as duwel van kwai. Met een spreeng was Griekwa se keend bô die skemel se reug mar die roer had in die slag gebly.

My hêr, Griekwa hou daarvan om te die waarheid praat: dat was van blygeid lat eek sô gejag had, opdat eek vir ma-ma by die hoeis kon vertel hoe eek die lou geskiet had, en lat my tata en die beurgerse ammal veilag was en lat dar neeks was om te ongereus ôr voel nie.

Die daag was eek²⁾ grôt man onner die mense, want am-mal wou net weet hoe kêreltjie sôs eek dan sô goed kan skiet met bobbejaanbout³⁾ sam."

.

§ 163. *Die Infinitief-konstruksie.*

Een van die opvallendste sintaktiese verskille tussen kleur-ling- en beskaafde Afrikaans lê in die gebruik van die Infinitief. *Om te* skyn tot 'n vaste kompostium te ontwikkel het en word dus nie geskei in die gevalle waar Afrikaans dit wel doen nie. Algemeen word dan gehoor: om te vir hom 'n ander naam gee; om te in M. lôp osse kôp; om te net hôr; om te sulke deenge doen; om te Maandag vroe uutgaan; om te meer plekkies aanbou; om te die Here dank, ens.

¹⁾ Vgl. § 89 vir kort *a* naas lang *a*.

²⁾ Naas *EEK* word ook gehoor *êk*, *iek* (i:k) en *ek*. Vgl. § 82.

³⁾ Ouderwetse soort geweer. Van Dale noem dit *baviaanhout*, wat bepaald verkeerd is as ons dink aan die oorsprong van hierdie woord. Boshoff noem ook hierdie woord in sy *Volk en Taal*, bl. 281 en 315, dog sê niks omtrent die oorsprong of omtrent *baviaanhout* by van Dale nie.

§ 164. Soms word die *te* verswyg: om sulke deenge aanvang; om vir die juts¹⁾ wag; om die skaap lōp haal,²⁾ ens. As gevolg van die eienaardige Infinitief-konstruksie (met *om te* as vaste kompositum), kan ook verklaar word waarom die kleurling so dikwels . . . nee, in die reël . . . 'n skeidbaar-samegestelde ww. gebruik asof dit onskiedbaar is: *om te deurtrek*, as bedoel word *om deur te trek*.

Onder die Basters is die *om te*-konstruksie eweneens die gewone.

§ 165. *Verlede deelwoord in plaas van Infinitief.*

Waar die Afrikaner gewoonlik die dubbele Inf. gebruik, gebruik die Griekwa by voorkeur die Verl. deelw. plus Inf. Die volgende is opgeteken op Kokstad: hy 't gekom werk; hy 't my saak gelōp slegmaak; oens had geseet praat, ens. Hierdie konstruksie is in Afrikaans glad nie onbekend nie en word in die werke gevind van sommige van ons vooraanstaande skrywers,³⁾ om van die toenemende gebruik daarvan in die spreektaal nie eers te praat nie.

§ 166. Die kleurling laat dit egter nie hierby nie, want deur die *ge-* aan die verkeerde werkwoord te voeg, ontstaan by hom die volgende verwarde konstruksie: hulle (heule) had daar lōp gesterf (< gelōp sterf d.w.s. gaan sterf); hy had kom gekyk; hy 't kom oorgeneem die bestuur; êk had hom hōr gepraat; hy had geseet bly, ens.

Onder die Basters is hierdie konstruksie nog meer algemeen gebruiklik as onder die Griekwas: ons had kōp gegaan (= gaan koop); toe ek my kom gevind het (had); die Bastersoldade word laat opgekom; hy had my laat geweet; hy had lōp klaargemaak; ek het hom sien gespeel; ons had

¹⁾ 'N woord wat bepaald eers laat in die taal van die Griekwa opgeneem is. (Eng. *judge*).

²⁾ Vgl. *Afrikaanse Sintaksis*, bl. 104, Opm.: In Suidnederlands word ook *om* sonder *te* gebruik: om sien, om doen, ens. Vgl. verder o.a. *De Vlaschaard* (Streuvels), bl. 233: wreed om zien. Reeds by Hooft word hierdie konstruksie aangetref: daar de wal op zijn weekst was, en maklijkst om beklommen (*Nedl. Historiën*, Bibl. van Nedl. Let., Terwey, bl. 14).

³⁾ By Leipoldt o.a.: Gister het jy vir Piet geleer vloek ('n *Ver-gissing*); van Niekerk, *Van Riet van Rietfontein*, bl. 9... gehoor sing. In Middelnederlands is dit ook heel gewoon; vgl. Stoett, *Middel-nederlandsche Spraakkunst* (Syntaxis), § 275.

hulle lôp geskiet; my vader had lôp gehandel met die Hotnotse; hy had dit kom afgegee, ens., ens.

Word die Baster attent gemaak op hierdie konstruksie en hom gevra of hulle nou altyd sê: „ons het die osse loop gehaal”, dan sal hy onmiddellik antwoord: „ja seur, ons sê dat mar sô”. Word hom egter daarop gewys dat ’n mens ook praat van „ons het die osse geloop haal”, dan skyn hy in twyfel te wees of hy hierdie laaste ook soms self gebruik en kom die enigszins onsekere antwoord: „ons sê dat darem ok partymal”. ’N enkele keer het ek dit wel gehoor, dog gewoon of algemeen is dit seer seker nie.

Opm. Wat sou die rede wees vir die ontstaan van hierdie konstruksie? Sou dit bloot moet toegeskrywe word aan ’n verwarring van konstruksies wat reeds heel vroeg in die taal van die kleurlinge sy verskyning gemaak het en deur veelvuldige gebruik langsamerhand geyk geraak het?

Myns insiens is daar ’n psigologiese faktor voor verantwoordelik, anders kon hierdie konstruksie nooit so algemeen geword het nie. In die sinnetjie *hy had die osse loop gehaal*¹⁾ is *gehaal* die woord wat die kern vorm vir die uitdruk van die verlede begrip, terwyl *loop* bloot ’n vorm- of hulpwoordjie is wat nie meehelp of bedoel is om by te dra tot die uitdruk van die „perfektiewe” handeling nie, met ander woorde: hoofsaak is dat hy die osse *gehaal* het en nie dat hy *geloop* het om hulle te haal nie. Dit geld ook van sinne soos: hy had kom gewerk, ek had hom sien gespeel, hy had my laat geweet, ens. Moontlik moet hierdie laaste as analogieformasies na *loop gehaal* beskou word.

§ 167. *Staan en praat.*

Die *staan en praat*-konstruksie skyn die kleurling vreemd te wees: die *en* word verswyg, sodat so goed as algemeen gehoor word: as êk sô seet kyk; hy seet maar wag; hulle staan bidde; die vrou staan was; sy lê slaap, ens.

Hierdie konstruksie is heel waarskynlik gevorm na analogie van hy lôp eet (d.w.s. gaan eet) wat nog heeltemal iets anders is as *hy loop en eet*. In eersgenoemde sin vervul *loop* die funksie van hulpwerkwoord en is *eet* die infinitief; in die tweede is *loop* ’n selfstandige werkwoord.

Ook in Afrikaans word gehoor: *ek sit wag al die hele*

¹⁾ Vgl. die *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. 20: ...op uwe poort kom gestaan; en ook bl. 47, 48, 68, ens. ...loop geskiet.

*middag*¹⁾) naas *ek sit al die hele middag en wag; hy het daar lank staan gesels* naas *hy het daar lank (ge)staan en gesels*.

Opm. Vgl. wat Dr. A. C. Bouman sê²⁾) omtrent die *staan en kyk*- en die *staan kyk*-konstruksie: „Er kunnen twee wendingen parallel gebruikt worden: 1. *hy staan en kyk* en 2. *hy staan kyk* waaruit valt af te leiden dat ook in type 1 met het bindwoord *en* de tweede w.w. vorm een infinitief is, en geen verbum finitum meer. Waarschijnlijk is het prototype hiervan te vinden in de zinnen met een hulpw.w. waarbij naast elkaar kwamen: *hy sal staan kyken* en *hy sal staan en kyken*, en dan ook: *hy staan kyk* en *hy staan en kyk*. Hierbij is in 't oog te houden dat de twee w.w. een semantiese eenheid uitmaken.” Vgl. Bouman verder vir sintaktiese groepe soos *laat staan, gaan haal, loop lê*, ens. bl. 17 vlg., t.a.p.; en *Oor die Afrikaanse Sintaksis*, § 302.

§ 168. *Negatiewe.*³⁾

Die dubbele ontkenning word gebruik soos in Afrikaans, dog om die ontkenning sterker te beklemtoon, besig die kleurling dikwels 'n ekstra negatief: niemand sal nie daarvan kry nie (die bedoeling is: niemand sal daarvan kry nie); neeks kan ek nie doen nie (d.w.s. niks kan ek doen nie); nooit niks nie (d.w.s. nooit iets nie); hy was nooit nie gehinder gewees nie (d.w.s. nooit gehinder gewees nie); sôs nie man nie gehet 't nie (d.w.s. soos geen man gehad het nie), ens.

Hoewel hierdie drievoudige negatief nie onbekend is in Afrikaans nie, word dit veel minder gebruik as onder die gekleurdes. Vgl. Leipoldt, *Wolraad Woltemade*: Waarom geen mens geen greintjie gee; en verder Leipoldt se gedig-gie *Die Spoke*: Met oë wat nooit geen mens kan sien, Wat nooit geen mens bespeur.

§ 169. *Deureenoop van woordsoorte.*

Wanneer sprekers van verskillende tale of taaltipes hulle

¹⁾ Vgl. *Langs die Grootpad*, bl. 265: die meisies loop verklik...

²⁾ *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, Jaargang IV, Reeks B, Afl. 3 (November 1926). (*Onderzoekingen over Afrikaanse Syntaxis*), § 32.

³⁾ Vgl. *Oor die Afrikaanse Sintaksis*, § 329 en Bouman, *Annale*, hoofstuk III. Bouman lê veral nadruk op die emosionele karakter van die dubbele ontkenning.

gaan bedien van dieselfde taal, vermink hulle dikwels woorde sodanig, dat, as gevolg van vormverandering, die een woordsoort skynbaar diens moet doen vir 'n ander. By die gevalle genoem in paragrawe 138, 143 en 148 kan die volgende gevoeg word: nou is dat betaam (= betaamlik); hy was nie skuld nie (= skuldig); die lou seet skoeiwe sô rond van kwai (= kwaaiged); tier hy 's nie sô gevaar nie (= gevaarlik); dat was baie ongemak ¹⁾ (= ongemaklik).

In die volgende gevalle moet ons waarskynlik kotaminasieprodukte sien: Adam Kok was 'n vrede-kaptein en is sô vrede dôd; ²⁾ ons sou ammelewe vrede bly; die kwagga moet jy ja skiet (< jaend + in die ja?); ek is baie verskeel met die Engelse (d.w.s. verskil baie, kom nie goed oor die weg met die Engelse nie); manne wat verseker is moet hom skiet (d.w.s. seker van hulle skoot); onder my besorge (d.w.s. sorg), ens.

Iemand *breekslaan* ³⁾ (= kapot, stukkend, halfdood), ook heel gewoon onder die blankes van die N.W. Kaap-Provinsie, het moontlik ontstaan uit *gebreek (ge)slaan* d.w.s. so slaan dat hy gebreek is (of miskien so slaan dat hy breek?). Hoe ons ons die saak ook moet voorstel, die woordjie *breek* word in alle geval dikwels gehoor in die sin van *stukkend* en het ons hier weer 'n duidelike geval van die verwarring van die woordsoorte. Let op die volgende: ons moes die ys breek stamp om water te kry; hy had sy knie breek geval; sy rug is breek (nie gebreek nie, maar eenvoudig: het seer gekry). Ook onder die Rehobothers is die gebruik van *breek* in die sin van *stukkend* heel gewoon: die as van die kar is breek; die bok se boud is breek geskiet (= afgeskiet); die kôpkontrak is nou breek (= gebreek).

¹⁾ Vir vormidentiteit ten gevolge van defleksie vergelyk *Volk en Taal*, bl. 290.

²⁾ Vgl. *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. 5 o.a.: wy zyn vrede, wy zyn vrede van ouds.

³⁾ Vgl. *Jakob Platjie*, bl. 173: hy (die duiwelsby) val voor die nes neer waar ek hom breekgeslaan het; en verder die *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. 128: ...is een been breek geskiet.

Die Burger van 21 Okt., 1930 deel mee onder die rubriek „Van Alle Kante” dat *breek geval* beteken *stukkend geval* in Namakwaland. Naas *breek slaan* gebruik die jonger geslag op Rehoboth ook, onder Duitse invloed, *kapoet slaan*.

§ 170. Treffend is die volgende gevalle waar ons met 'n duidelike deureenloop van die woordsoorte te doen het: heule had baie *gedôd* (= doodgegaan, gesterf), hy sal hom *dôd* (= doodmaak), heule had klaar of gedaen *gedôd*¹⁾ (= is almal dood, het almal uitgesterf); hy 't sô vrek *gejaloers*; toe *wraak* hulle hom (= wreek, neem wraak op); ou Waterboer het ses *gegalg*²⁾ (= opgehang); hy is *af*, het *geaf* (= is dood, het gesterf); toe *ammekaar* hy en lou; hy *bang* nie die lou nie; onse kaptein had dat *gepapier*³⁾ (= opgeteken); dat *geheuge* my; sy had *geflou* (= flou geword); jy moet my dit nie *verkwalk* nie (< verkwalik = kwalik neem).

Op Rehoboth word *dood* en (*ge*)*af* gebruik soos onder die Griekwas. Verder word daar gehoor: om die Herero's te lûp *ôrlog*; ons moes toe lûp *kantôr* (= die saak in die hof of kantoor uitveg); ek sal jou *kantôr* (= voor die hof daag).

Koud in: „die sinke (sinkplate) het die koud 'n bietjie gekeer” is bepaald 'n geval van waar 'n bnw. die funksie vervul van 'n snw. Die moontlikheid bestaan ook dat *koud* 'n oorblyfsel is van die Nederlandse woord *koude*.⁴⁾

§ 171. Uit die voorgaande blyk dat a) as gevolg van defleksie, beter gesê, woordverminking, vormidentiteit kan beteken funksieverandering, en dat op die wyse heel maklik die idee kan ontstaan dat in die taal van die kleurlinge die deureenloop van die woordsoorte skering en inslag is; en b) dat daar heelwat voorbeelde voor hande is waar dit wel die geval is, alhoewel nie uit die oog moet verloor word nie dat in baie gevalle die (skynbare) oorgaan van die een

¹⁾ *Dood* word deur die blankes van die N.W. Kaap-Provinsie beide as oorganklike en onoorganklike ww. gebruik: toe dood die wind die kers, hy het verlede week gedood. Vgl. *Jakob Platjie*, bl. 173: die vet het gedaen, die kind het gedood; *Boesmanlandse Sketse en Verhale*, bl. 48: en as die kraalbos nou dalkies gou dood en jy is in die Kaap? Op bl. 159, t.a.p.: hy is alte lelik om te lewe maar te taai om te dood. Kyk ook *Volk en Taal*, bl. 290.

²⁾ Ook onder blankes gehoor, verseker iemand my.

³⁾ Vgl. *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. 9: *papierlik* = skriftelik.

⁴⁾ In Afrikaans word baie Ndl. woorde en vorme wat nog in die taal van die kleurling aangetref word nie meer gehoor of gebruik nie.

woordsoort tot 'n ander bloot toegeskryf moet word aan kontaminasie-werking.

§ 172. Op die keper beskou is daar in die taal van die kleurling miskien nie veel meer voorbeelde van die oorgaan van die een woordklas in 'n ander as in Afrikaans of Engels nie. Wat wel duidelik is, is dat funksieverandering in kleurling-Afrikaans iets baie sterkers is: die woordsoorte wat deureenloop is nie, soos in Afrikaans en Engels, oor die geheel, beperk tot die snw. en ww. nie. „In Engels” sê Prof. Boshoff, „is funksieverandering sterk bevorder deur defleksie, sodat w.w. maklik kan oorgaan tot selfst.nw. en omgekeerd.”¹⁾ Verder wys hij daarop dat dit in Afrikaans en Engels glad nie so maklik is om uit te maak wanneer ons met 'n oorspronklike werkwoord te doen het en wanneer met 'n selfstandige naamwoord in verbale funksie nie. „In altwee hierdie tale” gaan hy voort, „bestaan daar dan ook hoege-naamd g'n moeilikheid vir neologismes om van die een woordklas in 'n ander oor te gaan nie, as die woordklasse selfst.nw. en w.w. is nie.”²⁾

§ 173. Van snw. wat in verbale funksie optree kry ons nog daaglik nuwe voorbeelde: *voering*³⁾ Lenie die kisse uit met linne; die sout *kors* in die pan;⁴⁾ het hy sy jong bevel gegee om die beeste saam te *kraal*⁵⁾; om te *middagmaal*,⁶⁾ ens. om maar 'n paar voorbeelde te noem uit die werke van ons skrywers van vandag. As Afrikaans dan bestempel word as Kreoolse taal o.a. weens „het dooreenlopen der woordsoorten”, dan sou 'n mens wel kan vra water taal daar vandag is wat nie Kreools kan genoem word nie.

In kleurling-Afrikaans is die deureenloop van die woordsoorte veel meer verbreid as in Afrikaans, alhoewel daar be-

¹⁾ *Volk en Taal*, bl. 289.

²⁾ *T.a.p.*, bl. 291.

³⁾ *Boesmanlandse Sketse en Verhale*, bl. 29.

⁴⁾ Die Storie van Koenraad Fiet (*Dingaansdag*, bl. 57 — Leipoldt).

⁵⁾ *T.a.p.*, bl. 58.

⁶⁾ Marie Linde, *Die Goue Roos en ander Verhale*, bl. 175.

Vgl. Nederlands *noenmalen*, *winkelen*, *herfsten*, ens. veral onder die jonger letterkundiges.

paald veel minder voorbeelde van hierdie verskynsel is as bv. in die Negerhollands van die Deense Antille.

§ 174. *lê, le* (lɛ).

'N eienaardige konstruksie in die kleurling-taal ontstaan as gevolg van die gebruik van die woordjie *lê* (lɛ:), *le* (lɛ), wat gewoonlik niks meer is nie as 'n blote vormwoordjie sonder enige betekenisinhoud: hy *lê* stamak die deeng daar; wat *lê* lōp Piet dan weer sō langsamag; hou op vir my *lê* (staan) pla, ens.

Op my vraag aan 'n ou Griekwa hoe die woordjie *lê* nou eintlik gebruik word, was sy antwoord dat dit gebesig word min of meer in die sin van *lê-lê*, d.w.s. stadigies, staan-staan, praat-praat. Dus beteken *lê* in: „Waar is Jan?” „Hij *lê* kom nog,” ongeveer dieselfde as: hy kom so stadigies aan, deur hier 'n rukkie te staan en daar 'n bietjie te gesels. In hierdie spesiale geval lyk die verklaring heeltemal aanneemlik, dog dan is daar baie ander gevalle waar *lê*, indien nie 'n blote stoplap nie, in totaal ander sin gebesig word.

Dit wil my voorkom of *lê* dikwels 'n progressiewe handeling aandui, in Engels uitgedruk deur *is* + *teenwoordige deelwoord* en in Afrikaans omskryf deur *besig om te* of *aan die* + *infinitief*: hy *lê loop* (met die pad saam) moet dan beteken *he is walking, hy is besig om te loop, hy is aan die loop*. In *hy lê weet neeks van die saak af nie*, daarenteë, skyn *lê* geen spesiale funksie te vervul nie.

Ek wil hier, tussen hakies, net daarop wys dat die veelvuldige gebruik van *lê*, soos ons die bv. vind in die stukkie deur Hesseling in sy *Het Afrikaansch*, bl. 130, aangehaal uit *Ons Klynti*, in stryd skyn te wees met wat ons vind in die lewende taal van die kleurling. Hier volg 'n paar reëls uit genoemde teks: „Hay, et sê, deusman se kind, jy le stan skint Grikwa se kind by die korakter, het deusman se kind nie gele stan oplet, hoe boer se kind le stan ferwonder by die plaas, hoe Grikwa se kind le stan lees die krant nie?”

Alles is hier sterk oordrewe, nie net wat betref die veelvuldige gebruik van *lê* nie, maar ook die herhaling van *se kind* agter Griekwa en deusman. Dis heeltemal duidelik dat hierdie teks saamgeflans is in die studeerkamer, en nie opgeteken is uit die mond van die sprekende individu nie:

immers, as hierdie teks die taal van die Griekwa trou wou weergee, dan sou niet gepraat geword het van *deusman*, *kind* en *feldkornet* nie, maar wel van *duusman* of *diesman*, *keend* (*kjeend*) en *kornet*. Die woordjie *lê* word wel dikwels gehoor, dog dat dit in byna elke sinnetjie voorkom is seer seker nie dit geval nie.

Veel meer ooreenkoms met die lewende taal vertoon die volgende stukkie uit die preek van 'n ouderling: ¹⁾ „Jullie Griekwas is nes my tata se span bont osse: piets jy die hot dan oei ²⁾ die haar; piets jy die haar dan oei die hot. As julle eendag nog sô *lê* bontseet, dan af die Here hier bô julle, en dan is dat klaar met Griekwa se keend.”

Opm. In sy *Sintaksis* § 303 behandel. dr J. J. le Roux die oorsprong van die *lê staan*-konstruksie en val dr. D. B. Bosman taamlik heftig aan omdat hy dit in sy *Oor die Ontstaan van Afrikaans* noem „'n tipiese verskynsel van Kreools-Afrikaans”. Vir hom is analoog met hierdie konstruksie die Nederlandse *hoe legddy so en preutelt* of *hoe brill sal onse Claes staan kyken*. Tereg kom dr. Bouman in sy *Annale* § 15 op teen le Roux se opvatting: „In de Nedl. zin: *Hoe brill sal onse Claes staan kyken* (Trijntje Cornelis, 367) bezitten de twee w.w. *staan* en *kyken* zeer duidelijk gescheiden eigen betekenissen, terwijl in een Kreools-Afrikaanse zin als: *Jy le stan skint Grikwa se kind* de groep *le stan* absoluut een semantiese éénheid uitmaakt.

Bovendien heeft le Roux uit het oog verloren dat er tussen de door hem zelf aangevoerde groepen van Nedl. voorbeelden en de Afrikaanse een dóórlopend syntakties onderscheid bestaat. In 't Nedl. kan de verbinding als bv. *staan kyken*, zonder bindwoord (*te* of *en*), alléén voorkomen na een hulpw.w. In Kreools-Afrikaans bestaat deze beperking niet.”

§ 175. *Verswyging van die lidwoord.*

Heel gewoon is die verswyging van die lidwoord: daar 's deeng nie wat my ontbreek nie; nou was daar man; daar kom lou sôs duwel aan; eek had geweertjie wat doeiwelse manier had om in die reus (rus) af te gaan ³⁾; das perd

¹⁾ My deur 'n vertroubare blanke meegedeel op Kokstad.

²⁾ Oei < oeit < uit = uitspring. Die byw. *oeit* word gebruik as ww.

³⁾ Vgl. Jantjie Vertel in *Die Huisgenoot*, 18 Sept., 1925.

daardie wat lōp sōs weend, ens. Op Rehoboth tref ons hierdieselfde eienaardigheid in die taal van die Baster aan.

§ 176. *met ... saam.*

Die *met ... saam*-konstruksie, waar geen korrelatiewe begrip uitgedruk word nie, is een wat so goed as algemeen is onder die Griekwas en Basters: ons had met (mit) mandjies sa(a)m skerm gemaak; toe baklei ons met die Kafferse sam; om te die goete wegbreeng met dra-os (= pakos) sam; hy lōp met die pad, voet sam; hy had hom met die sweep sam geslaan, e.d.m.

In Algemeen-Beskaafde Afrikaans word hierdie konstruksie nie gebesig nie, en waar dit wel die taal binnegesluit het, soos bv. in die Westelike Provinsie, is dit sonder twyfel toe te skrywe aan die invloed van die kleurlingtaal.

Dr. Hesseling meen dat ons hier met 'n Maleïïsme te doen het: Maleis *sama* „gelijk, even samen, in de spreektaal ook met.”¹⁾ Dr. Bosman aanvaar nie hierdie verklaring nie en meen dat die Duitse *mitsamt* moontlik iets te doen het met die ontstaan van hierdie konstruksie, alhoewel in „Duits en ouer Nedl. *mitsammt*, *met sampt* altoos in die betekenis van *te samen met* gebruik (word), wat niet ooreenkom met die gebruik in Afrikaans nie.”²⁾

Dit wil my voorkom of dit onnodig is om met allerlei veronderstellinge en gissinge hierdie *met ... saam*-konstruksie te wil verkaar: by die kleurling speel analogie 'n nog baie groter rol as by die blanke, en net soos *om te* 'n min of meer onafskeidelike eenheid geword het, so ook word *met ... saam* gevoel as min of meer een begrip. As 'n mens kan sê *ek gaan met Piet saam*, waarom dan nie ook *ons baklei met die Kaffers saam* nie? So redeneer, of altans skep die ongeskoolde kleurling allerlei konstruksies na analogie van ander wat veral baie voorkom in die daaglikse spreektaal. Die veralgemening van *met ... saam* is waarskynlik bevorder deur konstruksies soos *oor ... heen* (hij is oor die ergste heen), *teen ... uit* (hy stap teen die bult uit), *onder ... deur* (hy

¹⁾ *Het Afrikaansch*, bl. 114.

²⁾ *Afrikaans en Maleis-Portugees*, bl. 82; kyk ook *Oor die Afrikaanse Sintaksis*, bl. 130.

loop onder die bome deur) en dergelike, wat vir my heeltemal analoë gevalle is.

§ 177. *Hy hardloop kom (stap kom)* vir die Afrikaanse *hy kom gehardloop (gestap)* word vry algemeen onder die kleurlinge gehoor. Ons kan hierdie konstruksie vergelyk met die in § 166 behandelde: hy het haar sien gespeel, hoor gefluit, ens. As ons hier nie te doen het met 'n geval van analogie na 'n konstruksie soos *hy loop haal* nie, sal die ontstaan daarvan waarskynlik moet toegeskrywe word aan dieselfde psigologiese faktor as die genoem in § 166, opm.: die gedeelte van die handeling wat die sterkste indruk op die gemoed maak word die eerste genoem — *hardloop* is hoofsaak hier, *kom* bysaak.

§ 178. *Staanmaak (stammak = staan maak)*¹⁾ is van dieselfde tipe as die *hardloop kom*-konstruksie. Dit word algemeen gehoor in sinne soos: *staanmaak* die dai (deeng) daar = staan maak die ding daar = maak die ding daar staan, d.w.s. sit die ding daar neer. Op Rehoboth veral word dit baie gehoor: *stammak* die emmer daar in die hoek; die Duusman had die bottel stangemak teusen ons, en toe êk dôdronk was, had hy 'n grôterder steuk grond gevat as wat hy gekôp had.

Soos in ander gevalle het *staanmaak* saamgesmelt tot 'n vaste kompositum in die sin van *neersit*.

Of die *maak*-gedeelte iets te doen het met die Engelse *make* is twyfelagtig.

§ 179. *ôrwaat (ôrwat)* vir *waaroor, waarom* is heel gewoon: *ôrwaat* sou die kêrel my sô stan pla?

In Afrikaans word ook gehoor: oor wat sou die man my so pla? Dit klink egter plat. Vgl. oor dit, na dit, onder dit i.p.v. hieroor (daaroor), hierna (daarna), hieronder (daaronder).

As die een kleurling die ander bv. vra: „en ôrwaat staan pla jy die arme keend sô?” dan kry hy dikwels tot antwoord: „das nie ôrwaat niet,” waarmee hij wil te kenne gee dat dit nie juis om hierdie of daardie rede is nie, dat hy dit

¹⁾ Vgl. *Jakob Platjie*, bl. 115: Toe hy die laatste os uitgespan en die agterjuk voor die disselboom staan gemaak het, kom twee Griekwas aan.

sommer (vir die grap) doen. Vgl. die antwoord op die vraag: „hoe is die pad soontoe?” „die pad is nie hoe nie”, d.w.s. nie so danig goed of sleg nie.

§ 180. *met die wat* in die sin van *terwyl* word ook in Afrikaans gehoor, dog moet beskou word as gewestelik. Onder die kleurlinge behoort 'n sin soos: *met die wat* hy nog sê sê ... tot die daaglikse spreektaal.

Soms word *met die* gevolg deur *toe*: *met die, toe* vra Klaasgoed vir my ... d.w.s. op daardieselfde oomblik, *terwyl* daardie saak nog aan die gang was.

§ 181. Nog gewoner as *met die wat* is die kortere *met (mit) dat*,¹⁾ ook in die sin van *terwyl*: *met dat* Klaas nog hy se roer laai ...; *met dat* ons nog staan praat ... Vgl. hiermee Mnl. *met dat* < *met dien dat* = *terwyl*, op dieselfde oomblik *dat (wat)*; ook *opdat* < *op dien dat*, ens.

In *met die wat* het *wat* die plek geneem van *dat*, soos meer gebeur in Afrikaans. Vgl. o.a.: die jaar *wat* hy vertrek het (*wat* = *toe*), ek herinner my die dag *wat* jy so siek was, ens.

§ 182. *etsê (hetsê)* is 'n woordjie, *wat*, soos *lê (le)*, geen betekenisinhoud skyn te hê nie. Blykbaar word dit in die meeste gevalle net gebruik om die aandag te trek: *etsê*, jong, en ôrwaat had jy dan sê lank weggebly? *Etsê*, Jan, ou ²⁾ my dan ok 'n steukie twak.

Van *etsê* geld *wat* van *lê* gesê is: die vertellers of skrywers van Griekwaverhaaltjies is veels te geneig om hierdie woordjie in byna elke sin te laat voorkom. Dit word wel gehoor, dog glad nie so dikwels as die Griekwatekste ons doen vermoed nie.

Op Rehoboth word *etsê* ook nou en dan gehoor: *etsê*, mar ooit dan die hond (= ja dan die hond uit); „das my sout daardie” sê die een Bastermeid, „mar my God, *etsê*!” antwoord die ander verbaas, omdat die jongkêrel *wat* sy as hare beskou het, sommer so goedsmoeds deur die ander toegêien word!

Hierdie woordjie het moontlik ontstaan uit *ek sê*. Dat *ek*

¹⁾ In Afrikaans nie onbekend nie. Vgl. o.a. *Kees van die Kalaharie*, bl. 116: *Met dat* die rooijakkals sy tande wreed in die maanhaar se keel inslaan; bl. 115, t.a.p. ... *met dat* hy sy kop draai...

²⁾ Gee. Kijk onder woordgebruik.

sê ook dikwels gebruik word om die aandag te trek, blyk uit 'n sinnetjie soos: „Ek sê, Frans.” „Ja?” „Jy weet dat jy my nog 'n pond skuld op gister se weddenskap.”

Prof. Boshoff sê dat die „uitroepe (h)itse, (h)etse, (h)etsê ens. wat so veelvuldig in die geadapteerde Afrikaans van die Griekwas voorkom, seker dieselfde (is) as die Afr. *aitsa!*”¹⁾ Hy kan gelyk hê, hoewel dit my hoogs onwaarskynlik lyk, daar die gebruik van *aitsa!* so hemelsbreed verskil van die Griekwa se *etsê*.

As die alte lewenslustige dreumes se voet vashak en hy amper op sy neus te lande kom, sal ons sê „aitsa!” waarmee ons wil te kenne gee: „alle wêreld, wees versigtig, jy kan jouself dalk seermaak” of iets dergeliks; die Griekwa se *etsê*, daarenteë, is min of meer sinoniem met ons *ek sê of hêi!* (waarmee jy iemand op 'n afstand se aandag wil trek). Ook kom die Afrikaanse *aits!* in 'n sinnetjie soos „aits, maar die dametjie is vir jou fyn uitgevat!” veel meer ooreen met die Griekwa se *etsê* as met die Afrikaanse *aitsa!*

Op Kokstad deel 'n ou Griekwa my mee dat (h)*etsê* gebruik word as manlike persone aangespreek word; teenoor vroulike persone, daarenteë, is die gebruiklike vorm *hese* (ñe:sə) of *hêse* (ñe:sə) Vgl. hiermee wat Meinhof in sy *Lehrbuch der Nama-Sprache*, § 89, sê omtrent die aanroepwoordjies *dadátse* vader! en *eíse* moeder! „Im ersten Schrecken des Unfalls oder der Gefahr ruft die Tochter den Vater, der Sohn die Mutter.” Is *etsê* miskien 'n verkorting en verminking van *dadátse*?

Vir die afleiding van *etsê* is daar ook nog die volgende twee moontlikhede: a) dit kan 'n vervorming wees van *aise* as uitroep „der Uberraschung und Unzulänglichkeit” (Meinhof, t.a.p.) of b) 'n verkorting van *Heitsi-ebëb*, die God van die Nama-legendes, die Redder teen die bose wat dreig om die mense in die dieptes af te stoot. Wat dan oorspronklik 'n aanroepwoord was tot die Nama-God het later 'n blote vormwoordjie geword. (Vgl. J. G. Kroenlein, *Wortschatz der Khoi-Khoi*).

§ 183. *hy wat lou is.*

¹⁾ *Volk en Taal*, bl. 252.

In Afrikaans word hierdie konstruksie ook gebruik om sterker klem te lê op die saak wat die kern vorm van die meedeling: toe het hy, wat Piet is, die hele boel van ons onder deurspring; sy, wat Anna is, het mos die voorstel gemaak...

By die kleurling dan, wat met groot nadruk praat, veral as hy sy hart ophaal aan allerlei jagawonture, word gebruik gemaak van hierdie konstruksie wanneer hy spesiale klem wil lê op die saak wat as 't ware die uitgangspunt vorm van sy verhaal.

§ 184. *Verswyging van die verbindingswoord.*

Net soos die lidwoord heel dikwels verswyg word (vgl. § 175), so ook 'n enkele maal die verbindingswoord *of* tussen twee sinne: ons was nog nie ver nie, (of) daar had die weer ons; ons had skaars afgesaal, (of) hier staan lou vlak voor ons.

§ 185. *Verkeerde woordorde.*

Die Griekwa het, soos ander nasies, 'n vaste woordorde, dog dikwels word afgewyk van sy eie sintaktiese reëls: hy hoor wil nie; hy is heel meer nie sterk nie (d.w.s. hy is nie meer heeltemal sterk nie); hy hou mos hom sleem (d.w.s. hy hou hom mos slim), ens. Ook onder die Basters is verwarring en omdraaiing van konstruksie heel gewoon: hy is heel meer nie reg in sy kop nie = hy is nie meer heeltemal reg in sy kop nie, d.w.s. hy is nie meer by sy volle verstand nie; stam(m)ak die koppie daar = staan maak ... = maak ... staan, 'n uitdrukking wat algemeen gebruiklik is op Rehoboth en soms selfs voorkom in die sin van: *bêre, wêgsit*: — stamak hierdie brôd in die kas.

As 'n Baster 'n winkel binnekom, sal by gewoonlik vra: „wat kos 'n boermeelsak, 'n sukersak?” as hy bedoel 'n sak boermeel, 'n sak suiker. So ook praat hy van 'n melkblikkie i.p.v. 'n blikkie melk, van 'n visblik en 'n jêmblik¹⁾ i.p.v.

¹⁾ Naas *blik* word ook *doos* gebruik, sodat soms gepraat word van doos (dôs) jêm of jêmdoos vir 'n blik jam. Hierdie woord is egter nie baie gebruiklik nie, omdat dit 'n bygedagte wek en deur sommige dus as 'n onkiese woord beskou word. Die ouer geslag praat van *snuifdoos*, terwyl die jongeres net praat van *snuifblik*.

Vergeyk hiermee wat Mnr Hough skryf in *Het Noord-Westen*

'n blik vis en 'n blik jam, van 'n vuurthoutjiedoos i.p.v. 'n doos vuurhoutjies, ens. Sommige praat wel van 'n sak boermeel, ens., dog as hulle gevra word wat nou eintlik die meer gewone (en korrekte!) is, kan jou geen besliste antwoord gee word nie.

§ 186. *Parataktiese i.p.v. hipotaktiese sinsbou.*

Uit die tekste wat volg sal genoegsaam blyk hoe die kleurling die neweskikkende bo die onderskikkende sinsbou verkies.

Met die bespreking van hierdie paar sintaktiese eienaardighede kan ons volstaan: die tekste sal genoegsame voorbeelde lewer van hoe die kleurling sy sinne opbou en van hoe sy taal, afgesien van sintaktiese afwykinge, dikwels grootliks verskil van die Algemeen-Beskaaf.

Die volgende verhaaltjie, wat verskyn het in *Die Huisgenoot* van 18 September, 1925, gee taamlik getrou die taal van die Griekwa weer:

Oom Piet Vertel.

§ 187. In 1871 gaan ek na Dutoitspan met 'n paar waens. By die Kaffers het ek 'n ou Griekwa Gert Jas gehad. Een aand om die vuur sit ou Gert so ingetoë, met sy kop vooroor buig. Ek vra hom: „Ou Gert, wat ontbreek jou dat jy so sit?” „Nee, Basie sê hy, „daars dai (ding) nie wat my ontbreek nie. Ek lê oorweeg sommer vroe dae se gebeurtenis.

Basie sal my nie glo nie, maar vanmelewe het ons met twee waens en 'n klomp jong perre Damaraland-toe gegaan om Damara-oos-sikies te lê roeil. En net op hierdie einste plek het ons waens gestaan. Nou had ons die perre boeitekant aan die wielse vasgemaak en die osse had ons aan die jukke vasgemaak. Ons had met die mainkies (matte) saam skerm gemaak hier tussen die twee waens, en nou had ons kooi gemaak, en nou lê ons.

van 10 Maart, 1925: „Om 'n opregte Agtervelder (d.w.s. Boesmanlander... skr.) te sien, is ook weer 'n gesig. Jy hoor bv. een vra „'n dossie klein stroop, twee dossies swaal” vir 'n halwe pond goue stroop en twee boksies vuurthoutjies, soos ons sal sê.” Let op, tussen hakies, dat Mnr. H. ook die woord *dosies* vermy en die Eng. *boksies* verkies.

Vir *vuurhoutjies* het ek op Springbok meestal die woord *metjies* hoor gebruik.

En ek had net hier by die skerm se deur gelê. Maar nou was daar vullekie wat los gestaan had by sy mama. Dan staan loop hy jimmers tot daar duskant die rooi rankie; dan hardloop kom hy daar vandaan; dan is dit parka-parka tot hier toesen¹⁾ die perre in.

So sê ek toe naderhand: Maar orwaat sou vullekie vanaand so lê hardloop? Hy sou moes maak dat die perre straks die rieme breek trek.²⁾

Maar naderhand toe omdraai hy sommer hier halfpad, en naderhand toe loop hy glad nie meer nie. Toe staan hy sommer hier by sy mama en staan trek sy orekies net of hy dai³⁾ hier naby sien.

Mit dié toe vra Rooi Jan Pienaar vir my: „Maar, swaer, ek kan nie mooi hoor nie. Die oor van my wat bo lê is half doof’. Toe lê omdraai ek vir my en mit dié toe vra hij weer vir my die einste vraag. Toe sê ek: „Ja, swaer, nou had ek mooi gehoor. Hier lê asemskep hy.’ Toe had hy wat lou is, daar van die rooi rankie gestap gekom en net hier by die skerm se deur gaan lê om nou glo met een gemak saam⁴⁾ op een van die manne te spring.

So sê ek vir Rooi Jan Pienaar: „Maak die manne wakker tot by die end oeit dat hulle hulle geweerse vat, want daar sal seker vanaand neukery kom, want orwaat sou hy wat lou is, daarvandaan stap kom en hier kom lê as hy nie planne had nie?’

Maar die stout Gert Kloet (Cloete) had nie gewag nie. Mit dat ons nog die manne lê wakker maak, toe skiet hy sommer hier oor die skerm . . . en dat was glo van skrik. En daar aanmekaar hy en lou nes twee manne. En die trop honde kom daar van diekant af, en dit is hier met lou saam deurmekaar, en dis net een stof van die vuur se as en goete. En die trop jong perre die ruk die waens daar rond, en nou hoor jy net: „Hou! Hou!” want ons is bang hulle sou die rieme lê breek trek.

Naderhand had lou hom tog gelukkig ’n biekie verwy-

1) Tussen.

2) Vgl. die gebruik van *breek* in die sin van *stukkend*, bl. 75.

3) Ding. Vgl. § 103.

4) Vgl. *een gemak* en die verklaring, bl. 88 voetnoot.

der maar nou was daar doiwelse hondjie wat hom al aan die kwas vat; en daat wou lou nie gehaad het nie. Dan kom hy daarvandaan mit hondjie en al hier teussen ons in. Naderhand had een van die manne tog hondjie in die hande gekry, sodat lou hom tog verwyder had.”

Alhoewel daar sintakties nie veel aan te merk val omtrent boangehaalde teks nie, moet egter daarop gewys word dat die skrywer se poging om die uitspraak weer te gee nie orals getrou is aan die lewende taal nie. Afgesien van die gebruik van *waens* i.p.v. die meer gebruiklike *waense*, en drie verskillende vorme vir *tussen* nl. *tussen*, *toesen* en *teussen* by een en dieselfde spreker, gee die spelling *perre*, *oos-sikies*, *rankie*, *orekies*, ens. seer seker nie die gesproke taal getrou weer nie. Foneties sou hierdie woorde as volg geskryf word: **pɛ:rə**, **ɔ:sicis**, **raipci**, **ɔ:ricis**, (**ɔ:rcicis**). Verder dien opgemerk dat *hy se* meer gebruiklik is as *sy* en dat *tot by die end oeit* gewoonlik verkort word tot *end oeit*.

§ 188. Van boangehaalde anekdote volg hier 'n ander teks soos Mnr. W. Rabe van Fauresmith my die goedgunstiglik gedikteer het. Van kindsbeen het Mnr. Rabe in nouste aanraking gekom met die Griekwas, sodat hy in die geleentheid gestel was om hulle taal goed te beluister en waar te neem. In die aanhangsel volg meer van hierdie heer se anekdotes.

Die neiging om te oordryf sal ons ook hier vind, soos die veelvuldige gebruik van *lê*, *lê stan*, ens., en verder allerlei fonetiese inkonsekwensies, dog as 'n geheel gee hierdie tekste ons 'n taamlik goeie idee van hoe die Griekwas in vroeër dae gepraat het en oor die algemeen vandag nog praat.

Dis interessant om die twee tekste te vergelyk:

§ 189. By die seimde ¹⁾ koppietjie het ons een aound ²⁾ 'n swaar aound gehad. Ons het gelê stan gaan na Niemans-

¹⁾ Bepaald die Engelse woord *same*. In Afrikaans word dit ook dikwels gehoor.

²⁾ Sekere ou Griekwas op Griekwastad het my verseker dat hulle tatas gepraat het van *aound* en nie van *aand* nie. Dit herinner aan Brabants. Vgl. § 91.

land met pêre om te lê verroeil vir ôse. Hier het ons die pêre gelê stan kring bind. Ons het daar 'n vrootsige vulletjie gehad. Aljimmers dan stan lê hool hy 'n end, dan kom hy daarvandaan parka-parka met een gemag saam¹⁾ teusen die pêre. Ek het gesê: „Broer, jy sal sien dat die vrootsige vulletjie sal maak dat die pêre vanaound die rieme sal lê breek trek.” Naderhand het hy gelê stan draai hier. Dat was louse wat hom wou gevang had. Toe sê ek: „Broer, ek hoor dai; wag, laat ek omdraai by dié oor want ek is doof by die anner oor.” „Ja”, sê hy „hier lê asemskep hy. Maak die kêrels enduit wakker, opdat hulle kan klaar wees vir die dai.”

Mit dat Kiewiet Karools wakker word, het hy somer bobbajaanboutse gevat en oeit is die pankruit en dat is mis en die dai is mit een gemag saam¹⁾ teusen die pêre; die pêre het die rieme gelê stan breek trek en die veld ingehool.

Ek had daar 'n klein Hotnotsie en omdat ek bevrees was dat hy die veld sou inhool, had ek mit hom onner die wa ingekruip.

Naderhand kom die een man van dié kant af en die anner van darie kant af. Toe sê ek vir hulle: „Kêrels, loop klee dan vir julle aan, want julle is mos nakend.”

Dat was 'n swaar aound en nog so nooit sal ek dit oeit vergeet nie.

¹⁾ Waarskynlik ontstaan uit *innige mag* = met geweld. In „Oom Piet Vertel” lui dit *een gemak* = groot gemak? dus sonder om hom aan iets te steur? Kyk bl. 86.





HOOFSTUK 6.

WOORDGEBRUIK; INVLOED VAN ENGELS; UIT- DRUKKINGS.¹⁾

(A. Die Griekwas).

§ 190. Die kleurling besig dikwels 'n woord wat òf heeltemal onverstaanbaar is vir die Afrikaner wat nie vertrou is met die kleurlingtaal nie, òf wat slegs 'n vae beeld voor die gees roep. In baie gevalle is die onverstaanbaarheid of vaagheid te wyte aan die besondere uitspraak, in ander egter daaraan dat die woord vir ons heeltemal onbekend is of in totaal ander sin gebruik word as in Afrikaans.

Daar die heel oues, oor die algemeen, analfabete is en dus onbekend met die geskrewe vorm, vermink hulle soms 'n woord so dat dit haas onherkenbaar is. Uit die verband moet dan opgemaak word wat nou eintlik bedoel word. Op Griekwastad is die volgende opgeteken: *hy 's blink* (= blind), *kekel*²⁾ (=ketel), *lingeroog*³⁾ (= linkeroog), *miskierag* (= nuuskierig), *pensel* (= pensioen; verwarring van Eng. *pension* en *pencil*?), *provisie-kaptein* (= vise-kaptein; < provisie + vise-kaptein), *kornet* (= veldkornet), *ontlê* (= verlê), *tryfel* (= twyfel), *woesemmaat* (= boesem-maat), *rom* (= rong), *sekretarie* (= sekretarisvoël), ens.

§ 191. Hoe die Griekwa soms 'n woord in heeltemal ander sin besig as die Afrikaner blyk uit die volgende staal-

¹⁾ Op bl. 6 is aangetoon waarom die woordeskat, uitdrukings, ens., van die Griekwas en Basters apart behandel word.

²⁾ Op Philippolis het ek ook hierdie uitspraak gehoor.

³⁾ Vgl. die uitspraak **fiŋə** i.p.v. die Eng. **fiŋgə** *finger* onder baie Afrikaners.

tjie: — 'N Griekwameid vra aan haar nôi: „Hoe is die miesies dan vandag so ongeskik?” Hieroor voel die vrou natuurlik beledig en gee die meid 'n goeie skrobbering. Dit kan die bediende nie verstaan nie. Later eers kom die vrou tot die ontdekking dat dit hoegenaamd nie die meid se bedoeling was om beledigend of astringent te wees nie. Al wat sy wou te kenne gee was: „Hoe is die miesies dan so ontydig, die weer is mos nie vandag geskik vir daardie soort werk nie.”¹⁾

§ 192. Wat opvallend is en die toehoorder soms met 'n sekere mate van verbasing vervul is die aanwend dikwels van 'n deftige Hollandse woord in 'n gewone gesprek waar 'n mens dit nooit sou verwag nie. Sulke woorde is bepaald oorgeërf van die heel vroegste voorouers en is in die taal bewaar gebly, terwyl hulle uit die taal van die Afrikaner reeds lank verdwyn het en vandag miskien slegs as boekwoorde bekend is. Afgesien van die gebruik van woorde soos *opdat*, *wegens*, ens., word die volgende gehoor: —

kampvegter, onder die oues die gewone woord vir wat ons sou noem baasbakleier of -bokser.

kietelagtig. Soos sekere ou Griekwa dit omskryf beteken dit „kortgebondag”. Vgl. Nedl. kittelig, kittelachtig, kittelorig = liggeraak.

opknoop word gebruik vir die meer gewone *ophang* van Afrikaans. In die Nedl. spreektaal is dit ook 'n heel gewone woord. Vgl. *Ned. Wdbk.*: „door middel van een strop ophangen dat er de dood op volgt.” In *Akbar* van L. Brouwer, bl. 217, lees ons: „Als gij hem gevonden hebt, laat gij hem opknoopen aan den eersten boom den beste.”

sasys. Onder die oues is hierdie woord meer gebruiklik as *wors*. (Ndl. saucys, Fr. saucisse).

tongskraeper. Hierdie woord word gebruik vir iemand wat orals rondloop om skelmpies allerlei dinge omtrent 'n

¹⁾ Vgl. *Jakob Platjie*... nee, ons lerart is 'n reisende pistool (bl. 137); sy naam is Kleopas Kipie... 'n Kristeliet in wie geen gedrogte is nie (bl. 157); by is 'n vreetagtige persoon en mishandel sy gemynte net goed (bl. 158); die een mens het een komplement die ander vyf komplemente, en die derde tien komplemente ontvang (bl. 163).

ander uit te vis. Naas *hy 's 'n tongskraaper* word ook gepraat van *hy tongskraap*.

Omtrent *iemand de tong (af)schrapen* sê Stoett:¹⁾ „Iemand uithooren, trachten iets van hem te weten te komen; eigenlijk alles er uithalen wat er te halen is; in Zuid-Nederland *iemand's tonge vlaan*.” Hy toon verder aan dat die segswyse nog bekend is in die Negerhollands van die Deense Antille.

Die feit dat hierdie woord verdwyn het uit die Afrikaanse woordeskat is te betreure, want in kernagtigheid en skilderagtigheid kan dit op dieselfde voet geplaas word as die Mnl. *danen* en *wanen*, *nieuloopheit*, *roepmael* en dergelike.²⁾

Behalwe bogenoemde enigsins sonderlinge woorde word ook nog die volgende gehoor: —

anderhalf-uur. Hiervoor gebruik die meeste Afrikaners, onder Engelse invloed, *'n uur en 'n half* of *een en 'n half uur*.

gans in sinne soos: *hy 's gans onbekwaam* vir die werk, *hy kan gans nie meer loop nie*, sou die meeste Afrikaners vervang deur *totaal*, *heeltemal*, *glad(nie)*. Onder die Rehobothers veral is hierdie woordjie baie gewoon en sou dit wel nuwe lewensvatbaarheid gekry het onder invloed van die Duitse *ganz*.

grafwaarts word gebesig in plaas van die gewone *graf toe* of *na die graf*.

ontskot. *Ek is nou 'n bietjie ontskot (verskot, ontskoot)* in die sin van *dit is my nou 'n bietjie ontgaan*, Ndl. *het is mij nu enigszins ontschoten*, is onder die Griekwas sowel as onder die Rehoboth-Basters so goed as algemeen. Hierdie persoonlike i.p.v. onpersoonlike konstruksie vind ons ook in: *ek traak nie*, op Kokstad enkele male gehoor, en in Afrikaans nie onbekend nie. Vgl. ook: *ek smaak nie*, brief (j), bl. 145.

pag, pagter. Die gebruik van *pag* in die sin van *huur* moet oud wees. Algemeen word gepraat van *gepagte erwe*. In

¹⁾ *Nederlandsche Spreekwoorden en Gezegden* (beknopte uitgawe), No. 1263.

²⁾ Vgl. Verdam, *Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal*, 4de druk, bl. 64—65.

ouer Afrikaans is ook bekend *paglande*, *paggrond*.

Eienaardig daarenteë is die gebruik van *pagter* in die sin van 'n smous wat met allerlei negosieware rondry. Hoe die woord *pagter* hierdie betekenis aangeneem het is alles behalwe duidelik, daar die Nederlandse *pachter* iemand is wat a) „land of ander onroerend goed van iemand anders in pacht heeft, huurder”; b) „tegen betaling van een jaarlijkse som het recht koopt om belastingen, imposten, accijnzen enz. in te vorderen” ens. (Ndl. Wdbk.).

verbondmaat. In plaas van *w(b)oesemmaat* word ook dikwels gepraat van *verbondmaat*. Vgl. Ndl. *verbondseed*, *verbonds-God*, *verbondsmaal*, ens.

§ 193. Dat die ouer geslag nog heelwat Hollandse woorde en min of meer Hollandse vorme¹⁾ besig, hoef ons nie heeltemal te bevreesd nie. Hulle taal is geërf van hulle ouers in 'n vorm wat weinig invloed ondergaan het van ander tale tydens die periode van hulle geïsoleerde bestaan. Na die verbreking het hulle taal gaandeweg verander in die rigting van die kutuurtaal waarmee dit in aanraking gekom het. Daarby kom dat die ouer geslag meer konserwatief is as die Afrikaner, wat betref hulle taal, miskien om geen ander rede as om te bewaar die een kostlike pand wat hulle geëerde Hollander-voorouers aan hulle nagelaat het. Die jonger geslag pronk graag met geleende vere! Verder was Hollands — sy dit 'n gebroke Hollands — die offisiële taal van kerk en regering reeds van die vroegste dae af. Vir die wat kon lees was die Hollandse Bybel die enigste boek wat ooit gelees is, en in die amptelike sowel als private korrespondensie is daar altoos na gestreef om so'n goeie „Hoog-Hollands” moontlik te gebruik. Dit alles bymekaar moet verklaar waarom die invloed van Hollands orals in hulle taal te bespeur is.

Wat geld van Hollandse invloed op die taal van die Griekwas geld ook van die taal van die Rehoboth-Basters. Vgl. § 207 vlg.

.

¹⁾ Die Bybelse *sch-* uitgespreek *sk-*, word voortdurend gehoor in woorde soos: *hemelske*, *menske*, ens.; verder die ongesinkopeerde *g* en *v* in: *tegen*, *wegens*, *leugens*, *overtree*, *owerkant*; verder ook die voller vorme: *binde*, *worde*, *veende* (= *vinde*) e.d.m.

§ 194. Hieronder word nou woorde behandel wat afwyk van die Afrikaanse ten opsigte van vorm of/en gebruik, en woorde wat glad nie in die Afrikaanse woordeskat voorkom nie: —

af. *Hy is af* of *hy het geaf* word so goed as algemeen gebruik vir *hy is dood*. Hierdie laaste word byna nooit gehoor nie, daarenteen wel *hy het gesterwe*.

agter. Meer algemeen as in Afrikaans is die gebruik van *agter* in die sin van *na(dat)*: *agter hy geaf had*; *agter Kaptein Kok se dôd*; *agterlat Waterboer heule gegalg had* . . . , Vgl. Afrikaans *agtermiddag*, *agter die ete*.

Hierdie gebruik van *agter* hoef ons niet te laat dink aan Engelse invloed nie, want ook in Nederlands word gepraat van *achter dien dag* i.p.v. *na dien dag*. Vgl. ook Mnl.: Inne wane achter desen dach niet langher beiden; tien jaer regneerde hi achter hem; achter sine doot (Ndl. Wdbk.). Die bestendiging van *agter* in bogenoemde sin sal in Suid-Afrika wel toe te skrywe wees aan die Eng. *after*.

altevul word gehoor in die sin van *besonder, veels te, erg*: *das altevul nat*; *hy was altevul nalatag*; *oens had altevul swaar gekry*. Onder die gekleurdes van die Westelike Provinsie word *altevul* ook gehoor.

Ook in Afrikaans word gepraat van: *die vinke doen my alteveel skade aan vanjaar*. *Altevul nat* is 'n kontaminasiekonstruksie uit *al-te nat* + *veels te nat*.

astrol is 'n woord wat onder die oues op Griekwastad dikwels gehoor word. *Hou jou astrol* beteken *hou jou agteroor*, as iemand byvoorbeeld gevra word om sy mond oop te maak sodat 'n mens kan sien waar 'n stukkende tand sit. Wat die oorsprong of afleiding van hierdie woord is, is my glad nie duidelik nie.

baard het ek eenmaal gehoor in die volgende sin: as die son sy baard daar uutsteek, sal ons spreek mekaar (d.w.s. sy eerste strale). Die beeld is, om die minste te sê, baie oorspronklik.

begeerlik. Hy is 'n begeerlike man beteken 'n man wat alles begeer wat hy sien, 'n slukhals. Vgl. die gebruik van *begeerlik* en *begerig* in Afrikaans.

bekom, onbekom. Jong mense bekom en onbekom beteken

jong mense wat meerder- en minderjarig is. Vgl. Mnl. *becomen* in die sin van *beval*, *betaam*, dus jong mense wat bevallig, welgevallig of die omgekeerde is? Moontlik moet ons hier eerder dink aan 'n verwarring met *bekwaam* en *onbekwaam*. Kyk die afleiding van *bekwaam* by Franck-van Wyk.

bevat in: hulle kan Gods woord nie bevat nie beteken verstaan, begryp. Ons hoef hier nie aan 'n kontaminasie-produk van *vat* + *begryp* te dink nie, want in Nederlands kom dit ook voor in die sin van „met het verstand . . . begripen, inzien, doorgronden,” dus: Kunt gij met uw eindig verstand den Oneindigen bevatten?; zij (behoefde) geene groote mate van verbeeldingskracht te bezitten, om de . . . oorzaak mijner verschijning te bevatten (Ndl. Wdbk.).

bokkie, *gansie*: woorde vir die beminde. Vgl. die Rehobother se *sout. bou*.

Hierdie woord word op Griekwastad gebruik in die sin van *skep*: vlieë is die lastigste goete wat die Here gebou 't; hy 's die lelikste man wat ooit gebou is; Hy 't die mens gebou na sy bild (beeld).

brou. As die huisvrou gevra word om die moer te brou dan is die bedoeling dat sy water op die moer moet gooi, sodat die man kan koffie kry. Vgl. *Giel Ool en ander Verhale uit Boesmanland*, bl. 17: Die ou dowe neef was dadelik wakker geruk en „gebeduie” dat hy gou 'n bietjie „koffie-moertjies moes warm brou.”

deis (**dóis**) dan daardie ding: dinges dan daardie ding nl. ketel, d.w.s. gooi dan water op die moer dat ek kan koffie kry as dit getrek het. Hierdie gebruik van *deis*, deel 'n ou sewentigjarige my mee, was algemeen gebruiklik onder die ouer geslag op Griekwastad.

Vgl. *brou die moer*.

dele.¹⁾ Die gebruik van hierdie woord op Griekwastad is opvallend: oor die dele (= onderwerp) wil ek met seur praat. In 'n ander sin het ek dit ook hoor gebruik. As antwoord op die vraag: „hoe druk julle dit uit as iemand dood is?” lui dit: „ons gebruik dit in drie dele — hy had geaf,

¹⁾ Vgl. die *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. 65: u hebt my 8 verscheidene deelen gevraagt, ten 1 wat my bewogen heeft . . .

hy 's verby, hy 't die emmer geskop." (d.w.s. druk dit op drie maniere uit).

deurmaak. Maak bietjie vir my hierdie geld deur wil sê: gee my bietjie kleingeld (vir hierdie geldstuk).

doekgaring: gewone garing in teenstelling met sening-garing.

draos: vir wat ons gewoonlik noem *pakos*; ook word daar gepraat van *jukos* vir wat by ons heet *trekos*. Vgl. *jukos* in Nederlands.

eners in: ek betaal nog eners tot die vanmôre toe beteken *een streep deur*.

gedaan, gadaan. Ons had gedaan uitgebrand = *totaal*; heule is gadaan dôd = totaal uitgesterf.

*geida (goida)*¹⁾ word nogal heel dikwels deur die oues op Griekwastad gebruik: jy is geida verby, oor = baie oud. Hottentotwoorde soos hierdie word nie baie gehoor nie, alhoewel die ouer geslag by voorkeur die Hottentotname gebruik vir allerlei plante en wildediere.

goete. Hierdie is die meer gebruiklike vorm vir *goeters*, *goed*, dus: heule had die hele fantein toegestop met goete.

Uit die verband moet opgemaak word wat nou eintlik onder die woord *goete* verstaan word. Ons woord *dinge*, waarvan die betekenis-inhoud eweneens baie vaag is, kom min of meer ooreen met die Griekwa se *goete*. Dit word gehoor in die volgende gevalle: das sommer kindergoete (= kinderspeletjies); verkôp onse goete vir kos (= besittings); honderde van goete: pêre, bees, skaap (= diere); om te goete hôr (= besonderhede verneem, uitvind); jy kyk goete sô kort (= sien dinge so sleg in, is so kortsigtig) e.d.m.

In plaas van *goete* gebruik die Basters meestal *goeters*: heule had onse hele goeters afgevat²⁾ (d.w.s. al ons goed).

heeltemal in die sin van *baie, veel* word dikwels gehoor: die wind is baie sterk, das heeltemal beter benekant; my tata had heeltemal meer bees gehad as ou W. (Verwarring tussen *heelwat* en *heeltemal*).

hele,²⁾ soos onder die Basters, word gebesig in die sin

¹⁾ Vgl. Hottentots *gei* = gross, hoch, gross sein; *geiba* = älter sein, grösser sein als Jemand (Kroenlein).

²⁾ Vgl. ook verder op Rehoboth: ons moes onse hele huusrate in die grond ingraou.

van *al*: hulle se hele keners is gedaan = al hulle kinders is dood; hyse hele kere was rooi van die bloed = sy hele pak klere, al sy klere.

helftes. Soos die Baster gebruik ook die Griekwas *helftes* in die sin van *party*, 'n *deel*: helftes had tien sak gewen, helftes twintag sak; helftes moes agterbly, helftes moes lōp veg.

Helfte word nie gebruik vir een van twee ewe grote dele van 'n geheel nie, altans nie in die reël nie. Vir: sny die appel in die helfte deur sê die Griekwa: sny die appel in twee (ewe grōt) parte.

*hoek*a (*ɦu:ka*) ¹⁾ is 'n woord wat baie gebruik word deur beide Griekwas en Basters: êk ken hom van *hoek*a af (= van lankal af); hy bly *hoek*a nie meer daar nie (= al lank). Die vorm *toeka*, die meer gewone in Afrikaans, het ek nêrens onder die kleurlinge gehoor nie. Nou en dan word gepraat van *vanslewe*: *vanslewe* had hy daar gewoon, dog die meeste verkies die woord *hoek*a in hierdie geval.

Onder die vorige geslag, word my op Griekwastad verseker, is ook die vorm *hanaka* ²⁾ gebruik i.p.v. *hoek*a (< Hot. *ɦu:ga*), dog vir die juistheid van hierdie bewering wil ek nie instaan nie.

kêrelkind (-*keend*) is wat ons noem *jongetjieskind*; *kêreltjie* in 'n sin soos: hy was nog maar 'n *kêreltjie* toe ons daar lōp ôrlog had, beteken 'n opgeskote seun. Nou en dan word ook *klong* gehoor vir 'n jong seuntjie.

Op Rehoboth het ek 'n moeder haar vyfjarige seuntjie hoor paai met die volgende woorde: „maar moenie so hoeil nie, jij is mos tog al 'n *kêreltjie*,” d.w.s. „'n groot man, 'n groot *kêrel*.”

¹⁾ Onder die Boesmanlanders is hierdie woord ook heel gewoon. Vgl. o.a. *Boesmanlandse Sketse en Verhale*, bl. 75: Toe ek my kom kry toe staan mister Kaapseun al *hoek*a kant en klaar om die taai deeg... te bespring. Vgl. verder *Afr. Fon.*, § 489; *Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans*, § 113, opm. 2; en *Volk en Taal*, bl. 387.

²⁾ Moontlik 'n verwarring met *haná*, die „Verbalpartikel zu den Präter. *go* und *gye*, hinzugefügt, um die Dauer eines Zustandes oder einer Handlung auszudrücken.” So kry ons „*Hati go kha haná gye di?* — wie habt Ihr (Pl. Masc.) denn gehandelt?” (Kroenlein).

Vgl. *kerel* in Nederlands, „man, manspersoon, maar doorgaans sterker, t.w. met het begrip van frischheid, frissche kracht; een man van grooten, forschen, stevigen lichaamsbouw.” Dus word iemand aangemoedig met „*Wees een kerel!* Tot iemand die neerslachtig, moedeloos is; verman u! laat den moed niet zinken! houd u flink.” (Ndl. Wdbk.).

Vergelyk ook met *kêrelkind* die Hollandse *koepaard* — merrie, die Afr. *vroumens*, *meisiekind*, *manspersoon*, ens.

kerkhuus (-hoeis)¹⁾ is algemeen gebruiklik vir *kerkgebou*; hiernaas ook *Godshuus* (-hoeis). So ook word gepraat van *skoolhuus* (-hoeis) vir *skoolgebou*.

klaar in: hy 's 'n klaar man beteken *eersteklas*, *gawe*. Vgl. Afr.: hy is klaar 'n man, hy is 'n pure man.

kôpkosse het ek op Kokstad hoor gebruik in die sin van *gekoopte kos*: ons moet toe dôr *kôpkosse* leef. Ook het ek daar hoor praat van *steelgoed* vir *gesteelde goed*, nl. vee: die Pondoe-opperhoof is toe met al die *steelgoed* weg.

kornet is die gewone woord vir *veldkornet*. Hierdie laaste het ek nooit gehoor nie.

lyfstuk word gebesig in die sin van *beminde*. Die ontwikkeling van hierdie betekenis uit die gewone, nl. die stuk wat by voorkeur deur 'n akteur of aktrise gespeel word, lê voor die hand.²⁾

loop (*lôp*) in die sin van gaan is onder die Griekwas en Basters die gewone: hy had hom *loop* lospleit; hy *lôp* kyk na 'n plek om die *lager* te *lôp* opslaan; hy had die *skaap loop* haal.

Ook in Afrikaans word *loop* nou en dan in hierdie sin gebruik: hy het *loop* slaap; *loop* haal die *beeste*.³⁾

moelband: band om die naaf van 'n wa, ongetwyfeld uit

¹⁾ Vgl. die *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. 65: ...om een nieuwe kerkhuis te bouwen.

²⁾ 'N eienaardige gebruik van *lyf* het ek gehoor by sekere ou Griekwa, wat vertel van sy dogtertjie wat verdrink het: dat was nie êrs die *lyf* van die ravier wat haar gevat had nie. Hy bedoel die sterk stroom in die middel.

³⁾ Vgl. Bouman, *Annale*, bl. 22, vir die gebruik van die *loop* *haal*-konstruksie; en de Josselin de Jong, *Het Negerhollands van St. Thomas en St. Jan*, bl. 13—15, vir die gebruik van *le*, *lo* = *loop*.

muiband, ¹⁾ wat hier bloot in oordragtelike sin gebruik word.

Opm *moel* geld as plat in Nederlands vir *muil*.

net so: as bekragtiging of bevestiging van wat gesê is: „Hy was 'n goeie kaptein vir julle?” „Net so, my hêr.” (inderdaad, soos u sê). In dit miskien 'n vertaling van die Eng. *just so?* Vgl. Afr. „was dit toe Cronje wat die vyand op hol geja het?” „net hy, ou swaer.”

non(g)kros was onder die vorige geslag, so word my op Griekwastad meegedeel, algemeen gebruiklik vir 'n karos van duikervel gemaak. Die oorsprong van hierdie woord is my nie duidelik nie.

onkans word op Griekwastad dikwels gehoor in die sin van *baie*, *erg*: hy was onkans ryk = baie ryk, skatryk.

Op 'n koue môre word 'n ou Griekwa gevra of hy liewer in die son wil sit of in die kamer. Hierop antwoord hy: „Nee seur, in die koelte is dat onkans” d.w.s. is daar nie kans om warm te word nie, is dit te erg (koud).

Vgl. die gebruik van *onkans* in *Ampie*, I, bl. 64: ... dat hy nie kan dink aan onkans om die vark te koop nie, d.w.s. 'n verydeling van sy kans ...; en *In die Gramadoelas*, bl. 42: ... geen onwilligheid nie, maar onkans ... d.w.s. gebrek aan die nodige kans of geleentheid.

Ou in: ou dan vir my 'n steukie, beteken *gee*. Hierdie gebruik van *ou* het ek ook in Namakwaland gehoor, waar die blankes dit egter meestal op spottende wyse besig. Moontlik is dit ontstaan uit „gee 'n ou dan 'n stukkie” en vind ons dan hierin dieselfde verskynsel as die wat Jespersen in sy *Language*, bl. 273, noem „prosiopesis”: „We have what might be termed prosiopesis when the speaker begins, or thinks he begins, to articulate, but produces no audible sound till one or two syllables after the beginning of what he intended to say. This phonetically is „aphesis”, but in many cases leads to the omission of whole words; this may become a regular speech habit, more particular in the case of certain set phrases e.g. (Good) morning/ (Do you) see?/ (Will) that do?/ (I shall) see you again this afternoon” ens.

¹⁾ „Een ijzeren band of beugel, die voor de stevigheid om houtwerk gelegd wordt; als zoodanig bekend bij wagenmakers, molenaars, enz.” (Ndl. Wdbk.).

In "ou dan ..." is daar m.i. sprake van 'n „set phrase”, daar die Griekwa baie maal in die loop van die dag om 'n pruimpie, 'n pyp tabak of iets dergeliks by sy maat aanklop.

Ook onder die Basters is *ou* in hierdie sin heel gewoon.¹⁾

pielie. In Afrikaans word *pielie*, sover ek weet, net gebruik as eende geroep word om te kom eet, maar nie vir die eend self nie, tensy miskien in kindertaal. Op Kokstad het ek die volgende gehoor: das nes water bo 'n pielie se rug.²⁾

rond word op Kokstad gebruik vir *om*: rond die kerk, rond die stat. Dit laat 'n mens dink aan die Eng. *round*, alhoewel *rond* as voorsetsel in Nederlands nie vreemd is nie. Vgl. o.a. Herman de Man, *Het Wassende Water*, bl. 236: rond zijn oogen; in Suid-Nederlands is *rond* in hierdie sin heel gewoon in die spreektaal, ook in die skryftaal, dus: 'Et gezelschap zat rond de tafel; de soldaten zetten 'n wacht rond het huis (Ndl. Wdbk.). As voorsetsel word *rond* ook in Noord-Nederlands aangetref, veral by skrywers van die laatste 40- 50 jaar: Rond de kerk bouwt hij een voorhof, ens. (Ndl. Wdbk.).

rondeloos: jy 's haie rondeloos beteken; jy loop rond vir kwaadgeld. In hierdie woord moet ons sien die woordjie *rond* = orals, waaraan deur verwarring met 'n ander woord die agtervoegsel -loos toegevoeg is (rond + doelloos). Vgl. *ongevaarte* = gevaarte; *onmeedoënloos* = meedoënloos.

rugblad: pyn agter die rugblad beteken pyn agter die blad, skouers.

seet (sit) word soms gebruik in die sin van *is geleë*: grôt fantein seet daar.

Op Rehoboth het ek 'n ou vrou hoor praat van die afgestorwenes wat „daar seet op die kerkhof.”

sluit: die twee dinge sluit = kom ooreen, strook. Vgl. die gebruik van *sluit* in Nederlands: a) pas: „nu sluyt myn kroon op 't hooft” (Hooft); b) met iets anders in ooreenstemming wees, klop: „Het afschrift en sluyt niet veel maer

¹⁾ Met die ter perse gaan van hierdie werk deel Prof. Dr. J. A. Engelbrecht my mee dat *ou* 'n Hottentotse woord is wat *gee* beteken.

²⁾ Vgl. Schonken, *Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volks-overleveringen*, bl. 106: Het roepwoord voor eend is „poelie” of „pielie”.

een gauw geest heeft genoeg aen een half woord" (Hooft); „Volgens sommigen is het een gebod van den grondwetgever, dat de begrotingen van uitgaven en inkomsten sluiten, maar volgens anderen bestaat dit gebod niet." (Voorbeeld uit Ndl. Wdbk.).

smaak: Engelsman, Boer, hy smaak nie ôr my nie = ontferm hom nie oor my nie.

sterkbekkag: jy moenie sô sterkbekkag wees nie = parmantig. Hiernaas ook: hoekom is jou bek sô sterk? en: hoekom is jy sô sterkbek?

strymak (strymaak): dat help nie om te strymak nie = stry nie.

suugkeend is meer algemeen gebruiklik as *babetjie*, *bybie*. Soms sal op die vraag: „is die kind al groot?" geantwoord word: „nee, hy is nog 'n supende keend of 'n suupkeend." Op Kokstad het ek sekere ou Griekwa hoor praat van *pramkeend*, dog hierdie woord word nie algemeen gebruik nie.

tata, *mama* (**ta:ta**, **ma:ma**) is onder die oueres die gewone woorde vir *pa* en *ma*. Hierdie laaste word wel onder die jongeres gehoor. Naas *papa* en *mama* word ook *vader* en *moeder* gebruik. *Oupa* en *ouma* heet gewoonlik *grootvader* en *grootmoeder*, 'n enkele keer ook *outa* (**outa:**) en *oumama* (**ouma:ma**). *Grootma* is die woord vir *tante*, alhoewel hierdie laaste woord ook dikwels gebruik word. Die verkorte *ta* (**ta:**) word baie maal gehoor i.p.v. *tata* (**ta:ta**).

Op Rehoboth is *oupa* en *ouma* baie gewoon naas *grootvader* en *grootmoeder*; *outa* (**outa:**) en *oumama* (**ouma:ma**) het ek daar nie gehoor nie, maar wel *tata*, *tate* (**ta:ta**, **ta:tə**) en *mama*, *mame*, (**ma:ma**, **ma:mə**).¹⁾

tondelagtig, *donsagtig*. Albei hierdie woorde word op Griekwastad gebesig in die sin van *verflenterd*, *gehawend*, of „slodderag" soos sekere oue dit verklaar. Sou *tond(t)elagtig* iets te doen hê met *tond(t)el* in *toud(t)eldoos* (verbrande lap het immers altoos gedien vir die *tond(t)el* van die *tond(t)eldoos*?)

¹⁾ Vgl. *Ons Geselstaal*, bl. 37, 39; ook *Jakob Platjie*, bl. 2: „Hy het sy ouers tata en memme genoem... 'n gebruik wat van die slawetyd bestaan het, want slegs die blanke kinders het die voorreg gehad hulle ouers pa en ma te noem."

Donsagtag, word my meegedeel, is van jonger datum, *tondelagtag* daarenteë reeds heel oud.

witdeel: „hoekom loop deel jy my so uit?” beteken „waarom gaan jy oorvertel wat ek jou (in vertroue) meegedeel het?”

uitkyk is deur 'n „deftige” Griekwa op Kokstad gebesig in die sin van *insig*: hy had 'n hoog uitkyk in sake (d.w.s. 'n goeie insig in sake).

vanmôre word dikwels gebruik in die sin van *vandag*: tot die vanmôre had eek nog neeks gekry nie (en dit vieruur in die middag!).

Vgl. die gebruik van *geester* in: daardie wôrd had oens maar êrs geester gehôr (d.w.s. daardie woord is van jonger datum); en: hy 's nie van gister nie.

verbeling. Op Griekwastad word gepraat van *hy 't 'n verbeling* as bedoel word dat hy 'n hoë dunk van homself het, hoogmoedig is. In Afrikaans word ook gepraat van: hy 't verbelings oor hom.

ver . . . naby: die plek is ver naby is 'n baie kernagtige uitdrukking vir: — die plek is in die nabyheid maar darem 'n goeie ent hiervandaan.

warie: *warie man meen jy?* word dikwels gebruik vir *watter man bedoel jy?* In gewestelike Afrikaans kom dit ook voor. Vgl. *hoeke* en *wat se mense*.

waterskaalman: op Griekwastad die gewone woord vir wat ons noem *waterfiskaal*.

weetvoet (witvoet). Op Griekwastad word van 'n man gepraat as „opreg weetvoet” as bedoel word dat hy 'n regte skinderbek is. Die uitdrukking sal wel ontstaan het uit die idee van witvoetjie soek by 'n ander en in sy guns te probeer geraak deur van iemand anders te skinder.

§ 195. Vir baie wilde plante en bome soos rapuisbos, slangkop, skilpadbos, ystervarkbos, vermeerbossie, olienhoutboom, ens. as ook vir die verskillende velddiere het die ou Griekwas by voorkeur die Hottentotname gebruik. Sekere oues ken die name nog, dog tensy 'n mens vertrouwd is met die Hottentottaal met al sy klapgeluide en ander eien-

aardighede, sal 'n poging om die Hottentotname op te teken nie die moeite loon nie.

§ 196. Hier volg 'n lysie van die „Germaanse” name vir sekere velddiere (opgeteken op Griekwastad):

Abram-boepens of *Abram-ewige-pens* heet die diertjie met dik, ronde lyf wat baie lyk op 'n sprinkhaan.

beerwolf: wat ons noem maanhaarjakkals.

dermtrekker: bruin lammervanger.

*housterbai*¹): soort valk, kuikendief. Dit lyk meer na 'n Hottentotwoord.

klaasneus: langneus-muis.

klipskeur: soort skurwe koggelmander, klipsalmander.

links (lings): rooikat (Eng. en Ned. *lynx*).

ourot: groot soort rot of muis.

sekretarie: die gewone woord vir sekretarisvoël.

weetreug (-roeg): sekere soort jakkals.

§ 197. Vir die verskillende dele van 'n skaap of bees het ek die volgende opgeteken, ook op Griekwastad: *blompens*, *kleinpens*, *rondepens*; *nesdarm* (< nersderm) deur sommige ook genoem karnaaitjie), *rondederm*; *graafbeen* (uitsteken-de been van die blad); *harspan* (soms sinoniem met harsings, dog meestal, soos in Afrikaans, die harsings plus 'n stuk kop); *kambeen*; *liesribbetjie* (korttribbetjie); *rooikeel* (= rooiderm); *snotkokker* (neusbeen plus voorste deel van gesig, snotkoker), ens.

Hiermee is die vernaamste woorde, opgeteken op Kokstad en Griekwastad, handel. Van die meeste kan gesê word dat hulle so goed as algemeen gebruiklik is òf op eersgenoemde òf op laasgenoemde plek. Owerigens word die oorgrote meerderheid op albei plekke gehoor, natuurlik onder die ouer geslag. Baie van die behandelde woorde is vir die jonger geslag onbekend, of word altans nie deur hulle gebruik nie.

¹) Kom ook voor as *ousterbas* in *Aus Namaland und Kalahari* (Schultze).

INVLOED VAN ENGELS.

§ 198. Dis terloops reeds aangetoon dat, veral op Kokstad, die Engelse omgewing 'n verbasende invloed uitoefen het en nog uitoefen op die taal van die Griekwa. Die jonger geslag lug graag sy kennis van Engels en deurspek dus sy taal met allerlei anglisismes, maar ook die ouer geslag het nie aan die invloed ontkom nie. Ek noem hier enige voorbeelde wat opgeteken is in die loop van my gesprekke met 60—70 jariges:

Ons kaptein het nie drank *allow* (əlou) nie; die gorment het mos 'n *law* (lɔ:) dat as jy so lank op 'n plek bly, dan is dit jou *own* (oun); hij was *engage* (ɛŋɡeɪtʃ) met my dogter sam; om jou *down* (doun) te doen; eek sal nie die keusing *use* (ju:s) nie; nou 's ek *gerundown* (xəɾəndoun) d.w.s. nou word ek vertrap; onder die *protek* van Adam Kok; in die *long run*; *stywe* wette, ens., ens.

Woorde wat algemeen gebruik word is: *counter*, *jop*, *pay*, *disgrace* en baie meer sulkes.

Die volgende is op Griekwastad opgeteken: dat was 'n lelike *smash* (smɛʃ); pensel *draw* (= pensioen trek); *graveyards* (= kerkhof); geld *change*; die straat *afwaak* (= afstap); hy 't vol *keep* gehad (= reg); *uitpiek*; *somtaaims* < *sometimes*; oens had hard *getraai*; *stems* (= posseëls); in die *flu* se tyd, ens.

Op Philippolis het ek hoor praat van: *different* taal (op sy Engels uitgespreek); *explain*; half-*gemiks*; *gesupply*, ens.

Die woordjie *roep* het ek nie alleen op Kokstad en Griekwastad nie maar ook op Philippolis algemeen hoor gebruik in die sin van *noem*: ek sal nie name roep nie, hulle roep hom Klein Outa, heule het hom Moses geroep. Ook kom dit voor in die sin van *belê*: ons sal 'n vergader roep.

Gewoonlik word aangeneem dat ons hier met Engelse invloed te doen het, maar waarom? Ook aan Hottentotse invloed val nie te dink nie, daar die Hot. woorde vir roep of noem, nl. *!gèi en !háoo*,¹⁾ geen ooreenkoms vertoon met *roep*

¹⁾ Vgl. Kroenlein, *Wortschatz der Khoi-Khoi*.

i.p.v. *noem* nie. Moontlik moet ons hier dink aan die emosionele faktor.

UITDRUKKINGS.

§ 199. Die Griekwa besig dikwels uitdrukkinge wat nie alleen die lagspiere prikkel nie, maar ook tref deur hulle oorspronklikheid: *Hy het met die Noorderson vertrek* word „na 's lands gelegentheid verduytchet” en lui by die Griekwa *hy 't houtpas gevat*. Aan oorspronklikheid laat hierdie uitdrukking niks te wense oor nie.

Vriendelik van aangesig maar skelm in die derms: gesê van uiterlike vriendelikheid.

Hy werk in die mou: hy gaan skelm te werk. Vgl. hy het iets in die mou. Hiernaas word ook gehoor *hy 't 'n ding in die mou* vir: hy voer iets in die skild, Ndl. iets achter of in die mouw hebben, Eng. to have something up one's sleeve.

Hy 't 'n kraak in die hart: hy is aangedaan.

Die sak het my gevang: eufemisties vir: — my vrou verwag om moeder te word.

Die meisie se been is breek; die kar het omgeval; die kar se wiel het uitgeval; sy 't gestruikel: almal eufemisties vir 'n meisie wat oor die tou getrap het.

Hy het my in die hart: hy is nie tevrede met my handelwyse nie.

Hy neerlê waarlik met my saam: hy is baie afgunstig op my, wil alles hê wat ek het. (Onstaan uit: hy volg my orals na, selfs wanneer ek gaan lê en slaap, uit vrees dat ek iets sal kry wat hy nie kan kry nie, of dat my 'n guns sal bewys word waarin hij nie kan deel nie).

Hoe had die man dan twee tonge: hoe is die man dan so'n tweestertjakkals, praat hy dan so uit twee monde.

Ek skrik vir steurings, jy moet my sien en laat staan: jy moet my ongehinderd laat (sarkasties gebruik).

Die keend lyk hy wil my broek ingaan: gesê van 'n kind wat kwaad word en hom wil teësit.

Hoe lê jy dan so in my keel?: hoe val jy my dan so in die rede?

Hy lê agter my: hy probeer my in die moeilikheid kry.

Hy's 'n weetvoet, hy's my kees se doodspyker: gesê van iemand wat in die baas se guns probeer kom deur 'n ander swart te smeer. Vgl. *weetvoet*, bl. 101.

Onder die rooipaal slaan: 'n heeltemal plaaslike uitdrukking en onder die oues op Griekwastad nog baie gebruiklik. Dit het ontstaan in die dae van Waterboer. Die rooipaal was die bloedpaal (van die galg) waaronder iemand wat 'n meisie onteer het, vyftig houe met die kats toegedien is. Het hy met die lewe daarvan afgekom, was dit goed, so nie, ook goed. Vandag beteken die uitdrukking: iemand gedug straf vir die een of ander oortreding, veral vir die ontering van 'n meisie. Vgl. Ndl. iemand aan de kaak stellen.

Jy weet my seet en opstaan nie, my hande staan vir alles reg: so sê die jakkals wat sy eie stert prys!

Ek had die man se draad gevang: ek het die man nou in die hande.

Die wêreld draai met man sô's koedoeoring: gebruik as dinge verkeerd loop.

Jou stal(hek) is oop: as op jou tone. Ook bekend in die Westelike Provinsie, word my meegedeel.

Los vir my en vang vir Oerson: 'n plaaslike uitdrukking wat gebesig word as 'n kind lastig is en na buite gestuur word. (Oerson was jare gelede 'n kneg by sekere Griekwa-familie en 'n baie bekende figuur onder die gemeente van Griekwastad).

Hy is vol maniere beteken *hy is vol draadwerk*. Algemeen word hierdie uitdrukking egter nie gebruik nie.

Hy loop miswerk maak het ek op Kokstad hoor gebruik in die sin van: hy gaan verkeerd handel, verkeerde dinge aanvang.

Die vrou is in die omstandigheid of in die ander omstandigheid is 'n eufemistiese uitdrukking vir 'n vrou wat swanger is. Vgl. Ndl. „in gezegende omstandigheden.”

Bekend is onder die Griekwas: buig die boompie solank hy jonk is, dog gewoonlik lui dit: *boei(e) die latjie solank hy slap is*; ook die meer bekende Afrikaanse uitdrukkings soos *stadig oor die klippe, hotagter kry, noustrop trek* e.d.m.

Vir die begrip *dronk wees* het die volgende onder my aan-

dag gekom: *hy 's stukkend gekrap van die tier en nou sit bloei hy; die tier het hom in die gesig gekrap*; ¹⁾ *hy 's deur die kop geskiet*; ²⁾ *hy 't te diep in die kaffertjie (swartbottel) gekyk*; ¹⁾ *hy 's klôtdronk (kloodronk)*; *hy 's vuurbek*; *hy 's dronk en moeg (as hy slinger)*; *hy gaan lekkerlyf die wêreld uit (as hy pootuit is)*; *die slang het hom gepik*.

§ 200. Baie uitdrukkings wat by ons behoort tot die alledaagse is by die Griekwas onbekend of ken hulle in 'n ander vorm: vir *briek aandraai* sal hulle sê: *gaan soutjies (soetjies)*, vir *iemand in die wiele ry*: *hy spring my voor*; vir *hy 's so bang vir 'n slang as 'n duivel vir 'n slypsteen*: *hy 's slang sô bang sôs satang*. Sulkes soos: *met die hand in die hare sit, as is verbrande hout*, ens. ken hulle glad nie, altans die oues deur my ondervra.

VERGELYKINGS.

§ 201. Die paar oues wat gedien het as my segsmanne het die volgende vergelykings gemaak: sô arm sôs hond; sô oud sôs stok; sô gesond sôs jongkêrel; sô maer sôs ou koei; sô blind (blink) sôs mol; sô soet sôs suker; sô koud sôs ys; sô blou sôs die hemel; swart sôs die pot; hōg sôs die wolke; ens.

Die volgende vergelykende kombinasies kèn hulle: klip-hard, stokblink, perdfrijs, brandmaer, spekviet, papsag, suker-soet, yskoud, peekswart, stokdoof, hemelshoog, dog dan is daar ander waarmee hulle geen raad weet nie: — lelik, — benoud, — blou, ens.

Bogenoemde uitdrukkings en vergelykings is vir die grootste gedeelte opgeteken op Griekwastad.

¹⁾ Vgl. *Die Volkstem* van 25 Maart, 1932: *die tier het hom gebyt en 'n Hotnotjie doodslaan* (meegedeel deur Mnr. F. P. S. du Toit van Heidelberg). Vgl. ook t.a.p. *Swart Griet, Langnek Kaatjie soen*.

²⁾ Bekend is in Afrikaans: *hy 't die skoot hoog deur*.

BEELDE.

§ 202. Die volgende is op Kokstad opgeteken. Hulle gee 'n idee van die beelde soms deur die Griekwa gebruik, sy eienaardige manier van uitdrukking, ens.

- a) Die Bybel is die kompas na die hemel toe.
- b) Jy moet die riel dans wat hy fluit (d.w.s. na sy pype dans).
- c) Lerarte is mos mense wat die skap bymekaar maak.
- d) 'N bees werk vir 'n bees, 'n perd vir 'n perd (spreekende van prokureurs wat vir hulle eie mense partyttrek).
- e) 'N hen gaan mos nie vir 'n ander hen se kukentjies kos oopkrap nie (spreekende van magistratre en prokureurs wat hulle nie enige moeite sal getroos om die belange van die Griekwas te behartig nie).
- f) Vat 'n span osse en sit 'n rooie tussen hulle, dan is in die gesamentlike span die rooie uitstekend — hy 's 'n uitstekende os wat nie daar hoort nie (spreekende van 'n wit predikant onder kleurlinge).
- g) „Etsê, jong, hoe had jy dan so diep gedruuk?” ('N Griekwa aan sy maat wat £ 35 skuld by die winkelier gemaak het. Op Douglas gehoor).

.

WOORDGEBRUIK; DIE INVLOED VAN HOLLANDS; DIE INVLOED VAN DITS.

(B. Die Rehoboth-Basters).

§ 203. *aangedres*: aangetrek. Hierdie woord, deel een van die oues my mee, is reeds baie oud. Algemeen word dan gepraat van *knap aangedres* vir netjies aangetrek. Op een of ander tyd moes die Engelse woord *dress* die taal binnegedring het, dog waar en wanneer is moeilik om vas te stel.

afprenter is 'n veel meer gewone woord as afnemer, d.w.s. fotograaf. Vgl. Ndl. afprenten.

agtermiddag: in plaas van te sê „goeie middag”, sal die Baster se begroeting meestal lui: „agtermiddag.” Eng. (good) afternoon?

bekwaam: meestal gebruik in die sin van welgesteld, ryk: die Hotnotse was baie bekwaam, want heule had honderde bees en skaap. Moontlik het ons hier te doen met die Duitse woord *bequem* (gemaklik).

Verder kom *bekwaam* voor, soos in Afrikaans, in die sin van geskik: hy is bekwaam vir die werk; die kool is al bekwaam (om te eet).

bokkleedjie: die gewone woord vir 'n karos gemaak van gebreide bokvel en gebruik as karos. Is die karos gemaak van skaapvel, word nie gepraat van skaapkleedjie nie, maar eenvoudig van *skaapkombers*. Vgl. die woord *kros*, die gewone uitspraak van die Afr. karos.

boorling: soos onder die Griekwas die algemeen gebruiklike woord vir inboorling. Hierdie laaste het ek nie een enkele maal gehoor nie. Vgl. *kornet* vir veldkornet.

boude: die vorm *boute* het ek nooit op Rehoboth gehoor nie. Om te differensieer tussen *boude* en *boute*, sal die Baster praat van mens- (bees-, skaap-, ens.) en ysterboude.

*Duusman, Diesman*¹⁾ word in die eerste plek gebruik as soortnaam, d.w.s. as benaming vir enige blanke. Weet die Baster dat iemand 'n Engelsman of Duitser (Duister) is, noem hy hom Engelsman of Duitser.

'N Afrikaanssprekende blanke word egter altyd 'n Duusman of Diesman genoem.

erdmannetjie: die gewone woord vir die klein soort meerkat, in Afrikaans ook bekend as graatjie. Hierdie diertjie heet op Rehoboth ook *goedjie*.

Van *aardmannetjie* sê van Dale: „bijnaam voor een springenden haas in Zd. Afrika (pedetes caffer); deze kan wel 60 c.M. lang worden en leeft evenals de konijnen in holen in de grond.” Klaarblyklik word hier bedoel ons *springhaas*, dog in watter deel van ons land 'n springhaas genoem word erdmannetjie, sal miskien alleen van Dale ons kan sê.

Von Wielligh sê (*Ons Geselstaal*, bl. 173) dat in die binelande van die Kaap-Provinsie (d.w.s. die Karowêreld)

¹⁾ J. P. la G. L. skryf in *Die Volkstem* van 30 Maart, 1930: „Die Griekwas het selfs die byv.nw. daarvan (d.w.s. van Duusman) geken en die twee verwante woorde as „Doesjman” en „Doesj” uitgespreek.” Vgl. bl. 51, voetnoot 4.

„erdmannetjie vernaamlik op die waaierstert-mierkat toegepas (word), wat eintlik 'n grond-eekhorinkie is en saam met mierkatte woon.” ¹⁾ Eienaardig dat op Rehoboth die naam meerkat (mierkat) net van toepassing is op die waaierstert-tipe, terwyl die woord *graatjie* hier heeltemal onbekend is.

esels, muile: hierdie twee woorde is sinoniem op Rehoboth. In Afrikaans is daar groot verskil in die gebruik van *donkies*, *esels* en *muile*; die een praat van donkies waar die ander praat van esels of so nie, praat die een van esels waar die ander die woord muile verkies. 'N derde maak die volgende onderskeid: donkies is die kleinste van die drie, nie gekruis nie; esels, die kruising tussen donkiemerrie en perdehings; en muile, die kruising tussen perdemerrie en donkiehings, of wat die Hollander respektieflik sou noem: esels, muilesels, muildiere. Vgl. Duits *Maulesel* en *Maulpferd*.

gevallende lid: een wat onder kerksensuur is.

gemeinte (gemeente): gewoonlik nie gebesig in die sin van kerkgenootskap nie, maar in die van trekgeselskap: — helftes van die gemeente had agtergebly. Vgl. die verskillende betekenisse van hierdie woord in Nederlands: a) gemeenskap, b) gemeenskaplike besit, c) die gemene of gesamentlike burgery, d) die grote publiek, e) derde stand in die algemeen, gewone burgery, die volk, f) liggaam van die burgery van 'n stad (of dorp), deur die landsheer as eenheid, as selfstandige regspersoon erken, ens. g) gesamentlike volk van de gelowiges, die Joodse volk, h) vereniging of gemeenskap van die gesamentlike gelowiges van die algemene Kristelike Kerk, of van die lede van 'n bepaalde kerkgenootskap, in sy geheel geneem, ens., ens. (Ndl. Wdbk.).

halweleerskoen: deur sommige Afrikaners blootweg *schoen* genoem, dog waarvoor die meeste verkies om die Engelse woord *shoe* te gebruik. Hierteenoor staan *volleleerskoen*, wat by ons heet *stewel* (Eng. *boot*). Ons kan hierdie twee woorde gerus oorneem van die Basters! Die woord *stewels* gebruik die Basters vir die hoë ryskoene (kaplaarse) deur

¹⁾ Vgl. *Boesmanlandse Sketse en Verhale*, bl. 166: „sien oom daardie erdman- of graitjiegate? Daar was 'n klomp witkwas-graitjies. Hulle het regop gestaan.”

die Duitsers gedra; sommige egter ook vir vrouenskoene met hoë polvye.

harspan: die gewone woord vir harsings. Hierdie laaste woord is so goed as onbekend op Rehoboth.

hartslag: hy 't 'n *hartslag gekry* beteken hy het gesterf aan hartverlamming. Hierdie gebruik van hartslag is algemeen op Rehoboth.

Vgl. Leipoldt, *Wat Agter Lê*, bl. 124: 'n Hartslag, Magistraat, eindig net soos wat ons hier voor ons sien.

heel: gesond, herstel. As iemand bv. 'n arm of been gebreek het en hom gevra word hoe dit gaan, sal hy antwoord: „ek is nou weer heel” as die liggaamsdele weer aangegroei het, dus heel is. Vgl. hiermee die gebruik van *hele* in die sin van *al* (ook baie gewoon onder die Griekwas): die hele nasies, die hele Cloetese, ens. — 'n kontaminasie-konstruksie uit *al die nasies* + *die hele nasie*.

Verder het ek *heel* ook hoor besig in die volgende sinne: eek ees nou weer heel en frees = gesond en fris, d.w.s. fris en gesond; die ou vrou had nie meer die verstand heel nie = is nie meer bij haar volle verstand nie (eintlike bedoeling: haar geheue is nie meer goed of vertroubaar nie).

hoe: as die Baster gevra word „hoe gaan dit?” antwoord hij „nee, dat gaan nie hoe nie” as hy bedoel dit gaan nie alte goed of sleg nie; of jy vra hom „hoe is die pad Windhoek-toe?” dan kom die antwoord „meestergoed, hy is darem nie hoe nie.” „Wat bedoel jy?” „Kyk, meestergoed, as jy met die ossewa ry, is hy darem nie hoe nie (= nie so danig sleg nie), maar as jy met die perdekar ry is hy darem sleg.”

Waar paaie sleg is, word uiteraard steeds gevra: „hoe is die pad?” Meestal sal die antwoord gekom het dat dit sleg was; so kan *hoe* die betekenis aangeneem het van *sleg* of *nòg goed nòg heeltemal sleg*.

Vgl. die gebruik van „hoe maak?” in die sin van „pardon, ekskuus?”, ook af en toe gehoor onder Afrikaners.

kaalnakend: hierdie toutologiese samestelling is heel gewoon: — die Bergdamara was toe kaalnakend. Vgl. *neef-kêrels*¹⁾ vir neefs.

¹⁾ In 'n sin soos: hulle had 'n neefkêrel van my dôdgeskiet is die bedoeling 'n opgegroeide neef. Vgl. *kêreltjie*, bl. 96.

kan: *melkkan* vir melkbeker (Eng. *jug*) word algemeen gehoor.

kart: so heet 'n vloerkleedjie, sowat 2 by 3 voet of 'n bietjie groter; dit word orals in die huise aangetref en bestaan uit allerlei kleur vel netjies aanmekaar genaai. Hierdie naam is ongetwyfeld ontleen aan (speel)kaart wat dieselfde bontheid vertoon.

klossie: algemeen vir retirade. Engels *closet*.

knap: gebesig in die sin van *klein*, *nie uitgestrek*, *nie*: — Rehobothdistrik is darem nie so knap nie.

Dit kom ook voor in die sin van *moelik*: toe had dat mar knap gegaan met oens sam; en verder in die sin van *netjies*: hy 's knap aangedres; dan ook, soos in Afrikaans, word gepraat van klere wat 'n bietjie knap (d.w.s. nou) sit; en van 'n knap kêrel, d.w.s. agtermekaar, bekwaam.

Knap in die sin van *klein* en *moelik* kan ontwikkel het uit die algemene betekenis in Nederlands; moontlik is die Duitse *knapp* verantwoordelik vir hierdie uitbreiding in betekenis. Vgl. die volgende: das Geld ist knapp bei mir; die Speise war knapp; knappe Schuh; der Rock ist etwas knapp; ens.

koffert: algemeen vir bliktrommel; *velkoffert*, *leerkoffert* of *handkoffert* dui aan 'n portmanto, 'n leerhandsak vir klere (Eng. *suitcase*).

Is die „koffert” van hout, word dit genoem *kees* (= kis); *trommel* weer, sover ek kon nagaan, kom net voor in die verbinding *medisynetrommel*.

kolleksie: vir kollekte (in die kerk).

kortendag: binnekort — hy sal kortendag treug wees. Hier het ons seker met 'n kontaminasie-produk te doen < binnekort + eersdaags (oor 'n dag, 'n paar dae?). Vgl. Duits *in kurzem* = binnekort.

kriewel: soos onder die Griekwas die gewone woord vir *krioel* — die hele plek had gekriewel van mense; dit het hier gekriewel van die wild. Vgl. die gebruik van *kriewel* in Afrikaans.

kros: meestal gebruik vir 'n gewone kombers, veral as dit dien om die liggaam in toe te draai, soos die gewoonte is onder die inboorlinge; in hoogs uitsonderlike gevalle kom

dit ook voor in die sin van gebreide velkombers.

laagmoedig: skelmagtig, laag van gedrag — die Hotnotse was laagmoedig, hulle steel jou bees, jou skaap en vleug dan weg. (< laag + moed (= gemoed) + -ig).

los: gehoor in die volgende sinne: — as 'n bees siek word, laat los hom = laat hom met rus, pla hom nie; laat los = hande tuis; los dit = skei uit daarmee; „wat kos jou skoen?” „Een pond, vyf.” „Ek sal maar los, dit kos te veel.”

Vgl. *Die Burger* van 10 Okt., 1930, onder die rubriek „Van Alle Kante”: mense op Kakamas praat van „iets gelos het” vir laat staan het. Ook die Namakwalander praat van „Los die emmer maar dan” in die sin van laat staan, of „los my” in die sin van moenie my pla nie, laat staan my.

In *Die Burger* van 21 Okt., 1930, onder dieselfde rubriek, word verder gepraat van die gebruik van *los* onder die Namakwalanders: ek het die kinders by die huis gelos = agtergelaat.

masien: die gewone woord vir lokomotief of enjin.

omstandigheid: soos onder die Griekwas. Kyk bl. 105.

onderwys: die gewone woord vir voorbereiding vir die aanneming, m.a.w. katkisasie. Die katkisante ontvang onderwys van hulle pastoor alvorens lidmate te word en dit was in vroeër dae dan ook die enigste onderwys wat hulle geken het, dus: ek is nou in die onderwys = ek is nou in die katkisasiëklas.

onlekker: gehoor in die volgende sin: — „Hoe gaan dit?” „Nee, broer, dit gaan onlekker in die laaste tyd.” (d.w.s. nie van die beste nie, ek voel 'n bietjie ongesteld). Hierdie woord is ook heel gewoon in die Nederlandse volkstaal in hierdie sin.

Ek voel 'n bietjie onlekker op hom beteken ek voel teleurgesteld, in hom, 'n bietjie knorrig op hom om die een of ander ding wat hy gedoen het. Algemeen is hierdie gebruik van *onlekker* egter nie en sal eerder gepraat word van: ek voel nie goed op hom nie of my hart is nie lekker op hom nie.

Owerigens het ek *onlekker* in die volgende sinne hoor gebruik: my oom was daardeur onlekker (= verontwaardig, teleurgesteld); die Hotnotse kom by die werf en vat al onse waardes af, dit was vir ons onlekker (= onaangenaam).

ontskot: ek is nou 'n bietjie ontskot (*verskot*, *ontskoot*) in die sin van *dit is my nou 'n bietjie ontgaan*, Ndl. *het is mij nu enigszins ontschoten* is onder die Rehoboth-Basters, soos onder die Griekwas, so goed as algemeen. Die snw. skot (skôt) het bepaald niks met hierdie woord te doen nie.

oumens: gewoonlik net gebruik as gepraat word van 'n ou vrou; 'n *ou* daarenteë, as van 'n ou man gepraat word. Hierdie gebruik van *oumens* en *ou*, deel sekere Baster my mee, is meer beperk tot die taal van die Griekwas, van wie daar in die laaste jare 'n hele aantal hulle kom vestig het op Rehoboth.

rolbyl of *roldissel*: 'n klein handdissel.

roosterbrood: wat beter bekend is in Afrikaans as roosterkoek.

sampan: ¹⁾ wat in Afrikaans gewoonlik heet *tampan*. Vgl. Pettman, *Africanderisms* vir *sampan* en *tampan*; ook Kroenlein, wat die Hottentotse woord *ómab* vertaal met *Samban* en verklaar as „bunte, giftige Buschlaussorte.”

skietgoedhuis of *kruithuis*: magasyn.

skoor: as twee stukke hout of yster aanmekaar gevoeg moet word deur middel van 'n bout en die gate sit nie regoormekaar nie, sal gesê word: hulle skoor nog. Is hulle regoormekaar dan *stem* hulle (Duits *stimmen*). In plaas van *skoor* sal ook gesê word: hulle (dit) *stem* ²⁾ nie.

Die gebruik van *skoor* in hierdie sin, lyk dit my, hou verband met *skoor* in die Afrikaanse uitdrukking *skoor soek* „aanleiding gee tot rusie.” ³⁾ As twee gate *skoor* dan maak hulle letterlik nog rusie, kan hulle niet tot ooreenstemming kom nie.

Skoor soek is ook bekend onder die Basters in die sin van „oorsaak soek om te baklei”, soos een van hulle dit uitlê.

skouerbande: veel meer gewoon as kruisbande.

¹⁾ Vgl. *Boesmanlandse Sketse en Verhale*, bl. 173: die sampanne lê jou voor by die gorratjies of gannabossies om jou te beklouter en jou laaste bloed uit jou are te suig.

²⁾ Vgl. ook *dit stem* = ek is dit met jou eens in 'n sin soos: „die son is baie warm vandag?” „Dit stem”.

³⁾ Vgl. Malherbe, *Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Vorme*, bl. 312. Malherbe sê dat *skoor* moontlik in verband staan met Antwerps *schoor* in die betekenis *stamp*, *schup*.

slent in: hy het met 'n slent gekom, met 'n slent sam had hulle vrede gemaak met die Bondelswarts beteken *skelmstuk*. Vgl. Ndl. *met slenters omgaan, slenters gebruik* = met bedrog te werk gaan.

sondaarsbank: spesiale bank in die kerk vir „gevallende” lede.

Vgl. Ndl. *sondaarsbank* — bank waarop die zondaars plaats nemen die „gered” zullen worden; *op het zondaarsbankje plaats nemen*, zich schuld bewust zijn,” ens. (Van Dale).

sout: een van die mees alledaagse woorde op Rehoboth, gebruik beide as snw. en ww.: hy is my sout = my beminde, kêrel; sy is my sout = my nôi; hy sout haar = vry na haar.

staan: toe die son daar staan (= sit) word baie gehoor.

staning: heel gewoon in die sin van *die oorbly vir 'n tyd* — van Bitterputs het ons nie weer staning gehad nie tot ons op Bad kom.

storman (stoorman): algemeen vir winkelier, watter woord nooit gehoor word nie. Eng. *store(man)*. Vgl. die *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. 71: *storren* = winkels.

string: nie net vir 'n string garing of die string van 'n tuig nie, maar ook vir 'n toutjie. Eng. *string*.

stuitdak: algemeen vir 'n „staandak” teenoor 'n „plattendak”; *stuitdak* slaan seker op die twee hoogste rande van die dak wat teen mekaar stuit, d.w.s. mekaar ontmoet. Vgl. Afr. stoets in stoetshoek.

sweet: 'n woord gebruik in verband met putgrawe. As die water nog nie werklik te voorskyn kom nie, maar daar al klammigheid te bespeur is, dan sweet die put, dus: die peuts begene al sweet, ons sal kortendag water kry. Kom die water te voorskyn, dan *syfer* dit uit en as die water begin uitborrel, dan *groei* dit. Vir 'n put wat water het word dikwels die woord *bron* gebruik.

uit (oeit): 'n enkele maal gebruik i.p.v. *af* = dood. Sekere Baster deel aan 'n blanke mee dat ou Isak die oggend uit is. „Waarheen is hy? Is hy uit na sy plaas of is hy bankrot of wat?” vra die blanke. „Nee, seur, hy is wat julle Duusmanne sê dôd.”

vee: gewoonlik gebesig in die sin van kleinvee (skape en bokke); dikwels ook word hieronder verstaan die individuele dier, dus nie kollektief nie: slag jy vee (d.w.s. 'n skaap of bok) vanmôre, dan is hy vanaand sleg, as dit so warm is.

velfles: gewone woord vir die waterfles deur die polisie gedra (< veldfles. Vgl. velskoen < veldskoën).

veters; *vetergat*: hoewel *vetergat* bekend is, word die woord *veters* daarenteë nooit gebruik nie, dus: steek die skoenriem deur die vetergate. *Vetergat* word ook gebesig vir die omgeboorde ogie of gaatjie (van 'n bloes) waarin die hakie vasgehaak word. In hierdie sin is dit ook in Afrikaans bekend.

voorhangsel: die woord *gardyn* is bekend, dog word so goed as nooit gebruik nie, daarenteë gewoonlik *voorhangsel*. Dit is natuurlik ontleen aan die Bybel.

waardes (*waardetjies*): gewone woord vir *lewende hawe* — toe het onse waardes weer sô stadag begene aantel. Vir lewenlose voorwerpe word hierdie woord nooit gebruik nie. Vgl. die *Dagboek van Hendrik Witbooi*, bl. 45: lewendige waardes; bl. 119: Brand toch al uwe waardes (d.w.s. brandmerk tog al u vee), ens.

werf: 'n woord wat in verskillende sin gebesig word. Soms kom dit voor in die van *erf*, dog meestal in die van *plaas*: die Hotnotse lôp ses, seuwe werwe af, en dôd alles wat voorkom; hy is bute op hy se werf, ens.

In die volgende sin het dit die betekenis van *staan- of kampplek*: op die trek moes ons by plekke werf maak.

Die woord *plaas*, in die Afrikaanse sin, skyn die Baster onbekend te wees; daarenteë het ek dit hoor gebruik van die dorpie Rehoboth self: „sien seur, daar waar daardie plaas lê (wysende op Rehoboth), daar kort oenerkant had my tata nog 'n beufel geskiet.” Moontlik dateer *plaas* uit die tyd toe Rehoboth nog niks meer as 'n plaas was nie; die woord *dorp*, in alle geval, het ek nooit van Rehoboth hoor gebruik nie.

In die *Dagboek van Hendrik Witbooi* kom *werf* baie voor: Zoo heeft hy my verzoek om naar zyn werf af te gaan (bl. 9); werf brandsteken (bl. 25), ens., ens. Vgl. ook *Uit Boesmanland*, bl. 196: Daarop sleep hy sy voete na die ou

bekende veewerf, wat sy vee ook ken en waarheen hulle ook reeds is. Hier het *werf* 'n andere betekenis as onder die Basters.

Sedert die koms van die Duitsers is *farm* die woord waarmee die begrip *plaas* gewoonlik aangedui word. Kyk § 212.

.

§ 204. Die Baster se beskrywing van 'n bees, namate die een of ander kleur oorweeg, bewys dadelik dat hy meer veeboer is en altoos gewees het as enigiets anders:

rooibont: meer rooi as wit; *witbont*: meer wit as rooi of swart; *swartbont*: meer swart as wit; *swartgeteken*: bo swart, wit onder die pens; *rooigeteken*: bo rooi, wit onder die pens; *rooirib*: sye rooi, bo en onder wit; *rooiwitrug*: rooi met die rug wit; *swartwitrug*: swart met die rug wit; en verder: *swartwitpens*, *rooiwitpens*, *swartbles*, *rooibles*, *swartkol*, *witkol*, *ribbokwitpens* (ribbokkleurig, d.w.s. blouerig met witpens) ens., ens. By perde is daar eweneens beskrywinge, soos in Afrikaans: *ligvos*, *sweetvos*, ens.

.

§ 205. Soos die Griekwas, neem die Basters graag allerlei vreemde of vreemdklinkende woorde op in hulle taal. Afgesien van ontleninge aan Engels of Duits, is daar op Rehoboth 'n hele aantal sonderlinge woorde gangbaar, gegee deur sekere besonder komiese Europese kantienhouer aan die verskillende soorte drank wat die Basters by voorkeur drink, so bv. *bobbejaantrane* vir brandewyn, *akkeldisolie* vir portwyn, ens. Onder die drinkebroers veral is hierdie woorde die gewone.

.

§ 206. Baie tipies Afrikaanse uitdrukkings is by die Rehobothers bekend soos bv.: bo my vuurmaakplek, tou opgooi, noustrop trek, boontjie kom op sy loontjie (baie selde: kom om sy loontjie of kry sy loontjie), as is verbrande hout, ens., ens.; dog dan is daar weer baie wat onbekend is by hulle: jong osse inspan, 'n nuwe besem vee skoon, die beste touleier sit op die voorbok, e.d.m.

Vir die begrip *dronk wees* het ek die volgende opgeteken: twee rye spore loop, hoog veertien wees, hoog in die takke wees, stukkend wees, besôp (besope) wees, hoogwater wees, hy 't getait (Eng. *tight*?)

Die begrip *nou is die vet in die vuur* word omskryf deur: die koei het so lank uier gemaak tot sy gekalwe het.

Kom jong, die Kaap is Engels beteken: kom jong, ons gaan eet. (Waarskynlik ontstaan uit die gedagte: die saak is afgehandel, dis afgelope, dus: klaar, gereed).

Soos die vorige is ook oorspronklik die volgende: as die luitnant kom, dan kom hy, d.w.s. as dit begin reent, dan reent dit met geweld.

In verband met die geslagslewe is daar allerlei (eufemistiese) woorde en uitdrukkings, so by. word van 'n ontugtige vrou gepraat as *jantoesmeid*¹⁾ of *sniewes* (afleiding?); as 'n meid 'n jong sien op wie sy verlief is dan sê sy dat haar melk skiet; *iemand saou maak* beteken allerlei hartstogte in hom wakker maak, ens, (afleiding?).

.

INVLOED VAN HOLLANDS.

§ 207. Ons het gesien dat daar in die taal van die Griekwas heelwat Hollandse of Hollands-gekleurde woorde voorkom. Dit geld ook van die taal van die Basters. Vir 'n gedeelte sal die Bybel verantwoordelik wees vir die opname van allerlei Hollandse woorde in die spreektaal, vir 'n gedeelte die sendeling, wat nie alleen prediker was nie, maar ook geneesheer en sieketrooster; moontlik ook die verlope Hollander wat die blanke voorvader kon gewees het. Daarby kom dat die Basters, soos die Griekwas, vir 'n baie lang tyd 'n heeltemal geïsoleerde lewe gelei het en dat Hollands altyd die offisiële taal was van die regering.

§ 208. Woorde soos bv. *kietelagtig* het ek nooit onder die Rehobothers gehoor nie; tog word 'n mens nou en dan getref deur 'n woord wat enigsins te deftig klink in die al-

¹⁾ Volgens dr. Boshoff (*Etimologiese Woordeboek van Afrikaans*) uit die woord *jentoe* (by Mansvelt) < Gentoo, die skip waarmee sulke vroue uit Engeland na S. A. gekom het.

ledaagse spreektaal: die plekke het nou *gans* ander name (das *gans* verkeerd, lous was hier *gans* nie naby nie, toe had dat met ons *gans* goed gegaan, hulle was *gans* te veel, die ding is vir my *gans* niks werd nie, ens.); onse *leeftog* het meestal deur die wild gekom; ons het *langsamerhand* getrek, toe kom daar *meteens* 'n fout; die *middels* (= medisyne) had toe begene gedaan (raak); ons was omtrent vyftig *weerbare* manne; *op die wyse* het het ons onse goed gered; eek ees sôs een wat *ylhoofdig* ees; jy moet die Duusman se skoene *poets*; ¹⁾ die *Heidenen* (d.w.s. Hottentotte) skiet die *Kristenen*; hij had *blootvoet* moet loop; *groot gewaag en half gewon* (Ndl. fris gewaagd is half gewonnen).

§ 209. Ook die uitspraak verraai dikwels Hollandse invloed: ²⁾ toe hy die *overhand* kry; vir *owende* wat moet 'n groot hits ³⁾ hê, is die kamêldôring goed; die Hotnotse had toe *tegen* (**te:gən**) ons begene veg; *hemelske, wêreldske, tussken*; moontlik ook die uitspraak van *reën, kyk*, ens. (Vgl. § 78 en § 108 vir die uitspraak **rōin** en **kaik**).

§ 210. Dat die Basterkinders se opvoeding nie heeltemal verwaarloos is nie, ook nie in die vroegste dae nie, ⁴⁾ blyk uit die omstandigheid dat baie van die heel oues vandag nog Hollandse gediggies kan opsê wat hulle as kinders geleer het. Ek haal enkele aan wat 'n ou Bastervrou van sowat sewentig vir my gedikteer het: —

A.

1. Een huis van hout, een huis van steen,
Een woning groot, een woning klein (lees: kleen),
Bij schrale kost en overvloed,
Zoals de Heer het geeft, is goed.

¹⁾ Af en toe word ook gehoor: *pollies, polliets, waks*. Vgl. *Boesmanlandse Sketse en Verhale*, bl. 70: Dink bietjie ek het my daar opgepollies en uitgetof en my beste kisklere aangepoets...

²⁾ In baie, indien nie die meeste gevalle nie, sal ons nie te doen hê met Hollandse *invloed* nie, maar wel met *erfgoed* uit die 17de eeu.

³⁾ Hoogduits *Hitze*.

⁴⁾ Die sendeling sal wel hier die onderwyser gewees het, al sou hy hulle net leer lees het en so'n bietjie touwys gemaak het in die skryfkuns.

2. Een mens maar weinig noodig heeft,
Zolang hij op deez' aarde leeft.
Wat doet hij met een groot paleis
Op deze korte levensreis?
3. En als hij sterft, des levens moe,
Dan kan hij nog met minder toe.
Een saamgelapte plank of wat
Is dan zijn ganse¹⁾ huis en schat.

B.

1. De lange¹⁾ jassen,
De doeken, dassen,
De pet of hoed,
De mantels, rokken,
De kousen, sokken
Aan been of voet;
De (lees: het) oog des Heren
Ziet door de klederen (lees: kleren)
Ons in 't gemoed.
Of 't kleed niet fijn is,
Zo 't hart maar rein is,
Dan is 't goed.

Die godsdienstige en didaktiese kom in die meeste gedig-
gies tot uiting, in 'n enkele ook die liefde vir die vaderland:

C.

1. Bezing, o zang, mijn Vaderland,
Het land van leeuw en olifant!
Waar zeekoe en rhenosterdier
Zich bedt²⁾ in 't rietgras der rivier.
2. Bezing, o zang, mijn Vaderland,
Waar vogelstruis doorrijdt het zand,

¹⁾ Deur die ou vrou uitgespreek **xansk** en **laŋx**.

²⁾ Sy bed, d.w.s. sy lêplek maak. Vgl. Psalm 139, vs. 8: ...of bedde ik my in de hel, zie, Gij zijt daar.

Waar ghnoe¹⁾ en springbok vrolik danst,
's Kameelpaards oog van vreugde glanst.

Hierdie gediggie het 'n eg Suid-Afrikaanse kleur. Dit word ook deur Voigt in sy *Deutsch Sudwest-Afrika* aangehaal. Wat sou die oorsprong hiervan wees?

D.

Een goede huismaagd in ons land
Ziet steeds op hare vrouwen hand,
Houdt schotel, bord en huisraad schoon;
Zij dient den heer niet slecht(s) om loon.
Zij 's altijd wakker, naarstig, fris,
En toont dat dienst 'n eerzaak is.
En als haar vrouw haar eens beknort,
Wordt zij niet kwaad, noch breekt een bord.
Zij houdt geen zot geklap op straat,
Of draagt of brengt geen nieuwsgepraat.

.

Lees ons die notule van die vergaderings van die „raadse”²⁾ (d.w.s. raadslede), hulle kennisgewings, aanmaninge en dagvarings, dan vind ons orals dat die opgestel is in sogenaamde „Hoog-Hollands.” Ek sal hier volstaan met 'n paar voorbeelde; in die aanhangsel volg meer.

Dagvaarding.

§ 211. (1). Aan de Burger W.V. — — — rivier.

Gy word gedagvaar u hier ten kantore Rehoboth te ver-

¹⁾ Omtrent hierdie woord sê Pettman in sy *Africanderisms*: „(Kaf. in Ngu). *Connochaetes gnu*. This animal is more frequently spoken of as the Wildebeest (q.v.), and is now only found on a few farms, where it is carefully preserved, in the Orange River Colony.” Op watter plase in die Vrystaat, wonder ek.

²⁾ In die notule lees ons gewoonlik: „vergadering geopen met gebed deur Raad...”

³⁾ u hier... te verschynen is natuurlik 'n verwarring tussen: hier te verschynen en u hier te verantwoorden, vertonen of iets dergelyks.

schynen³⁾ op Maandag de 9 December, over de zaak die gy¹⁾ alreede bekend is.

Namens Kapt. en Raad.

(2). Gy word gedagvaar u hier ten kantore Rehoboth verschyn op Frydag de 13de December. gy zyt geklaagd van C. K. over een pond geld die gy geleen had om over twee dagen twee slachtbokke te zenden.²⁾

(3). Aanmaning.

Gy word uit de Kantoor voor ten eerste mal in kennis gelegte volgens wet Hofbelasting hier in te betalen niet later dan de eerste Mart, een dien niet (= en indien niet) zal wettelyke matregelen tegen u voortgezet³⁾ word.

(4). Verordening

2. Met deze verklaren wy Kaptein en Raad dat de Plaats G. wettige en gerechtige eigendom is van Kapt. S. W. de grootte is 7000 hectars.⁴⁾
- b. Wanneer de genoemde plaats de grootte van 7000 hectars niet behalen so moet de eienaar met de mindere ook tevrede zyn, wanneer de plaats gebakend word.
- c. Verder heeft de eienaar niet de regt om de plaats te verhuur en nog verkopen, nog de voordelen zoals gras, hout word niet toegelaten sonder de toestemming van de Kaptein en Raad uit het Kantoor.⁵⁾

¹⁾ Vir die persoon wat hier ageer namens die Kaptein en Raad is daar geen verskil tussen *u* en *gy*, beter gesê, vir sy taalgevoel is *gy* ook goed in die datief.

²⁾ Die bedoeling is: ... oor 'n pond waarvoor u na twee dae twee slagbokke sou stuur (maar versuim het om dit te doen).

³⁾ Hierdie vorm gee die gesproke taal weer. Vgl. die oorgang van *e* tot *ee*, § 101; ook die vorme *mal*, *hofbelasting* (*hōfbelasting*) en *Mart*.

⁴⁾ In Suidwes word net van hectars gepraat, onder invloed natuurlik van Duits. Voor die koms van die Duitsers is die bakens van die plaas vasgestel deur, sê, 'n uur te perd in die een rigting te ry, dan weer 'n uur in 'n ander rigting en so voort tot die vier bakens vasgestel was.

⁵⁾ Die bedoeling is: die eienaar het nie die reg om die plaas te verhuur of te verkoop nie, ook nie om die gras d.w.s. die veld te verhuur of die hout te verkoop vir sy eie voordeel nie.

- d. Verder na zyn dood blyf deze plaats in bezit van zyn Erfgenamen deze Kondisies blyf onbeweeglyk ook voor de nageslacht. Belasting zyn verplicht, te betalen zooals de Plaats papier aangeeft.

Kapt. en Raad.

Hoewel die Hollands deur die Raad gebesig nou niet juis kan bestempel word as hoof s nie, ook nie die wat ons vind in private korrespondensie nie, tog het die omstandigheid dat daar altoos 'n poging aangewend is om so'n goeie en korrekte Hollands moontlik te gebruik, baie daartoe bygedra om die taal in hierdie afgeleë wêrelddeel teen algehele verwildering te vrywaar.

INVLOED VAN DUI TS.

§ 212. Soos elders opgemerk, het Duits reeds sy spore taamlik diep afgedruk op die taal van die Basters. Dit hoef ons nie te bevreemd nie: die noue aanraking met 'n hoër kultuurtaal het as onvermydelike gevolg allerlei ontleninge aan daardie taal. Die ouer geslag, wat nog baie konserwatief is, het nie so gretig allerlei Duitse elemente in hulle taal opgeneem as die jonger geslag nie. Tog kan ek sê dat onderstaande leenwoorde so goed as algemeen gebruiklik is op Rehoboth: —

ba(a)nmeester: stasiemeester; ook word gepraat van *ysterbaan* vir spoorweg en van *baanstasie* vir spoorwegstasie. Vgl. Duits *Bahn, Eisenbahn*.

bild: die gewone woord vir prent, skildery of portret. Hierdie woorde is ook bekend, dog word so goed as nooit gebruik nie. Duits *Bild*.

farm (farəm) word algemeen deur die Duitsers in Suidwes gebruik vir plaas. Ook die Basters het hierdie woord oorgeneem in hulle taal.

Opm. In 'n artikel „Taalmenging tussen Duits en Afrikaans in S.W. Afrika” in *Die Huisgenoot*, 4 April, 1930, bl. 29 vlg., sê E. A. Schlengemann: „Die woorde *Farm, Farmer* is in Duits ingevoer lank voordat daar 'n Duitse volksplanting in Afrika bestaan het en wel in beskrywinge van Kanada en die Verenigde State omdat gevoel is dat die Duitse woord

Landgut nie voldoende was as benaming vir die reuseboerderye in die Nuwe Wêreld nie." (bl. 47, t.a.p.).

hits in: die vuur het 'n groot hits is die Duitse *Hitze*.

kommode (uitgespreek **kōmout** op Rehoboth): klerekas, „chest of drawers". Die woord *klerekas* is nie onbekend nie, alhoewel selfs die alleroudstes verkies om te praat van *kommode* (Duits *Kommode*).

kroek: lampetbeker. Duits *Krug*.

neemlike in: hy sal op die neemlike plek uitkom beteken hy sal presies op die plek uitkom wat ek genoem of bedoel het; das die neemlike man daardie = net die man wat ek bedoel het. Nou en dan lui dit ook *noemlike*. Duits *nämliche*.

outo: van motorkar het ek nooit hoor praat nie, daarenteë slegs van *outo* of *outomobiel*. In genoemde artikel sê Schlengemann dat in Suidwes net gepraat word van *outo* en *bensien* i.p.v. *motor* en *petrol* (t.a.p., bl. 49).

resiermes: veiligheidskeermes; die woord *skeermes* is net beperk tot die soort met die lang lem. Duits *Rasiermesser*.

sjrank: hangkas, „wardrobe". Duits *Schrank*.

snaps: baie meer gebruiklik as *sopie*; in Afrikaans en Nederlands eweneens 'n heel gewone woord. Duits *Schnapps*.

spas word veel meer gehoor as die woord *grap*. Duits *Spass*.

spinat: selde of nooit sal die tafelbediende praat van *spinasie*. Duits *Spinat*.

stief: 'n heel gewone woord op Rehoboth vir *baie*, *volop*: — van die wat by die Grôtravier agterbly het is daar nog stief; koedoe is op my moeder se farm nog stief.

Opm. Die oorsprong van hierdie woord lewer moeilikheid op. In genoemde artikel van Schlengemann sê hy: 'n Ander raaisel wat minder maklik is om te verklaar is die woord *stief* wat in die sin van „baie" deur beide Afrikaners en Duitsers in Suidwes gebesig word. Dit hang klaarblyklik met *styf* saam — maar kom dit nou van Afrikaans *styf* of Duits *steif*? Die Afrikaners wat dit gebruik meen almal dat dit 'n Duitse woord is; en dit is wel waar dat 'n mens dit meer by Duitsers hoor as by Afrikaners; nogtans verseker alle Duitsers my dat dit geen Duitse woord is nie, maar wel Afrikaans is. Dr. H. Vedder, die bekende Suidwes-geskiedkundige en natuurlekenner het my die volgende verklaring van sy ontstaan gegee: — In die ou baanbrekersdae in Suidwes het die kolo-

niste en soldate die mieliepap styf gemaak as hulle baie meel gehad het, maar dun as die meel skaars was. So het *stief* ontstaan as sinoniem vir *baie*, en vandag praat 'n mens in Suid-wes van „stief gras”, „stief bier”, ens. Maar hierdie verklaring, interessant soos dit is, sê nog nie van watter van die twee tale die woord oorspronklik gekom het nie, en ook nie waarom *steif* of *styf* dan *stief* geword het nie.” (bl. 51).

Dr. Vedder se verklaring lyk my baie fantasties; buitendien werp dit geen lig op die ontstaan van die vorm *styf*, soos Schlengemann tereg opmerk nie.

Die woord *styf* word in ouer Nederlands sowel as in die Nederlandse dialekte min of meer in bogenoemde sin aangetref, en moet die oorgang van *y*(61) tot *i*(1) miskien beskou word as dieselfde verskynsel wat ons vind in *stiegiem* < stygriem, *stiebeuel* < stygbeugel, *tier* < *tyger*, ens. Moontlik ook is die woord *stief* ontleen aan die een of ander Duitse dialek.

Vgl. Mnl.: Also lanck dat ik las II rosenkranskens stijf (= ruim); Teirlinck, *Zuid-Oostvlaamsch Idioticon*: 't raint styf, z' es styf ryke, da' bier is styf goed, ens.; *Dagverhaal van Jan van Riebeeck*, Deel I: blyvende de wind den gantschen nacht even styf doorwaayen (bl. 13), ... zynde de steenbrasem door elkander styf eene en eene halve voet groot op het minste (bl. 14), styf 16 voeten hoog (bl. 46), styf 300 stuks harders (bl. 62), ens., ens. In Deel II word *styf* eweneens in hierdie sin orals aangetref.

tablet: die meer gewone woord vir *skinkbord*. Hierdie laaste woord, hoewel ook bekend, word selde gebruik. Duits *Tablett*, wat egter meer skyn voor te kom in die sin van „kleines Brett zum Draufstellen von Geschirr usw.” (Weigand-Hirt).

In plaas van *tablet* word nou en dan ook gepraat van *tel*. Duits *Teller*, *Präsentierteller*.

vloes het ek onder die jongeres 'n enkele maal hoor gebruik i.p.v. *ravier* (*rivier*). Duits *Fluss*.

windmator (**vəntmatɔ:r**): die algemeen gebruiklike woord vir *windmeule*. *Motor* sal wel die woord wees wat die meeste Duitsers in Suidwes gebruik in hierdie verband.

AANHANGSEL I.

(Anekdoties vertel deur Mnr. Rabe van Fauresmith).

A.

Ek en Boesak en Tannetjie en Grietgoed-hulle¹⁾ het gelê stan ry kom van Heen-en-Weerskop na Sannaspoort met mening sam om te lê stan bottel koop, want ons was dôrs. Ons had daar vier ou wilde brunes in gehad. Aljimmers dan lê stan gee Boesakgoed vir Tannetjiegoed die rieme. Ek het vir Boesakgoed gesê: „Jy moenie so maak nie.” Mit dat hy weer vir Tannetjiegoed die rieme lê stan gee, beuk die ou hotagter perd weg en die het gehool met die kar dat ons hom tot vandag toe nie in 'n wilstand kan kry nie.²⁾ Dit was nie 'n wat³⁾ vir die kar nie, maar 'n teleurstelling wegens die bottel, want toe moes ons lê troei hoeistoe.

B.

Ek en broer Oerson het gelê oor na die kantiense toe mit mening sam om te lê stan bottel koop, want ons was dôrs. Ons was nie lank daar by die kantiense nie of ons was ver heen met die lyf sam. Toe sê ek: „Broer, jy moet lat ons lê troei hoeistoe want daar kom 'n verskriklike weer aan, opdat die weer ons nie beseet nie.”

„Wag dan, ou broer, laat ek hom eers betrag. Ja, broer, hy sal ons beseet.”

Toe had ons gelê opklim troei hoeistoe met bottel sam.

¹⁾ Die toutologiese *-hulle* wat dieselfde funksie vervul as die *uitgang -goed* is bloot 'n uitbreiding van die Afri. konstruksie *Griet-hulle*.

²⁾ In 'n welstand, d.w.s. in orde kan kry nie.

³⁾ Niks besonders wat die kar betref nie. Vgl. § 179: *ôrwaat (ôrwat)*.

Ons was nog nie ver weg nie, daar had die weer ons in die hande. Dat was 'n verskriklike weer. Dat was 'n een blits op 'n anner en 'n een donner op 'n anner donner. Daar doiwel broer Oerson van die perd af wegens onbekwaamheid. Ek was ook maar ver heen onbekwaam en kon ek hom nie daar op die perd help nie. Toe had ek gesien ons had 'n bietjie gelê stan oortree. Toe had ek vir m'n ¹⁾ so'n endjie daarvandaan lê stan gemaak. Toe had ek gesê: „Aitsê, Here, das tog nie ek wat so gelê stan oortree het nie; das broer Oerson; daar lê hij: piets hom.”

Die dag sal ek nooit vergeet nie, want ons had amper gedôd wegens onse overtreding.

C.

Adam Kok tot veroordeelde: „Hôr jy jou vagebond, die grôt meneer vind jou skeuldag aan môrd. Jy sal nou-nou opgeknoop) word. Lôp haal vir my die kar en pêre daar.”

Veroordeelde: „Here, dié bôm sal eendag teen jullie getoeig dat êk onskeuldag ês.”

Adam Kok: „Here, as bôm teen ons sal getoeig van onskeuldag mens, wat sal van ons wôre? Laat onskeuldag mens daar afkleem.”

D.

Griekwaprediker tot sy gemeente: „Broeders en seusters, my hart is seer want vandag is die laaste dag wat êk die wôrd sal lê verkondag, want êk gaan julle verlaat. Ek had julle die wôrd verkondag en wederom gelê stan verkondag. Ek had julle verhaal julle moet ophou met julle hoerdery, julle moet ophou met julle brandewynsupery en ek verhaal hom vir julle vandag weer en julle siet wil nie.⁴⁾ Maar wragtag die dag wat die Here sal kom, sal julle wat Griekwa se keners is almag wil sing: „Heer waar dan heen tot u alleen, misvorm van dusend van onse sonde,” maar die Here sal vir julle stan uitlag en sê: „dat help nie om te nou

¹⁾ Die bes. vnw. i.p.v. die pers.vnw. is gewoon in Mnl. o.a. en ook in ouer Afrikaans. Vgl. voetnoot 1, bl. 129.

²⁾ Bloot in uitroep hier in die sin van „og”. Vgl. § 182.

³⁾ Vgl. die gebruik van hierdie woord bl. 90.

⁴⁾ Wil nie sien nie.

stan hoeil nie, weg van my julle owertraders van die wet en die profete.”

E.

In 'n lykrede toon die ouderling die nietigheid van die menslike lewe aan: —

Aitsê, broeders en seusters, ons sien hoe die Wôrd sê hoe nietag dat die mens is mar ons wil nie gehôr gewe nie. Ons hou mos ons blind. Daar lê klein Kiewiet Karools nou. Geester had hy nog sy nek gelê stan styf hou sôs jong beul; ¹⁾ vandag is hy gans geoeit en is hy nie eers wat ²⁾ nie, en sô sal dat mar mit oens almal gaan.

Dat die Griekwa soms hoogdrawende, beter gesê, deftige taal besig, blyk uit die gebruik van woorde en uitdrukkings soos: *wilstand*, *wegens*, (*ve:xəns*, *ve:gəns*), *bevrees*, *opdat*, *betrag*, *owertree* (*oortree*), *wat ek seur wil verhaal*, *ter aarde bestel*, ens.

In von Wielligh se verhale wat speel onder die Griekwas, word nie alleen dikwels woorde en uitdrukkings die Griekwa in die mond gelê wat hy nooit sou gebruik nie, maar ook sintakties, laat staan foneties, is hierdie amper-Afrikaans alles behalwe 'n getroue weergawe van die kleurlingtaal, sy dit die gesproke of geskrewe taal. Laat my dit met 'n paar voorbeelde uit *Jakob Platjie* toelig: —

1. „Hou jou snater!” roep Idries uit. „Moenie hier al voorspooksels van die tronk wil maak nie — dis dinge waaroor jy moet gesels as ons eers die dorp uit is. Hou die ding maar dig, my jong.” (bl. 5).

2. So 'n toestand van sake kan nie lank aanhou nie. Daar moes 'n toenadering plaas vinde. Die witman het kom pamperlang, die bruinman het kom snuffel en so het die maatsmakery van ver-ver af begin. (bl. 16).

3. Dit het langsaam gegaan; want die wedersydse agterdog was te groot. Maar toe was 'n heftige handel aan die gang. (bl. 17—18).

4. En toe is die pret eers uitbundig. Hulle dans die riele dat die osse so brul. Resies word geloop, gestoei, geskerm en met kieres tweegevegte gelewer. (bl. 19).

¹⁾ Bul.

²⁾ Is hy nie eers *iets* nie, *wie weet* wat nie.

5. Eendag, in alle beskeidenheid, toe ons eenkant alleen was, sê ek vir die dokter dat alle middele deur my probeer word om hom en sy vrou te plesier, maar ek is daar nog nie in geslaag om haar enigszins voldoening te gee nie. (bl. 60).

6. Jy weet, hier kom baie mense om gedokter te word, maar jy is my regterhand en die voorwerp van my ongeveinsde vriendskap. (bl. 61).

Nou en dan benader von Wielligh die kleurlingtaal, dikwels meer bepaaldelik die van die Westelike Kaap-Provinsie, as die een of ander karakter 'n beskrywing gee van 'n gebeurtenis waarin lewe en aksie sit: —

1. Nee moenie praat nie, my hare plant hulle regop op my kop en my hoed rys boëntoe. Ek druk die hoed vas; maar wie sê hy lig weer. Ek gryp na die bottel en bêre weer in paar slukke. Jong, toe kry ek eers koerasie. (bl. 64).

2. Maar kyk, baas, ons het eers gemusiek, toe het ons begin skoffel; al die volk en meide spog; ons gaan teenoor mekaar staan; nou die een klomp hul oorwin die ander met die dans; wat verloor word tjurang en soek skoor; toe die skoor gekom het, staan elkeen op sy twee balke en presenteer sy twee murgpype; toe kom die gemoker; die beste manne bly staan; die ander lê stof snuiwe; maar toe die wêreld vir ons daar smal word, sit elkeen sy rieme neer en koers die veld in. (bl. 72—73).

3. Hy wil hom nog presenteer, maar wie sê! Eer hy hom kom kry, steek ek hom met die horing onder sy ramkie kinnebak in, en gee hom met die haarhoring in sy ribbekas; toe kan jy net kopskote hoor klap, soos ek hem met die hot-horing in klim. Ek los hom en toe skiet ek net vuurpylskote met my murgpype voor sy bors en in sy ete en drinke (bl. 75).

4. Die eerste het ge-oor; die tweede het ge-onder... Maar die derde een, Ontong, het goed sy korrel voor die leeu se bors gesuie; toe die kruit in die leeu se bakkies blits, dop sy oë om, hy dood en ek verlos (bl. 186).

Von Wielligh het op sy reise deur die land as landmeter ongetwyfeld baie in aanraking gekom met die kleurlingbevolking en hulle taal goed beluister: baie tipiese woorde en uitdrukkings uit hulle taal kom dan ook in sy werke voor, dog as geheel kan gesê word dat hy nie daarin geslaag het om ons 'n troue beeld van die taal van die kleurling te gee nie. Meestal is dit die skrywer wat aan die woord is en nie

die Griekwa wat praat nie.

By wyse van vergelyking met wat hierbo aangehaal is uit *Jakob Platjie*, laat ek onderstaande stukkies deur J. P. la G. L. volg (*Die Volkstem*, 20 Julie, 1926): —

„Danster Boepens ('n Griekwa) se vrou, Griet, het doodgegaan. Hulle het haar op Donderdag volgens die welhergebragte(?) gebruik, begrawe. Danster se swaer, Piet Duiker, wat op tog was, het eers Donderdag tuisgekom. Daar Duiker 'n endjie van die stad af gewoon het, kon hy die begrafnis nie bywoon nie. Die dag daarna ry hy na sy besogte swaer toe. Hy vind hom in die huis, inmekaar geduik, sittende. Na die begroeting en verneem na mekaar se gesondheid vra hy:

„En ek hoor Griet het ga-af?”

„Ja, ons het haar gister gestaan bêre.”

„En hoe voel jy, swaer?”

„Nee, aitsê, broer, ek voel sleg; Griet sit maar net hier,” en hy wys op sy hart.

„Wil jy nie sopie drink nie?”

Danster sit opeens pen-regop: „Hat jy dan bottel?”

„Ja, ek het mos bottel gebring om jou te lê staan troos.”

Ons het — aldus die besoekende swaer — toe 'n sopie gedrink en oor ou dae gepraat. Weer 'n sopie gedrink. Weer oor ou dae gepraat. Nog 'n sopie gedrink. Toe vra ek: „Aitsê swaer, en hoe voel jy nou?”

„Nee, aitsê, broer, dat lyk vir m'n¹⁾ Griek wil sak.”

Ons het toe die laaste sopie gedrink, want ek moet lê troei hoeistoe. Toe ons mekaar groet sê hy vir m'n: „Sê groetnis vir Lya en Katryn en Dina goed; ek sal moreagtermiddag daar staan afklim.”

Die volgende is 'n gesprek tussen skrywer en 'n ou Kokstadse Griekwa wat uiterlik baie ooreenkoms vertoon met die Hottentot, en Hottentots ook nog goed kan praat: —

(S. die skrywer en G. die Griekwa).

S. „Hoe gaan dit met julle Griekwas hier op Kokstad?”

¹⁾ Vgl. Franck, *Mittelniederländische Grammatik*, § 209: „Für *mi* findet sich bereits im Mnl. eine Nebenform *mien* und *mijn*, die mit der Zeit häufiger wird und auch in neueren Mundarten bekannt ist.”

In die geskrifte van die Genootskappers kom *m'n* (*myn*) vir *my* ook veelvuldig voor. Vgl. o.a. *Die Afrikaanse Patriot* van 15 Jan., 1876, bl. 13: ...mar glo myn di's moei'elik om agter die waarheid te kom.”

G. „Sôs my hêr ¹⁾ sien, oens beseet vandag amper neeks; die liewe ²⁾ ees baie swaar.”

S. „Waar is jy gebore? Op Philippolis?”

G. „Ja, my hêr, daar bôre êk.”

S. „Leef hier nog baie van Adam Kok se kinders?”

G. „Sy hele keners ees gedaan.” ³⁾

S. „Watter familie is jy van P. K.?” (’n bekende Griekwa).

G. „Oens ees newe.” ⁴⁾

S. „Wie was jou vader?”

G. „My tata was G. K.”

S. „Is jou vrou ook op Philippolis gebore?”

G. „Ja, sy ’s oek daar gebôr.”

S. „Is hier nog baie mense wat leef uit die tyd van Kok?”

G. „Nee, my hêr, heule ees gadaan dôd.”

S. „Sal jy my ’n bietjie vertel hoe dit hierlangs gelyk het in die ou dae?”

G. „Hoe sal eek vir my hêr die goete uutlê? Sôs die goete begeende ⁵⁾ had, sô had dat aangegaan tot nu toe.”

En hiermee eindig die interessante gesprek!

¹⁾ Klink tipies Amsterdams.

²⁾ Vgl. Mnl. *allien*, *hieten*, ens. vir *alleen* en *heten*.

³⁾ D.w.s. al sy kinders is dood. Kontaminasie-produk uit: *al sy kinders* + *sy hele familie, geslag*. Vgl. bl. 95.

⁴⁾ *Neven* is heel gewoon in ouer Nederlands. Vgl. *De Neven* (1837) van Helvetius van den Bergh.

⁵⁾ Vgl. Mnl. *begennen* naas *beginnen*, *selver* naas *silver*, ens.

VII.

AANHANGSEL II.

(Griekwas).

Uit die eerste stuk wat hier volg word 'n mens nie veel wyser omtrent die taal deur die Griekwa gepraat nie. Dit is in die beste „Hoog-Hollands” opgestel en herinner 'n mens onwillekeurig aan die taal deur baie van ons prokureurs gebruik in die dae toe Nederlands nog die offisiële taal was.

Nie alleen in die offisiële stukke nie, maar ook in amptelike en private korrespondensie is daarna gestreef om so'n goeie Hollands moontlik te skryf. In laasgenoemde skemer daar dikwels heelwat deur van die gesproke taal, hoe seer daar ook na gestreef word om dit 'n eg-Hollandse kleur te gee.

Hier volg nou enige voorbeelde:

A. Verordening.

Ik, Adam Kok, Opperhoofd van de Griqua Natie, met toestemming van myn Raad geef hierdoor aan P. S. als zyn wettig eigendom een stuk grond, groot omtrent drie duizende akkers genaamd R. K. V. gelegen in het Distrikt Mount Currie als meer duidelyk zal blyken door de aangevoegde Kaart, onder voorwaarde dat het ten allen tyde in de magt van het Griqua Gouvernement zal blyven, om wegen en uitspanplaatsen te bepalen en te maken binnen het gemeld Stuk Grond en dat gemeld P. S. een jaarlyksche belasting betalen zal van £ 2. —o—o stg, betaalbaar aan den Resident Magistraat van het Distrikt en dat de Eigenaar van gemeld Stuk Grond gehouden en verplicht zal zyn om behoорlyke bakens op te richten op de grenzen van zyne Plaats, en onderworpen aan zoodanige Wetten en Regulatien als alreeds zyn en hierna nog zullen worden gemaakt en vastgesteld voor het houden van zoodanige Plaats.

Gegeven onder myne hand en des Lands Zegel

Adam Kok Kaptyn

te Nieuw Griqualand, Mount Currie

dezen IIde dag van Maart 1867

Op last van het Opperhoofd,

P. E.

D. S.

VIII.

B. Amptelike Briewe.

(a)

Bestekraal

de 14 September 1871.

Aan Zyn Hoog

Edele Kaptyn A. Kok.

Ik hat ¹⁾ geen bezoner nuwes ²⁾ om u te geskryf ³⁾ nie. Ik hat op den twaalfde van heir ⁴⁾ gegaan na tot Jood ⁵⁾ en Swaart ⁶⁾ om nuwes te hoor toin zy my gestem hat ⁷⁾ toin hat ons gegaan soo hat ons by hem gekom en an Dois toi gezegt dat ons gekom (hat) om nuwes te kom hoor by hem hy hat ons geantwoord en gezegt dat hy geen nuwes hat nie de heer Jood hat toin an hem gezegt dat ons is amtenaars wat gekom het na u ⁸⁾ want hy is ok een amptenaar van die Greika regeeren soo moet hy eits (vertel) of wat hy gehoor hebt hy hat toin geantwoord en gezegt hy weet neits hy hat hoor (= gehoor) by Jakob Lourens dat Nomsheikie an komen es daarom vlegt ⁹⁾ de menschken ¹⁰⁾ Ik hat aan Dois

¹⁾ *Had* vir *het* die gewone in die spreektaal. Vgl. § 83 en § 146.

²⁾ In die spreektaal die gewone woord vir *nuus*.

³⁾ *Skryf* word hier bedoel.

⁴⁾ Die spelling *ei* vir *ie* tref ons deurgaans in hierdie brief. Vgl. laer-af: eits, neits, dei, ens.

⁵⁾ 'n Bekende familienaam onder die Griekwas.

⁶⁾ Die gebruik van kleinletters i.p.v. hoofletters en omgekeerd is heel gewoon in die geskrewe taal.

⁷⁾ Hulle met my saamgestem het.

⁸⁾ Na *hom*, 'n voorbeeld van die verwarring van direkte en indirekte rede; moontlik word hier bedoel *van u*.

⁹⁾ Vlug.

¹⁰⁾ Die spelling gee die uitspraak weer. Vgl. laer af *tesken* vir *tussen*, en verder die uitspraak hemelske, aardske, ens. bl. 56 en § 147.

toin gevraag of hy neits weet van eeneg ra Porten ¹⁾ wat gekom is van Nomshekee af an hem toin hy antwoord en zegt nee ik hat hem gevraag of hy weet van eeneg ra Porte wat bestaan tesken Nomshekee en tesken Sedooi hy antwoord nee ik vraag aan Dois of hy neits weet van Doimeit se kom hier en of van Schelem antwoord nee de Heer Jood hat toin an Dois gezezt ons vraag omdat ons denkt hy moet eits weet de antwoord van Dois (was) hy weet neits daar op yndig onse ondersoek by Dois.

Verder heb uwee ²⁾ brief myn ³⁾ gester ⁴⁾ en hand gekomen waar en ik hoor dat myn raPort dei — veroorsaak ⁵⁾ dat spyt my om om soo te hoor want voor lat ⁶⁾ ik de nuwes wat ik gehoor hat daar gebreng het toin was de menschen van bombas (Bombas?) gevlegt toin was Joner en drik Zwaarts gevlegt daarom kan ik neit verstaan hoi zyn Hoog Edele kan zegen (= zeggen) dat es my raPort Ik hat de brief van Smet weggebrenge en toin heb Mnr. Kr — — — (?) my gevraag wat ik weet Toin heb ik gezezt dat ik weet neits besonders als dat Sedooi zyn menschen genoit (= genooit) heef en die menschen het gegaan en treggekomen dei nuwes van dei menschen dei hat ik vertel wat zegt dat Nomscheke pat gevraag heef by Dois dat es wat ik gehoor hat ik zegt de nuwes wat ik gehoor heeft dat es nuwes ik zegt heir is nu de tweede raPort wat ik doin dat es myn raPort tot soo veer dis yndig. ⁷⁾

ik blyk (= blyf) u deinswelegge
Deinaar J. B.
Velkornet.

¹⁾ Hierdie spelling toon aan dat die uitspraak miskien was *raporte*, soos ons die ook soms onder blankes hoor.

²⁾ *Uwee* is tipiese Nederlandse volkstaal.

³⁾ Die gebruik van *myn*, *m'n* vir *my* word dikwels gehoor onder die kleurlinge: dat lyk vir m'n of hy nie meer sal kom nie. Vgl. Voetnoot 1, bl. 129.

⁴⁾ Moontlik was die uitspraak van hierdie woord ook *xEstər*. Vgl. *Smet* vir *Smit* laeraf.

⁵⁾ Handskrif onduidelik. Wat die skrywer hier wil sê is dat Sy Hoog Ed. se brief hom ter hand gekom het, waaruit hy verstaan dat sy rapport Sy Ed. ongenoeë of iets dergeliks veroorsaak het.

⁶⁾ Heel gewoon in die spreektaal, ook in Afrikaans.

⁷⁾ Baie onduidelike handskrif. Bedoel word: my rapport wat dus sover eindig.

In hierdie brief tref ons baie Nederlandse, beter gesê, ou-Afrikaanse kenmerke aan. Aan die ander kant is daar baie wat ons herinner aan die spreektaal.

Die veelvuldige herhaling van dieselfde woorde, soos *hat ik gezegt* en die omslagtige wyse waarop die skrywer sy bevindinge meedeel, is ook kenmerkend van die spreektaal; so ook die parataktiese i.p.v. hipotaktiese sinsbou. Dit geld van al dergelike volksbriewe, selfs Nederlandse.

Die spelling is nogal taamlik konsekwent: *ei* vir *ie*, *oi* vir *oe*, ens. Wat interpunksie betref, die vind 'n mens in die briewe van die Griekwas en Basters slegs by wyse van uitsondering. Ook in die ouer Afrikaanse geskrifte is daar maar weinig sprake van interpunksie. Vergelyk o.a. die *Dagboek van Louis Trigardt*.

(b)

Aan den Wel Edele Heeren

Den Uitvoerende Raad

Ik zend hiermede 40 ossen met de drager dezès ik meld U Ed. dat de 38 osse zyn de Government ossen 2 blyf voor ons twee ik J. P. en den Heer D. J. ik heb gester de vee gedeel Klien en de beest¹⁾ van de Klienvee hebben ons 2 niets gekregen en van de beest²⁾ weet ons niet of ons zal iets kregen want ons had (= het) hiertoe nog niets, de hoedaning³⁾ daar van zal de 2 Heeren W. K. en M. B. verhalen de deel had slech gegaan met de begeerlykheid van de Kaal Kaffers verder is ons alle nog vrees⁴⁾ en gezond.

Ik ben myn Heeren U Ed. Dw. dienaar

J. P.

K o m m a n d a n t.

¹⁾ Ek het gister die klein- en grootvee (beeste) gedeel.

²⁾ Enkevoud i.p.v. meervoud. Vgl. § 133.

³⁾ Die besonderhede.

⁴⁾ Die oorgang van *ə* tot *e*: is heel gewoon in die spreektaal. Vgl. *dreef* vir *drif* in die volgende brief.

Kyk ook § 101.

(c)

Aan Z. H. E. den

Kapt A. Kok.

Myn Heer Ik hebt de eer te erkennen het ontvangs van U Ed. brief den 1ste dezes gedateert de 30st Sept. en ik verstaan dat ik niet magten (= mag) van hier vertrekken tot tyd en wel (= wyl) Dat ik order kregen van Z. H. Ed.

Ik wens bekend te maken van Homiesa dat hy nog en duus¹⁾ zyde van Keniega zetten waar hy de ergste vyand ben — — — 3 paarden zyn en de hande van de vyand en 2 gekwest en 1 geweer is en de dreef gevalen de 3 wat gekwest is is Sibi Sepenyana en I van Suma en I van Mansie en verder wensch ik U H. Ed te informere dat de Kommando daar mede te voorzien omtrent 10 zaake Kruit en 6 Dossie²⁾ Dopies 6000 kogels en verder moet ik Z H Ed ook (meedeel) dat onzen paarden zyn zeer zwaak³⁾ zoo wensch ik ZHEd te verzoeken met en ander Kommando af te lossen dewyl onze paarde niet meer staat is om deinst te doen.

(d)

Drievantyn⁴⁾ February 1879

De Hoog Edele heer

Myn heer ik is een (= in) de grootste gebreeken met my kinders zoo dat ik geen Raad wet (= weet) om de kendens te onder hou een (= en) nu met de zikte zoo als myn heer myn⁵⁾ toe laat wel (ik) en deel van myn plaas verkop om te leven.

Zoo myn Edele heer wes (= wees) zoo goed als u blief een geef myn⁶⁾ en aandwor (= antwoord) met de draager dezes.

u ou diensmag

K. D.

¹⁾ Aan deze zyde.

²⁾ Die uitspraak *dossie* i.p.v. *dosie* is heel gewoon in die spreektaal, ook in Boesmanland.

³⁾ Die afwisseling tussen kort en lang klinkers kom baie voor in die spreektaal, veral op Rehoboth. Vgl. § 89.

⁴⁾ Vgl. die oorgang van *o* tot *a*. § 94.

⁵⁾ Vgl. voetnoot 1, bl. 129.

⁶⁾ Vgl. voetnoot 1, bl. 129.

(e)

Aan den Kaptyn
Adam Kok.

Myne Heer ik heeft u brieve ontvangen mar ik is niet stat zyn om te komen ik is ziek ik is niet vries¹⁾.

Van my-n beenen ik is omtreente twee week in de ziek haad²⁾ want ik was ok nieskierig om te komen war gy myn roepen en ander ding die man wat kan hom stuur³⁾ hy is niet tuis mar as ik vries is ik zal daar komen zo gou as ik kan.

ik blyfen
u dienaar S. B.

(f)

M. Fletcher
8ste Nov 1871

Aan den Z. Hoog Edele
den Kaptyn A. Kok.

Ik heb gehoor wat myn vader gezegt heeb (= heb, heeft) van de zaak van Mnyamane & van Africa & Shem ik is verblyd om zoo te hooren ny myn vader ik zal wacht om te hoor wanneer myn vader zal de zaak regt maaken zoo als ik myn vader gezegt had dat⁴⁾ zal ik naar Mhlonhlo gaan om hooren⁵⁾ of hadt hy Solwanyane angenommen maar toen ik daar gekomen het was het zoo de⁶⁾ Solwanyane was niet daar net zyn beest wat ik daar gezien (had) maar de helft van de goed was niet daar ende⁸⁾ ik hoor dat Solwanyane wil terug keeren naar zyn velde ik hoor dat Makaula had 160

¹⁾ Vgl. *vrees* vir *fris*, brief (b) en die voetnoot.

²⁾ Siekheid, siekte. Die bedoeling is: ek is twee weke siek aan (van weë) my bene.

³⁾ Wat ek kan stuur.

⁴⁾ Soos ek my vader gesê het dat ek na M. sal gaan — ek sal na M. gaan.

⁵⁾ Vgl. vir die gebruik van die inifitief sonder *te* § 164.

⁶⁾ De Solwanyane = die Solwanyane d.w.s. die Kaptein.

⁸⁾ Vgl. *ende* vir *en* in Middelnederlands.

beest aangedreiven naar Zyn Hoog Edele omdat ik altyt getwyfel waaren ¹⁾).

Nu heeb ik goed gehoor dat Makaula zelve ook zyn dwasheid gebeleidenis gewest ²⁾ zoo was ik ook te vred (= te-vrede) dat Makaula moet onkost betaalt word ³⁾ dat is zyn schuld.

Maar de duvery (= dievery) moet onsse beiden wy en u Edele probeer om uit toe roeyn (= om uit te roeien) de dieve maakt de veld bevuild de dieve moet gestraft worden dan zuld wy en zyn Hoog Edele altyt met vred blyven.

Ik blyve u dienaar en diensknecht
Lehana
Bathlokwas hoofd.

(Hierdie brief wat in 'n baie duidelike en netjiese handskrif is, is waarskynlik deur 'n Griekwa, moontlik 'n blanke, geskryf).

(g)

An zyn hog

Edele Kaptyn iek meuit (= moet) u meld een ⁴⁾ daat ⁵⁾ de menschen zan Zedooi is zeer ontrustig met de vleugt (= vlucht, vlug) van dous ⁶⁾ en iek weet nit wat om te deun (= doen) zoo mout (= moet) u my zegeen wat iek mout maak en ik wens ok nuwees toch te te verneem vaan ⁵⁾ ander kant hoe hiet (= het) is en hoe het gaan.

Ik blyf u
dienaar
J. B. Veltkornet.

(Handskrif van hierdie brief haas onleesbaar).

In spelling, taalgebruik en woordegebruik is daar heelwat in die boaangehaalde briewe wat ons herinner aan Neder-

¹⁾ Omdat daar altyd aan my getwyfel was.

²⁾ Belydenis gedoen het van sy dwaasheid.

³⁾ Uit die verband blyk dat *wordt* uitgelaat behoort te word.

⁴⁾ Melden; *een vir en* is die uitgang van *melden*.

⁵⁾ Vgl. voetnoot 3, bl. 135.

⁶⁾ Dois word bepaald bedoel Vgl. brief (a) bl. 132—133.

lands, dog ook aan die spreektaal van die kleurling. Die gebruik van *nuwes* vir *nuus*, *hat* vir *het*, *myn* vir *my*, *beest* vir *beeste*, *ik is nie staat*, ens. is kenmerkend van die spreektaal. In hoever die spelling *tesken* (< tusken = tussen), *dossie* (= dosie), *menshken* (< mensken = mense), *zwaak* (= swak), *haad* (< had = het,) *vleug* (< vlug) e.d.m. die gesproke taal weergee, is moeilik om te sê, daar die Griekwa, soos blyk uit die briewe, maar weinig idee het omtrent korrekte spelling en daarby ook baie inkonsekwent is.

AANHANGSEL III.

(Rehoboth-Basters).

In offisiële korrespondensie word, soos reeds aangetoon, „Hoog Hollands” gebruik; in minder mate in private briewe, die taal waarvan in hoofsaak ooreenkom met die daaglikse omgangstaal.

Vir verordeninge, aanmaninge, ens. kyk bl. 120—121.

OFFISIËLE KORRESPONDENSIE.

(a)

Ik de ondergetekende Provisionele Kapt. stell de Kaptein Raad (= raadslid) G. C. in myn plaats aan om myn ambt te ageren,¹⁾ tydens myn afwesigheid naar myn farm.

X. Y.

(b)

Geachte Burgers van Rehoboth,

Gy zult misschien verlangende ook nieuwsgierig zyn om te weten omtrent die uitnodiging van — —. Ik moet u be-tuigd dat wy niet veel hadden (= hebben) u mee te delen, hoewel ik niet onwillig was, had het my niet in geheel te-vrede gestel — — — ens.

PRIVATE KORRESPONDENSIE.

(c)

Miss — — —

Ge Lieve niegie²⁾ hiermeede verleen ik my een wynieg³⁾

¹⁾ Verwarring tussen: *in my plek te ageer* en *my amp(pos) te beklee*.

²⁾ Die uitspraak lui gewoonlik *negie*; *niegie* daarenteë het ek nooit hoor sê nie. Soos in baie gevalle in hierdie briewe moet 'n mens die eienaardige spelling bloot toeskrywe aan onkunde.

³⁾ Moontlik moet 'n mens hier dink aan Duitse invloed.

tyd om aan u deze paar regels te verhaal het gaan nog goet met ons allen ver der is hier niet Nuwies om aan u te schreiven nie verder stuur ik ver u biekie — — — verder Ge lieve ik het nog nooit van ik my verstand gekryg het zoo wat een onsmakleek ¹⁾ kreesmes gehat nie kreesmes was nog nie zoo onsmakleek nie Nuiw ²⁾ Jaar (het) ik nie eers kos gehat om te vreet nie dat is op die Nuiw Jaarsdag wat ik brief schreiven.

miet Groete
van ik uwe suster. ³⁾

(d)

Lievste M — —

Ik mankeer absolut ⁴⁾ niets, ik is ⁵⁾ baje stories angedra maar ik het moes al vir jou gezeh dat ik my nie daran steur nie. Ik glo hullemaal ⁶⁾ an jou dat je voor jou goed gedrag het, maar my gevoelentheid ⁷⁾ van gister wil nog nie hullemaal van van myn hart gaan.

Ik zal maar vanavond gaan dans om weer plezierag te word.

Baje groete
Je Swiethart.
